STMA-BIB

# DIE PSIGOLOGIE VAN BELANGSTELLING, HISTORIES EN EKSPERIMENTEEL ONDERSOEK.

'n Verhandeling ingelewer vir die

Graad van Magister Scientiae

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

deur

R. G. Kriel, Honns. B.Sc.

P.U. vir C.H.O.,

Potchefstroom.

November 1952.

## VOORWOORD:-

By die aanbieding van die verhandeling vir die voltooiing van die M.Sc-graad in Sielkunde, kan nie nagelaat word om 'n paar persone te bedank nie.

Ten eerste wil ek van die geleentheid gebruik maak om my ouers wat verantwoordelik was vir my geleerdheid, die grootste present wat moontlik aan iemand gegee kan word, opreg te bedank vir al hulle belangstelling, finansiële hulp, liefde en bemoediging gedurig ervaar.

Ook Professor J.M. Hattingh, vir sy onskatbare leiding, behulpsaamheid en bereidwilligheid. Hy was voorwaar 'n vriend in nood.

Dan ook alle proefpersone, vir hulle geduld en beskikbaarstelling vir hierdie ondersoek.

Ten slotte net 'n woord van bedanking teenoor die inrigting, nl. die P.U. vir C.H.O., en sy personeel, waar ek my hele universitêre opleiding gehad het.

Die Skrywer.

P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.
November 1952.

INHOUD.

Voorwoord .................................... bl. ii

HOOFSTUK I:

Wat is Belangstelling? .................. bl. 1

1. Algemeen .......................... bl. 1
2. Definisie van belangstelling ...... bl. 1
   (a) Kenlewe en belangstelling .... bl. 4
   (b) Gevoelslewe en belangstelling .. bl. 4
   (c) Strewingslewe en belangstelling .. bl. 5
      (1) Laere behoefte ............ bl. 5
         (i) Voedingsdrif ........ bl. 5
         (ii) Weetdrif ............ bl. 5
         (iii) Bewegingsdrif ........ bl. 5
      (2) Hoëre strewings ........... bl. 6
3. Belangstelling en aandag .............. bl. 7
   (1) Aard van die prikkels .......... bl. 8
   (2) Kenlewe ........................ bl. 8
   (3) Gevoelslewe .................... bl. 9
   (4) Strewingslewe .................. bl. 10
   (5) Aandag en „ onmiddellike" en „ verwyderde" belangstelling ..... bl. 10
4. Belangstelling en kennis ............ bl. 11

HOOFSTUK II:

Die Genese van Belangstelling ............ bl. 12

1. Algemeen .......................... bl. 12
2. Belangstelling by verskillende ouderdomsgroepe .......................... bl. 12
   (a) 0 – 3 jaar .................. bl. 12
   (b) 3 – 6 jaar .................. bl. 14
   (c) 6 – 12 jaar .................. bl. 17
   (d) 12 – 16 jaar .................. bl. 22
   (e) 16 – 24 jaar .................. bl. 26
   (f) Volwassenes .................. bl. 27
3. Ontwikkeling en ontplooiing van belangstelling .......................... bl. 29

## HOOFSTUK III:


Permanentheid van Belangstelling ......... bl. 33

1. Algemeen ......................... bl. 33
2. Permanentheid van belangstelling by verskillende groepe ................ bl. 34
   (a) Laerskoolkind ................ bl. 34
   (b) Middelbare skoolkind .......... bl. 35
   (c) Kollege- en universiteitstudent . bl. 37
   (d) Ouer mense ................ bl. 39
3. Permanentheid van belangstelling en seks ............................ bl. 40
4. Permanentheid van belangstelling en omgewingsinvloede ................. bl. 41
5. Samevattende gevolgtrekking ....... bl. 42


## HOOFSTUK IV:


'n Saaklike Historiese Oorsig oor die Studie van Belangstelling .................... bl. 44

1. Algemeen ......................... bl. 44
2. Subjektiewe belangstelling ......... bl. 44
   A. Vraelysmetode ................ bl. 44
      (i) Spesiale en algemene belangstellingvraelyste .......... bl. 44
      (ii) Historiese oorsig oor die vraelysmetode ............. bl. 45
         (a) Eerste gestandardiseerde vraelys ............. bl. 47
         (b) STRONG se beroepsbelangstellingsvraelys ....... bl. 50
             Kritiek op STRONG se vraelys ............. bl. 52
         (c) KUDER se voorkeur-rekord bl. 52
   B. Die Waarderingskaal-metode ...... bl. 54
3. Objektiewe belangstelling .......... bl. 56
   (a) Informasietoets ............... bl. 56

(b) Vrye-assosiasie-metode ......... bl. 59
(c) Woordassosiasie-leertoets ....... bl. 60
(d) Materiaalafleidingtoets ......... bl. 61
(e) Ander objektiewe maatstawwe ...... bl. 61
4. Kritiese opmerking ................. bl. 62

<u>HOOFSTUK V:</u>

<u>'n Eksperimentele Ondersoek na die Aard en Wese van Belangstelling</u> ...................... bl. 65
1. Algemeen ........................... bl. 65
2. Keuse van eksperimente vir hierdie ondersoek ........................ bl. 65
3. Eksperiment No. 1 ................. bl. 66
(a) Gewysigde STRONG se beroeps-belangstellingvraelys .......... bl. 66
(b) Doelstelling .................. bl. 66
(c) Apparaat ...................... bl. 66
(d) Metode ........................ bl. 70
(e) Proefpersone .................. bl. 70
(f) Resultate ..................... bl. 71
(g) Bespreking van die resultate .... bl. 79
(1) Voor- en afkeur van beroepe . bl. 79
(2) Voor- en afkeur van tydverdrywe bl. 86
(3) Voor- en afkeur van universiteitsvakke ............... bl. 92
(h) Samevatting van die hoofresultate bl. 98
(1) Sosiale status .............. bl. 98
(2) Akademiese opleiding ........ bl. 99
(3) Persoonlike veiligheid ...... bl. 99
(4) Rasseverskille en -opvoeding . bl. 99
(5) Rypheidstadium .............. bl. 99
(6) Studierigting ............... bl. 100
(7) Onbekendheid en assosiasie met ander vakke .................. bl. 100
(8) Omgewingsinvloed ............ bl. 100

(9) Vroeëre ondervinding ......... bl. 101
(10) Vaardigheid en aanleg ....... bl. 101
(11) Algemeen .................. bl. 101
(i) Waarde van hierdie eksperiment .... bl. 101
4. Eksperiment No. 2 .................... bl. 102
(a) Meting van belangstelling deur advertensies .................. bl. 102
(b) Doel ......................... bl. 102
(c) Apparaat ..................... bl. 102
(d) Metode ....................... bl. 102
(e) Proefpersone ................. bl. 103
(f) Resultate .................... bl. 103
(g) Bespreking van die resultate .... bl. 104
1. Geheue-voorkeur by mans ....... bl. 104
(i) Hoogste rangordewaardes .. bl. 107
(ii) Laagste rangordewaardes .. bl. 110
(iii) Samevatting ............ bl. 111
11. Geheue-voorkeur by dames ...... bl. 111
(i) Hoogste rangordewaardes .. bl. 114
(ii) Laagste rangordewaardes .. bl. 117
(iii) Samevatting ............ bl. 118
111. Geheue-voorkeur by al die proefpersone ................... bl. 118
(i) Hoogste rangordewaardes .. bl. 121
(ii) Laagste rangordewaardes .. bl. 122
IV. Samevattende gevolgtrekkings .. bl. 124
(h) Waarde van hierdie eksperiment .... bl. 124
5. Eksperiment No. 3 .................... bl. 125
(a) Meting van belangstelling deur die vrye-assosiasietoets ............ bl. 125
(b) Doelstelling ................. bl. 125
(c) Apparaat ..................... bl. 125
(d) Metode ....................... bl. 126
(e) Proefpersone ................. bl. 127
(f) Resultate .................... bl. 127

(g) Bespreking van die resultate ..... bl. 127

1. Algemeen .................... bl. 127

11. Analise van algemene tendense bl. 128

111. Samevatting van die gevolgtrekkings ........................ bl. 144

(h) Waarde van hierdie eksperiment ... bl. 145

HOOFSTUK VI:

'n Samevattende Beskouing: .................. bl. 147

1. Algemeen ............................ bl. 147

2. Bevindings deur eie ondersoek ....... bl. 148

3. Slot-beskouing ...................... bl. 151

BIBLIOGRAFIE ............................... bl. 152


==============

# HOOFSTUK I.

## Wat is Belangstelling?

1. ALGEMEEN:-

Hierdie probleem is veral vanuit twee hoof bedrywe benader, nl. (a) van die kant van die opvoedkunde en (b) deur die beroepsleiding en -seleksie vir die nywerheid. Die opvoedkunde het te doen met die opvoeding van die kind en moet kennis dra van sy verskillende vermoëns, waaronder belangstelling op die verskillende rypingstadia val. Veelvuldige navorsing is op hierdie gebied gedoen soos uit hierdie studie sal blyk. Die vertakking van die Sielkunde wat hom veral met beroepseleksie besig hou, beskou belangstelling as een van die faktore wat in aanmerking geneem moet word, by die keuring van werknemers. Daar word vandag nog selfs veel navorsing in hierdie spesifieke verband gedoen. GARRISON [1] kom egter tot die gevolgtrekking dat die teenswoordige peil van die meting van belangstelling net 'n bietjie meer gevorderd is as wat dit die geval was met die meting van intelligensie gedurende die vroeë deel van hierdie eeu. Wat blykbaar die meeste nodig is, is 'n analise, 'n verandering en 'n verfyning van die metodes wat tot dusver ontwikkel is.

Wat in hierdie studie beoog word, is 'n saaklike oorsig van die probleem „belangstelling", die aard daarvan, en soos dit hom in die menslike persoonlikheid voordoen. Met ander woorde hier sal hoofsaaklik op die akademiese sy toegespits word en minder op die toepassing daarvan.

2. DEFINISIE VAN BELANGSTELLING:-

Belangstelling (Engels „Interest", afkomstig van die Latynse woord „inter-esse" wat beteken „tussen" en „daarby te wees") word deur verskillende skrywers op verskillende wyses gedefinieer. 'n Groot aantal definisies

bevat/..........

---

1) Garrison, K.C.: A Study of the Interests of College Students; Psychol. Monogr., 1938, 50, 5, bl. 186.

bevat dieselfde gedagtes, met kleinere verskilpunte. Aan die hand hiervan word 'n definisie apriories geformuleer, wat in die slotbeskouing, nadat ons eie eksperimentele navorsing geanaliseer is, gewysig of bevestig mag word.

Wanneer verskillende definisies van belangstelling geanaliseer word, is dit duidelik dat dit 'n bepaalde bewussynstoestand (STOUT en BALDWIN [1]) of 'n bepaalde psigiese toestand van die persoonlikheid is, waarin daar 'n neiging of strewing of dryfkrag aanwesig is (SCHELVEN [2], WOODWORTH [3]) na iets wat vir die persoon ekonomiese e.a. voordeel sal hê (WEBSTER [4], Encyclopaedia Britannica [5], COETZEE [6]) of wat aan die vervulling van 'n bepaalde behoefte kan voldoen (PERRY [7]). Hierby is altyd 'n sterk gevoels-element werksaam (WEBSTER [4], WOODWORTH [3], BIGOT en KOHNSTAMM en PALLARD [8], BROOKS [9], Consolidated Encyclopaedia [10]), maar selfs die intelligensie kan hierby 'n sekere rol speel (WEBSTER [4], SCHELVEN [2], BIGOT en KOHNSTAMM en PALLARD [8]).

Belangstelling/......

---

1) Mellone, S.H. and Drummond, H.: Elements of Psychology; William Blackwood and Sons, London, MCMVII, bl. 130.

2) Schelven, T.H. van: Psychologie van het Kind; N.V. Uitgevers-Maatschappij „Kosmos", 1934, bl. 62.

3) Woodworth, R.S.: Dynamic Psychology; Columbia Univ., New York, 1918, bl. 74.

4) Webster's International Dictionary; Published by G. and C. Merriam Company, Springfield Mass., 1905.

5) Encyclopaedia Brittannica; Vol. 14, Eleventh Edition, bl. 684.

6) Coetzee, J.C.: Inleiding totdie Algemene Empiriëse Opvoedkunde; Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1942, bl. 206.

7) Perry, R.B.: General Theory of Value. Its Meaning and Basic Principles Constructed in Terms of Interest; Longmans Green and Company, New York, 1926, bl. 183.

8) Bigot, L.C.T., Kohnstamm, Ph., Pallard, B.G.: Leerboek der Psychologie; J.B. Wolters' Uitgeversmaatschappij, Groningen, 1948, bl. 165.

9) Brooks, F.D.: Child Psychology; Houghton Mifflin Company, New York, 1937, bl. 343.

10) Consolidated Encyclopaedia; Vol. 5, Consolidated World Research Society Ltd., London.

Belangstelling is 'n verskynsel wat nie tot 'n bepaalde vermoë behoort nie, maar tot die ganse sielestruktuur. „Belangstelling is een blÿvend overhellen van de ganse psyche naar een bepaald waarden-gebied" (ROMBOUTS [1]).

As 'n gevoel en strewing vereis dit kennis, want teenoor die onbekende staan 'n mens onverskillig, maar sodra ons iets van 'n saak af weet, dan raak dit ons belangstelling, wat ons dan daarvoor „warmer" maak, namate ons meer daarmee vertroud raak. 'n Bepaalde voorwerp word dus deur die kenne, gevoel en strewings benader (BIGOT en KOHNSTAMM en PALLARD [2]).

Dit is dus duidelik dat belangstelling, in die lig van die moderne sielkunde, veel meer as 'n blote funksie is, maar dat dit eerder as 'n persoonlikheidshouding beskou word, wat van die EK uitgaan. M.a.w., belangstelling sny vertikaal deur die hele persoonlikheid met al sy lae of sfere, van die hoogste tot die laagste. Dit het dus betrekking op die geestelik-psigiese sfeer, met al die hoër geestelik-psigiese prosesse, soos die religieuse, etiese, estetiese, juridiese, ens. Dit het ook betrekking op die bioties-psigiese sfeer, wat te doen het met die emosionele, intelligensie, drifte, ens. Maar dit het selfs te doen met die bioties-fisiologiese sfeer en die fisiko-chemiese sfeer, want belangstelling staan ook in nou verband met liggaamskrag, frisheid, klierwerking, ens. Dus kan belangstelling enersyds gesien word in die lig van die persoonlikheidsfere of -lae, maar andersyds ook in die lig van die hele persoonlikheid, met sy ken-, gevoels- en strewingslewe, 'n persoonlikheid wat tegelyk individueel, sosiaal en religieus is, soos hieronder verder uiteengesit word.

(a)/...........

---

1) Rombouts, F.S.: Zielkundige Begrippen; Drukkery van het R.K. Jongensweeshuis, Tilburg, 1945, bl. 173.

2) Bigot, L.C.T., Kohnstamm, Ph., Pallard, B.G.: t.a.p., bl. 165.

(a) Die Kenlewe en Belangstelling:-

'n Mens stel belang in sake en dinge waarvan hy 'n goeie kennis dra. So sal 'n Sielkundige in daardie gedeelte van sy vak, waarvan hy goeie kennis dra, belangstel. Maar hy sal ook in die onbekende, wat vir hom slegs ten dele of vaag bekend is, belangstel, omdat hy deur nuuskierigheid geprikkel word om meer te wil weet. Die kind wil gedurig meer weet van die son en maan, elektrisiteit, dierelewe, ens., d.i. sy omgewing wat hy wel as waarnemingsvoorwerp ken, maar waarmee hy origens ten dele onbekend is.

Die term belangstelling word ook gebruik om 'n betreklik stabiele toestand of neiging van die verstand aan te toon, aldus MELLONE en DRUMMOND [1]. So het ons byvoorbeeld permanente organiese belangstellings, waarsonder ons nie sou kon voortbestaan nie, soos die veiligheid van ons liggaam en bevrediging van ons behoeftes. Dan is daar ook individuele belangstellings wat soms veranderlik is. So stel ons byvoorbeeld belang in Sielkunde, Fotografie ens., alhoewel ons op die oomblik nie aan hulle dink nie. Indien iemand byvoorbeeld van fotografie praat, plaas ons die nuwe informasie by die oue, terwyl die oue verander word om by die nuwe aan te pas, terwyl die nuwe na aanleiding van die oue ondersoek word, en die hele proses word vergesel deur 'n gevoel van aangename opgewondenheid wat ons „belangstelling" noem.

(b) Die Gevoelslewe en Belangstelling:-

Dit is 'n bekende feit dat as 'n persoon bedroef of teneergedruk voel, daar 'n afstomping van die belangstelling in die meeste dinge plaasvind. So sal iemand wat so pas 'n naasbestaande deur die dood verloor het, nie in sy werk, sport ens. belangstel nie. Die ontwaakte seksgevoel by die kind gee aanleiding tot baie seksuele belangstelling,

byvoorbeeld/.....

---

[1] Mellone, S.H. and Drummond, H.: t.a.p., bl. 126.

byvoorbeeld in die teenoorgestelde seks, sekere boeke, ens., terwyl die ou belangstellings stadigaan afneem.

Belangstelling kan ook vanself „ aangenaam" en in die teenoorgestelde geval „ pynlik" wees, selfs t.o.v. dieselfde ding. As 'n familielid in die oorlog is, is dit „ pynlik" omdat ons aan die onheilspellende dinge wat met hom kan gebeur, dink. Dit is egter „ aangenaam" as ons reken dat niks met die soldaat kan gebeur nie en ons gevolglik net dink hoe hy gaan presteer en bevorder word.

(c) <u>Die Strewingslewe en Belangstelling</u>:-

(1) <u>Laere Behoeftes</u>:

By die kind word die belangstelling bepaal deur die natuurdrifte (voedingsdrif, weetdrif ens.) en die laer gevoelens.

(i) Voedingsdrif: Vanaf geboorte tot ongeveer drie jaar stel die kind die meeste belang in voedsel en dinge wat daarmee gepaard gaan.

(ii) Weetdrif: Die weetdrif is baie nou verbind met die opmerksaamheid en belangstelling (COETZEE [1]), wat as prikkels daarvan dien. Die vrae van die kind tussen drie en tien jaar is 'n soeke na die logiese grond, die materiële oorsaak en die uiteindelike doel. Uit die vrae blyk dit dat die kind 'n teoretiese belangstelling besit.

(iii) Bewegingsdrif (Spel): Een van die kragtigste belangstellings van die kind en adolessent is die spel. Gedurende die klein kinderjare stel die kind belang in alle voorwerpe (sy eie liggaam ingesluit), wat spelend ondersoek word.

(2) Hoëre/...

---

[1] Coetzee, J.C.: t.a.p., bl. 216.

(2) Hoëre Strewings:-

Die belangstelling van enige persoon word dadelik geprikkel as enige iets homself voordoen wat tot gevolg sal hê dat die persoon sy ideaal in die lewe verwesenlik, of waardeur hy sy posisie in die wêreld materieel of sosiaal sal kan verbeter. Dit is 'n feit dat 'n baie geringe prikkeling - somtyds net die blote vermelding van 'n woord - 'n verstandelike opwinding kan veroorsaak wat soms ure neem om te bedaar. Omdat die belangstellings so sensitief vir prikkeling is, vorm hulle in die volwasse lewe die hoof-dryfvere van ons handelinge. Die eienaardighede van die aandagsproses maak dit onmoontlik vir hulle om altyd in die bewuste te bly; hulle trag egter gedurig om in die bewuste te kom en hulle bereik dan hulle doel wanneer 'n geringe prikkeling hul versterk of wanneer daar vir 'n oomblik 'n vakuum ontstaan.

Op al hierdie gebiede het ons met die persoonlikheid as indiwidu te doen, waar hy slegs met homself en sy fisiese omgewing te doen het. Wanneer sy belangstelling na sy medemens uitgaan (kenne, gevoel, strewing), tree die sosiale persoonlikheid in werking, en sy religieuse persoonlikheid as hy met God of 'n god te doen kry.

Belangstelling is een van die magtigste motiewe in die lewe van die mens (COETZEE [1]) en is die sterkste spoorslag van die verstand, gevoel en wil - dit bring die hele siel in intensiewe aksie. Dit bepaal dus ten slotte die waarde van die ganse lewe (ROMBOUTS [2]).

Belangstelling/....

---

1) Coetzee, J.C.: t.a.p., bl. 205.

2) Rombouts, F.S.: t.a.p., bl. 174.

3. BELANGSTELLING EN AANDAG:-

Een van die persoonlikheidsfunksies waarmee belangstelling in die nouste verband staan, is aandag.

Baie navorsers het belangstelling in terme van aandag gedefinieer, soos die Consolidated Encyclopaedia [1], wat belangstelling beskou as die emosionele sy van aandag, terwyl BROOKS [2], WARREN [3], REYBURN [4] dit beskou as 'n aangename gevoel wat ontstaan a.g.v. aandag wat aan iets gegee word. Waar BROOKS [2] belangstelling verder beskou as 'n oorsaak van aandag, sê WARREN [3] dat dit 'n houding is wat gekenmerk word deur die aandag te vestig op sekere verwante gegewens.

MELLONE en DRUMMOND [5] sê egter dat belangstelling wel deur verskeie denkers i.v.m. aandag gedefinieer word, maar dat die woord beslis 'n wyer betekenis het. Hierdie bewering word ook deur REYBURN [4] onderskryf waar hy sê dat aandag en belangstelling wel baie nou aan mekaar verbind is, maar dat belangstelling 'n wyer reaksie is wat aandag as 'n deel daarvan insluit.

Op die vraag wat aandag is, kan geantwoord word dat dit 'n selektiewe deelakte van die waarneming is (BORING, LANGFELD en WELD [6]), waardeur op bepaalde prikkels gelet en gekonsentreer word, terwyl ander verontagsaam word. Hierdie proses hang ten nouste saam met die hele persoonlikheid (HATTINGH [7]). Ons/.......

---

1) Consolidated Encyclopaedia; t.a.p., Vol. 5.
2) Brooks, F.D.: t.a.p., bl. 343.
3) Warren, H.C.: Dictionary of Psychology; Houghton Mifflin Company, New York, 1934, bl. 141.
4) Reyburn, H.A.: Introduction to Psychology; Maskew Miller Ltd., Cape Town, bl. 121.
5) Mellone, S.H. and Drummond, H.: t.a.p., bl. 126.
6) Boring, E.G., Langfeld, H.S., Weld, H.P. : Foundations of Psychology; John Wley and Sons, New York, bl. 218.
7) Hattingh, J.M.: Die Vraagstuk van die Waarneming van Visuele Bewegingsillusie, Histories, Prinsipieel en Eksperimenteel Ondersoek; Ongepubliseerde dissertasie aan die Univ. van S.-Afr., 1946, bl. 71.

Ons het reeds daarop gewys dat belangstelling ook ten nouste saamhang met die hele persoonlikheid, net soos aandag. Laat ons dus die verskil tussen die twee probeer aantoon.

(1) Aard van die Prikkels:- Prikkels van groot intensiteit, byvoorbeeld 'n bomontploffing, trek gewoonlik die aandag, terwyl 'n mens nie noodwendig daarin sal belangstel nie. Aandag kan egter ook deur 'n baie swak prikkel opgewek word, mits dit met belangstelling gepaard gaan. 'n Persoon hoor bv. nie die geluide van motors en vragmotors in die straat nie, maar 'n sagte fluister-gesprek in sy omgewing oor iets waarin hy belangstel, sal onmiddellik die aandag trek en dit tot 'n buitengewone graad hou.

(2) Kenlewe:- Deur kennis word aandag sowel as belangstelling gelei. Geskikte weidings sal 'n boer se aandag in beslag neem, omdat hy daarin belangstel. Ons neem iemand kwalik wat ons nie meer herken of ons naam vergeet het, want ons voel dan dat die persoon nie genoeg aandag aan ons gegee het toe hy ons ontmoet het nie, omdat hy nie in ons belangstel nie, want „Wij vergeten wat wij willen vergeten, wij onthouden wat wij willen behouden, wat wij met belangstelling in ons opnamen" (BAVINCK[1]). MELLONE en DRUMMOND [2] sê dat as ons belangstelling beskou as 'n werklike ervaring van die verstand op die moment wanneer dit ondervind word, vind ons dat dit altyd vergesel word deur aandag, gewoonlik deur aandag van 'n baie hoë graad.

Belangstelling/......

---

1) Bavinck, J.H.: Inleiding in de Zielkunde; J.H. Kok, N.V. te kampen, 1935, bl. 118.

2) Mellone, S.H. and Drummond, H.: t.a.p., bl. 126 - 130.

Belangstelling is dus altyd afhanklik van aandag, en hoe groter die belangstelling (of dit „pynlik" of „aangenaam" is), hoe groter is die aandag (Consolidated Encyclopaedia [1], MELLONE en DRUMMOND[2]). Die teenoorgestelde kan egter nie beweer word nie, nl. dat aandag altyd van belangstelling afhanklik is. Ons kan aandag aan 'n advertensie in 'n koerant gee sonder om daarin belang te stel, bloot weens die posisie op die blad, kleure ens. van die advertensie. Ook is dit nie die algemene reël nie, dat hoe groter die aandag, hoe groter die belangstelling. Waar die veranderinge in die intensiteit van die twee prosesse, belangstelling en aandag, nie ooreenstem nie, moet daar 'n faktor wees wat een of beide beïnvloed, wat nie die ander in dieselfde graad beïnvloed nie. Die faktor is blykbaar die verband wat die objek van die aandagsproses tot die „self" het. Die self word beskou as 'n min of meer „unified system of ends". By lang berekeninge, soos by wetenskaplike navorsing en enige proses wat lang periodes van meganiese arbeid vereis, is die verband nie merkbaar en die belangstelling gevolglik nie teenwoordig nie. Wanneer ons egter 'n resultaat bereik wat vir jare se arbeid sal vergoed, dan verskyn belangstelling.

(3) <u>Gevoelslewe</u>:- Aan elke bewussynsinhoud sit 'n sekere gevoel wat wissel tussen 'n aangename en onaangename, soms swakker en soms sterker. Veral sterk gekleurde elemente, d.i. inhoude met aangename of onaangename gevoel, maak ons opmerksaamheid

gaande/..........

---

[1] Consolidated Encyclopaedia; t.a.p., Vol. 5.

[2] Mellone, S.H. and Drummond, H.: t.a.p., bl. 126 - 130.

gaande. Belangstelling wortel ook in die gevoel en is ten dele gevoel (ROMBOUTS [1]). Dat gevoel hier die hoof faktor is, blyk uit die feit dat sterk sinlike prikkels wel die spontane aandag opwek, dog slegs vir 'n oomblik. As die prikkel ons nie interesseer nie, verdwyn die opmerksaamheid meestal heel gou. Daarteenoor staan dat selfs swak prikkels deur ons opgemerk en vasgehou word, as ons daarvoor voel. So kan twee persone dieselfde koerant lees en dan kan dit gebeur dat die een 'n sekere nuusitem of artikel nie opmerk nie, terwyl die ander dit dadelik raaksien omdat hy daarin belangstel.

(4) Strewingslewe:- Deur behoefte kom belangstelling en dus ook aandag: 'n Mens stel belang in dinge waarin of waarvoor 'n behoefte gevoel word en dit trek dadelik die aandag. 'n Persoon met 'n stukkende skoen sal deur 'n skoenmaker opgemerk word. In die advertensiekolomme van 'n koerant sal sekere advertensies raakgesien word en ander nie, op grond van behoeftes en strewings.

(5) Aandag en „ onmiddellike" en „ verwyderde" belangstelling:- Belangstelling mag of „ onmiddellik" of „verwyderd" wees. Dit mag in die ding self of in die doel wees wat behaal word deur aandag aan die ding te gee. 'n Kind se belangstelling in 'n helder prent is heel moontlik „ onmiddellik", terwyl sy belangstelling in die gedrukte woord heel moontlik „ verwyderd" is. Hy gee aan die woord aandag, omdat daar iets meer as die woord self is. Hy mag in die storie belangstel of hy mag die goedkeuring van 'n

ouer/..........

---

[1] Rombouts, F.S.: t.a.p., bl. 22.

ouer of onderwyser verlang. Hierdie „verwyderde" belangstelling word as't ware op die woord oorgedra, wat andersins geen aandag sou ontvang nie, en die woord sal nou heelmoontlik „onmiddellik" interessant word weens die aandag wat dit ontvang.

4. <u>BELANGSTELLING EN KENNIS</u>:-

MELLONE en DRUMMOND [1] sê dat kennis nooit plaasvind sonder dat daar tenminste 'n bietjie belangstelling in die objek is nie, maar ons kan nie belangstel in iets sonder om geen kennis daarvan te hê nie, al is dit hoe elementêr en vaag. Teenoor die onbekende staan 'n mens onverskillig, maar sodra ons iets van 'n saak weet, raak dit ons belangstelling, wat ons dan daarvoor „warmer" maak, namate ons meer daarmee vertroud word. Kennis wek dus belangstelling en belangstelling versterk weer die drang na kennis en so hou dit aan. Hierdie merkwaardige wisseling wat herhaaldelik in die psigiese lewe plaasvind, word die wet van die pendulum-invloed genoem (ROMBOUTS [2]).

Belangstelling, as 'n persoonlikheidshouding, word die mens nie sommer kant en klaar gegee nie. Nee, sy belangstelling is gedeeltelik aangebore, maar dan moet dit verder aangeleer en gelei word, m.a.w. dit moet ontwikkel en uitgebou word. Belangstelling is nie staties nie, maar dinamies-geneties. In die dinamies-genetiese kom verskeie faktore, eienskappe en tendense aan die lig.

---

1) Mellone, S.H. and Drummond, H.: t.a.p., bl. 70.

2) Rombouts, F.S.: t.a.p., bl. 173.

# HOOFSTUK 11.

## DIE GENESE VAN BELANGSTELLING.

### 1. ALGEMEEN:-

Belangstelling hang die nouste saam met persoonlike behoeftes, vermoëns en eienskappe, wat op verskillende rypingstadia en onder verskillende omgewingsfaktore tot uiting en ontplooiing kom. In 'n analise van die genetiese aspek sal die volgende in die oog gehou moet word:
(a) Individuele eienskappe en vermoëns, soos o.a. bioties-fisiologiese (bv. seks, liggaamlike afwykings, ens.), bioties-psigiese (drifte, stemminge, intelligensie ens.), geestelik-psigiese (sy lewensbeskouing en norme, ens.); (b) sosiale eienskappe: al die sake onder (a) genoem, sal ook gesien moet word in die persoon se houding en verhouding teenoor sy medemens; (c) religieuse eienskappe: die mens, individueel en sosiaal, moet ook as 'n religieuse wese beskou word, omdat l.g. sy lewenshouding en norme grotendeels beïnvloed en bepaal, en dus ook sy belangstelling. Die belangstelling by die mens is nie 'n konstante gegewe nie, maar is afhanklik van sy rypheid (wat ten nouste met ouderdom en opvoedingspeil saamhang), omgewing en konstantheid (korreleer met tydsbestek). In die analise sal dus uitgegaan word van die ouderdom wat as indeks dien vir die gemiddelde rypheid van die betrokke leeftyd, en daarby sal so ver moontlik al bogenoemde faktore ingewerk word. Hieruit sal 'n beeld gevorm kan word van die ontwikkelingsgang van belangstelling.

### 2. BELANGSTELLING BY VERSKILLENDE OUDERDOMSGROEPE:-

#### (a) 0 tot 3 jaar (klein kind).

Gedurende die kleinkinderjare is daar omtrent geen seksverskille vas te stel nie en alle voorwerpe asook die kind se eie liggaam word spelend ondersoek. Alles word gehanteer, geproe, ens. om bevrediging te gee aan die weetdrif, waarvoor die

kind/.......

kind se belangstelling en opmerksaamheid as prikkels dien (COETZEE [1], BROOKS [2] e.a.). Die hantering is vormloos, doelloos, alles is ego-sentries en individualisties van aard. Gedurende die eerste kinderjare neem die spel 'n dramatiese, nabootsende en selfs fantaserende vorm aan.

CLAPAREDE [3] sê dat die waarnemings-belangstelling dominerend in die vroeë kinderjare is, terwyl KENWRICK [4] sê dat die skeppingsimpulse, soos gesien in konstruktiewe werk, uitstaande tussen die belangstellings is en algemeen voorkom by die meerderheid van normale kinders. Die begin van hierdie skeppingsimpulse sien ons reeds in die suigelingsjare. In die babastadium bou die kind, breek af en herbou weer totdat die vernietigings-neigings stadigaan vervang en omgevorm word tot die hoëre en algemene belangstelling van skepping en konstruksie.

Die suigeling vertoon in sy gedrag reeds tekens van sosiale belangstelling en 'n outjie van ses maande wil reeds ander om hom sien, is gesellig, vriendelik, wil vertroos en gehelp word. Die klein kind stel nog nie belang in religieuse sake nie, want vir hom is daar geen mag bo moeder en vader nie.

Wat die konstantheid en eintlike ontwikkeling betref, sê RAND, SEVEENY en VINCENT [5] dat die kind

se/..........

---

1) Coetzee, J.C.: t.a.p., bl. 211.

2) Brooks, F.D.: t.a.p., bl. 346.

3) Bernfield, S.: The Psychology of an Infant; Kegan Paul, Trench, Trubner & Co. Ltd., London, 1929, bl. 70.

4) Kenwrick, E & M.: The Child from Five to Ten; Kegan Paul, Trench, Trubner & Co. Ltd., London, 1930, bl. 62 & 64.

5) Rand, W., Seveeny, M.E., and Vincent, E.L.: Growth and Development of the Young Child; Third Edition, W.B. Saunders Company, 1940, bl. 168.

se belangstelling veral vinnig uitbrei van nege tot agtien maande. Die kind se eerste belangstellings, aldus COETZEE [1], draai om suiwer persoonlike verhoudings, maar namate hy ouer word, verplaas hy sy belangstellings van die mens tot die objektiewe wêreld.

(b) 3 tot 6 jaar (voorskoolse kind).

Die intellektuele belangstelling wat deur die kind se vrae bepaal kan word, toon nie groot fundamentele individuele verskille nie, aldus BÜHLER [2]. Navorsing wat deur ELIZABETH, KAWOHL, en JEAN PIAGET onder BÜHLER plaasgevind het, het getoon dat die vrae van die 4-jaar-oud kind meer toegespits was op name, tyd en plek, terwyl die vrae wat vir die eerste keer by 6 jaar voorgekom het, 'n belangstelling in reëls en hoe dinge gemaak word, toon. Aktiwiteite en motiewe is die sentrale belangstelling van die voorskoolse kind en die skoolbeginner. BOTT [3] het die speel-belangstelling van kleuterskoolkinders nagegaan en gevind dat die „pattern toys" (nl. krale ens.) die speelgoed is wat die populêrste is, alhoewel die jonger kinders hierdie speelgoed hoofsaaklik gebruik het as materiaal om te hanteer en te dra. Onverwerkte materiaal soos bene, blokke, ens. is volgende op die voorkeurlys. Klein meganiese speelgoed het die minste voorkeur geniet.

VAN/......

---

1) Coetzee, J.C.: t.a.p., bl. 206.

2) Bühler, C.: From Birth to Maturity; Kegan Paul, Trench, Trubner, & Co. Ltd., London, 1935, bl. 134.

3) Bott, H.: Observation of Play Activities in a Nursery School; Genetic Psychol. Mono., 1928, 4, bl. 44 - 88.

VAN ALSTYNE [1] het die reaksies van meer as 'n 100 kinders t.o.v. 25 soorte speelmateriaal bestudeer en vasgestel dat vanaf twee tot vyf jaar daar 'n geleidelike verandering van belangstelling in speelmateriaal ingetree het, maar sulke materiaal soos blokke, klei en poppe het 'n sterk aantrekkingskrag vir al die ouderdomsgroepe gehad. Driejaaroud kinders het 'n groter belangstelling in balle, krale, klein motorkarretjies en skêre getoon, terwyl dié van vyf jaar 'n verhoogde belangstelling in pastelle getoon het. Die jongste kinders het genieg om meer met „aktiewe" materiaal te speel, terwyl die vyfjarige 'n gelyke belangstelling in aktiewe en sitspele getoon het. Seuns het meer as meisies in blokke, vragmotors, waens en klein motorkarretjies belanggestel, terwyl meisies meer in poppe, pastelle, skêre, klei, gekleurde kubusse en boeke, belang getoon het. Die seuns kies by voorkeur materiaal wat aktiewe spel inhou; dog die verskille tussen seuns en dogters is nie so uitstaande soos die ooreenkomste tussen die speelbelangstelling van die twee groepe nie.

Die resultate in die verskillende studies t.o.v. die orde van voorkeur van verskillende spele verskil heelwat. JERSILD [2] sê dat dit seker as gevolg van die feit is dat geen twee speelsituasies presies dieselfde is of dieselfde verskeidenheid van keuses bied nie. Ook die seisoen van die jaar, wanneer die studie gemaak word, en die metode wat

toegepas/........

---

1) Van Alstyne, D.: Play Behaviours and Choice of Play Materials of Preschool Children; University of Chicago Press, Chicago, 1932.

2) Jersild, A.T.: Child Psychology; Prentice-Hall. Inc., New York, 1944, bl. 435.

toegepas word, kan sy invloed laat geld. So het OSBORNE in 'n studie aangetoon dat die metode van direkte waarneming baie dinge openbaar wat kinders self nie in hulle verslae mag noem nie. Dit is ook moeilik om sonder 'n ietwat uitgebreide omskrywing of bykomstige waarneming net te sê wat 'n kind bedoel wanneer hy oor 'n gegewe item rapporteer. Dus twee kinders mag sê dat hulle van swem hou, maar een mag heeltemal in hierdie onderneming opgaan en baie tyd daaraan bestee, terwyl 'n ander in werklikheid min tyd of gedagte daaraan wy. Netso kan die bewoording van 'n vraag die reaksies in een of ander rigting swaai.

Wat die belangstelling in lees betref, vind ons dat die voorskoolse kind selde, indien ooit, iets lees en daar word maar gewoonlik aan hom voorgelees. Stories waarvan hy veral hou, is dié van diere, eenvoudige feitestories omtrent alledaagse gebeurlikhede. Hy sal selfs na prenteboeke kyk en rympies leer. (COETZEE [1], BROOKS [2], JERSILD [3], e.a.).

Ons sien dus dat die belangstelling van die voorskoolse kind nog meestal sentreer om spele en aktiwiteite wat grootliks individueel en enkelvoudig is, maar die sosiale belangstelling kom ook nou vinnig op die voorgrond deurdat die behoefte aan speelmaats toeneem en selfs vriendskappe gevorm word as een kind 'n ander help of tevrede stel. Vir die kleuter is daar egter nog geen seksonderskeid nie. Dit is egter nog te vroeg om enige ernstige religieuse belangstelling/...

---

1) Coetzee, J.C.: t.a.p., bl. 214.

2) Brooks, F.D.: t.a.p., bl. 354.

3) Jersild, A.T.: t.a.p., bl. 441.

belangstelling by die kind te bespeur. Sy religieuse handelings is bloot gewoontes; hulle is sintuiglik, egosentries en kinderlik.

(c) <u>6 tot 12 jaar (laerskoolkind)</u>.

Seksverskille is gedurende hierdie tydperk nog nie groot nie, maar die kragtige intellektuele belangstelling kom nou na vore, veral na die eerste elementêre klasse, en verander sodoende die kind se houding in baie opsigte teenoor sy skoolwerk, veral die intellektueel begaafde kind. So is die kind van 8 tot 12 jaar en veral na die negende jaar gretig en ambisieus deur die belangstelling in sy eie werk. Vanaf die negende jaar is die kind hoofsaaklik geïnteresseerd in tegniese probleme en werk. Een van die geliefkoosde dinge waarmee kinders van hierdie ouderdomstydperk hulle besighou, is om allerhande soorte van voorwerpe te versamel en weg te bêre. KENWRICK [1] beweer dat die versamelingsbelangstelling sy hoogtepunt by kinders van 8 tot 9 jaar bereik, alhoewel dit miskien al by die ses- of sewejarige opgemerk kan word. DUREST [2] het tot die gevolgtrekking gekom, na 'n studie van ongeveer 10,000 kinders en adolessente, dat agt tot dertien die mees kenmerkende ouderdomsgroep vir hierdie aktiwiteit was. 'n Weense studie wat deur BÜHLER [2] aangehaal word en deur LOTTE DANZINGER uitgevoer is met 'n paar honderd skoolkinders, toon aan dat 100% van die 11-12 jr.-seuns en 91% van die 11-12 jaar-dogters iets versamel het.

BÜHLER/..........

---

1) Kenwrick, E. and M.: t.a.p., bl. 192.

2) Bühler, C.: t.a.p., bl. 173 - 176.

BÜHLER het van die materiaal wat WHITLEY byeengebring het, die drie geliefkoosde items van seuns en dogters by verskillende ouderdomme uitgewerk (vir lys sien BÜHLER bl. 176). Uit hierdie lys blyk dit dat die verskille tussen seuns en dogters groter is as dié tussen die verskillende ouderdomme. Albasters, geldstukke, koepons en seëls is die gunstelinge by seuns. In vergelyking met die meer praktiese belangstelling van seuns, is dié van die meisie meer idealisties. Voorbeelde van skoolwerk, briewe, kiekies, tydskrifte en prentjies is hul hoofitems. 'n Meer materialistiese belangstelling by meisies kom tot uiting in die versameling van krale.

Die laerskooljare is jare van groot liggaamlike aktiwiteit en die kind speel nou meer intens as ooit tevore en as later. FARWELL [1] het die binnenshuise speelmateriaal van kindertuin- en eerste- en tweedegraad-kinders nagegaan en gevind dat seuns die meeste van boumateriaal, veral blokke, hou, terwyl verf- en model-maak-materiaal daarna volg. Die meisies het weer meer tyd bestee aan waterverf, terwyl kleimodelle en naaldewerk tweede gestel word. Meisies het meer as seuns belanggestel in ander mense en in huisraad, terwyl seuns meer meer in voertuie belangstel.

By die tiende of elfde jaar kry ons merkbare verskille in die speelbelangstelling. Die vry individuele speelaktiwiteite sonder reëls en kompetisie word nou vervang deur spele met reëls en met 'n sekere mikpunt of doel. Sulke spele is geneig om grootliks mededingend te wees met baie wedywering in die geval van seuns. Hier kry ons nou die eerste belangrike

seksverskille/.....

---

1) Farwell, L.: Reactions of Kindergarten First and Second Grade Children to Constructive Play Materials; Genetic Psychol. Mono., 1930, 8, bl. 431 - 562.

seksverskille, want gedurende die kleinkinderjare en kleuterjare is daar omtrent geen seksverskille vas te stel nie, soos ons alreeds aangetoon het. JERSILD [1] sê dat baie van die spele wat met toenemende ouderdom links laat lê word, dié is wat tot 'n groot mate uit groot spierkoördinasie bestaan, en baie van die bewegings wat hierin voorkom, word opgeneem in die meer ingewikkelde spele wat later ontstaan. 'n Ander vorm van spel wat vinnig met toenemende ouderdom afneem, is spele van 'n „verbeelding"-soort, o.a. Rooihuide, polisie, rowers, ens.

Die taalbelangstelling kom ook nou vinnig na vore gedurende hierdie tydperk, wanneer die kind begin om te lees. Waar hy vroeër op volwassenes moes staatmaak om die belangstelling in taal, deur stories, sang of gedigte te bevredig, lei die begeerte vir verdere ondervindinge hom om hulle deur die geskrewe woord te soek. Die hoeveelheid wat kinders lees, varieer egter met hul ouderdom, intelligensie en omgewing. Prenteboeke en veral natuurstories word by ses en sewe jaar gelees. Om en by agt jaar kom die belangstelling in feëverhale veral na vore. Kort daarna ontwikkel sterk belangstellings in boeke oor reise en biografieë. Seuns van tien of elf jaar is ook geneig om tot 'n sekere mate belang te stel in uitvindings en werktuigkunde, terwyl avontuur- en misterieverhale vanaf elf jaar geniet word. Belangstelling in wetenskap neem na hierdie jaar toe, terwyl natuur- en dierestories nie so populêr is nie. Meisies van tien en elf jaar hou nog van stories oor die huislike en skoollewe asook feëstories.

Vervolgens/.....

[1] Jersild, A.T.: t.a.p., bl. 438.

Vervolgens sál ons 'n paar navorsings i.v.m. die leesbelangstelling baie kortliks behandel.

CELESTINE [1] wat die leesbelangstelling van die elementêre grade nagegaan het, het gevind dat romans die oorheersende belangstelling van beide geslagte is, met seksverskille wat die tema betref. Sy sê dat seksverskille ongeveer by nege jaar al intree en dat meisies meer lees, maar dat seuns 'n wyer leesgebied het.

Dat die belangstellings op die primêre-skoolpeil nie hoogs gespesialiseerd is nie, word in 'n studie deur DUNN [2] aangetoon. Die kinders hou van stories wat verrassing en sameswering inhou; stories van diere vind veral by die seuns groot byval, terwyl meisies weer meer van kinders en alledaagse ondervindings hou. Daar was geen gegewens dat kinders van die primêre-skool-peil in 'n „ age of pure fancy" of dat legendes en volksages as 'n genre die mees interessante materiaal was nie.

LAZAR [2] wat 'n studie van die vierde tot die sesde graad gemaak het, het gevind dat die volgende elemente 'n groot aantrekkingskrag getoon het, nl. o.a. avontuur, aksie, opgewondenheid, realisme, spannende afwagting, dapperheid, sport, dierelewe, lugmasjiene en ander uitvindings.

Waar daar in die kleuterjare nog geen seksonderskeid was wat betref die sosiale belangstelling nie, begin daar nou langsamerhand 'n skeiding in te tree. Daar is verder ook belangrike verskille in

stabiliteit/....

---

1) Celestine, M.A.: A Survey of the Literature on the Reading Interests of Children of the Elementary Grades; Psychol. Abstr., 1930, 4, 11, 4487.

2) Jersild, A.T.: t.a.p., bl. 441 - 442.

stabiliteit, intimiteit en gehegtheid t.o.v. die kind se vriendskappe. Kinders met gelyksoortige kronologiese en verstandelike ouderdomme, met 'n gelyksoortige ontwikkelingsouderdom, met gemeenskaplike belangstellings en aktiwiteite, stel belang in mekaar en neig dus om maats te wees.

Die laerskooljare vorm die eintlike begin van die egte belangstelling in die religieuse sake - algaande leer die kind 'n mag bo vader en moeder aanvaar, erken en aanbid.

Die invloed van die omgewing op belangstelling kan veral gesien word in die ontwikkeling van die speelbelangstelling en beroepsbelangstelling. So sal die omgewing deelname in sekere speelaktiwiteite aanhelp en in ander weer beperk. Die feit dat die platteland dunner bevolk is, verklaar miskien gedeeltelik, aldus BROOKS [1], hoekom plattelandse kinders spele speel wat minder organisasie en spanwerk inhou. Verder moet die spele eenvoudig genoeg wees sodat selfs die jonger kinders hulle kan verstaan en daaraan kan meedoen. Die aard van die spele word ook beïnvloed, bv. by alle ouderdomme is die persentasie plattelandse kinders wat aan klim-aktiwiteite deelneem, baie groter as die van die kinders in die stad.

Die beroepsbelangstelling van die kind het min betekenis t.o.v. wat hul werklike volwasse keuses sal wees of t.o.v. hul beroepsbekwaamheid, want die beroepsbelangstelling staan in hierdie tydperk in die teken van die kind se kinderspel en -nabootsing. Die kind sien in sy omgewing 'n besondere beroep beoefen, soos die van masjinis, en dit lyk vir hom

aantreklik/.....

---

[1] Brooks, F.D.: t.a.p., bl. 350

aantreklik. In sy spel sal hy dit ook beoefen en sê dat hy eendag 'n masjinis wil word (COETZEE [1]).

(d) 12 tot 16 jaar (puberteit - middelbareskoolkind)

Na 12 jaar en veral by die ouderdom van ryping kry ons meer en meer duidelike geslagsverskille, soos verderaan uit die lees- en beroepsbelangstelling blyk.

In 'n toets wat ROTHNEY [2] met publieke sekondêre-skoolseuns uitgevoer het, het hy gevind dat meer as 70% nie in skoolvakke belanggestel het nie, terwyl kerk- en skeppende aktiwiteite onder die 50%-merk kom, en die aktiwiteite waarin meestal belanggestel word, is reise, besoeke, atletiek, rolprente en lees.

Die maksimum belangstelling in lees is meestal so om en by die dertien, veertien jaar, moontlik weens die feit dat hoërskoolstudies en ander aktiwiteite van nou af meer van die kind se tyd in beslag neem. Wat die tipe van leesstof betref, vind ons dat daar by die ouderdom van twaalf-dertien 'n belangstelling in biografiese en historiese verhale is. Meisies toon egter 'n sekere belangstelling in volwasse romans. Vanaf veertien tot sestien is die seksverskille in leesbelangstelling duideliker merkbaar. Seuns stel baie belang in wetenskap, atletiek, werktuigkunde, uitvindings en die radio, asook in avontuurverhale. Meisies se oorheersende belangstelling is hoofsaaklik toegespits op volwasse romans en avontuurverhale, en tot 'n kleinere mate op jeugromans.

Verskeie/......

---

1) Coetzee, J.C.: t.a.p., bl. 219.

2) Rothney, J.W.M.: Interests of Public Secondary School Boys; Psychol. Abstr., 1938, 12, 5, 2651.

Verskeie navorsings i.v.m. die lees-belangstelling is uitgevoer, soos o.a. die van MALCHOW [1] met 1387 juniorhoërskoolseuns en -dogters, en hy het gevind dat seuns, in die volgorde van voorkeur, die meeste geïnteresseerd was in dierestories; daarna in avontuurverhale; dan in stories van seuns en dogters wat hulle in streke en moeilikheid bevind; stories wat nuwe plekke, mense en gewoontes voorstel; boeke omtrent oorloë en gevegte; ware stories omtrent seuns; voorvalle wat baie aksie inhou; humoristiese poetse en moeilike posisies. Die dogters stel nou weer die meeste belang in misterieverhale; dan in verslae van huislike lewe en familielede; stories van die alledaagse lewe; avonture; stories van seuns en dogters wat hulle in streke en moeilikheid bevind; humoristiese poetse en moeilike posisies; boeke wat nuwe plekke, mense en gewoontes voorstel; verslae van arme en verstote mense - (Voorkeure in volgorde genoem).

Resultate wat ELDER en CARPENTER [2] van 'n vraelys wat aan 487 hoërskoolkinders in New York gegee is, verkry het, toon dat meisies meer romans lees en meer daarvan hou as enige iets anders. Gedurende die eerste twee jaar van die hoërskool is daar 'n duidelike ontwikkeling van die eenvoudige liefdesverhaal en misterieverhaal tot karakterstudies en realistiese stories, wat 'n groeiende ontwikkeling van smaak vir beter literatuur aantoon.

Wat/............

---

1) Malchow, E.C.: Reading Interests of Junior High School Pupils; Psychol. Abstr., 1937, 11, 7, 3430.

2) Elder, V; and Carpenter, H.S.: Reading Interests of High School Children; Psychol. Abstr., 1929, 3, 8, 3367.

Wat die verskil tussen die verskillende rasse betref, het AI [1] nadat hy toetse met Chinese kinders uitgevoer het, gevind dat die leesbelangstelling baie met dié van die Amerikaanse kinders ooreenstem, ongeag die verskil in leesstof.

Met groter rypheid en ervaring word die jeugdige se benadering tot beroepskeuse belangriker en ons kan dit die fase van die jeugdige planne vir die toekomstige beroep noem: die jongmens begin nou enigsins die objektiewe sy van die beroep te verstaan, hy oorwin die blote nabootsing van die waargenome beroep en deurleef self iets oorspronkliks. Jong meisies se beroepsbelangstelling het baie maal 'n geringer omvang as die van seuns, weens die beperkings wat op hulle geplaas is deur konvensies en deur sosiale goedkeuring of afkeuring deur hul familie en vriende. Namate die meisie ryper word en meer ervaring opdoen, is sy meer krities in haar waardebepaling van 'n beroep en in haar keuse.

Noukeurige ondersoekinge toon aan dat die jongmens reeds vroeg 'n taamlike duidelike beeld het van wat hy eendag wil word. By 'n ondersoek van 2,000 kinders aan die middelbare skool het dit geblyk dat slegs 2% geen vaste keuses gehad het nie en dat die res 'n idee van wat hulle graag sou wil word, gehad het.

Op die gebied van die sosiale belangstelling neem die liefde stadig die plek in van vriendskappe tussen die sekse; gevolglik begin daar al 'n aantrekkingskrag tussen die teenoorgestelde sekse na vore te kom, veral om en by 15 - 16 jaar, en ons kry

die/..........

---

1) Ai, W.: A Study of Childrens' Interests in Reading; Psychol. Abstr., 1941, 15, 1, 473.

die sogenaamde „ kalwerliefde".

Gedurende die vroeër jare is die vriendskappe maar kort van duur. Hoe ouer die kind word, hoe blywender word hulle. Vriendskap is gewoonlik beperk tot twee, selde tot drie maats, en hoe ouer die kind word, hoe meer bewus kies hy sy vriende.

Die belangstelling in religieuse sake brei nou vinnig uit. Seks is egter 'n belangrike faktor, net soos rypheid, en ons vind dat meisies oor die algemeen sterker religieus aangelê is. Van die allergrootste belang is die huislike opvoeding wat die kind onder die genade van God tot 'n kind van God maak. Later kom ook nog die mag van die gemeenskap, van die gebruik en van die algemene samelewing (COETZEE [1]).

Tot watter mate belangstelling gelei word, is deur BUSEMANN [2] nagegaan met behulp van 'n vraelys, om te probeer vasstel watter rol die skool in die daarstelling, stimulering of vermindering van die belangstelling gedurende die puberteit speel. Uit 'n paar honderd antwoorde het 66% die skool as 'n invloedryke faktor beskou. Gevorderde skole stimuleer historiese, taalkundige en filosofiese belangstelling, terwyl dit nie die geval met die natuurwetenskappe is nie, en dit nogal waar spesiale klem op die natuurwetenskappe geplaas word. By die klassieke studies speel die onderwyser 'n beslissende rol, aangesien slegs hy die inhoud van 'n vak soos taal of geskiedenis of liefde vir ou kulture kan oordra, terwyl by die studie van die natuurwetenskappe die student se eie talente van meer belang is.

Omgewing/......

---

1) Coetzee, J.C.: t.a.p., bl. 236.
2) Buhler, C.: t.a.p., bl. 189.

Omgewing het 'n besliste invloed op die leesbelangstelling, want ons vind dat kinders wat uit huise kom waar daar baie gelees word of waar baie geskikte boeke verkrygbaar is, meer as ander kinders wat nie die geleentheid het nie, lees. Die invloed van die omgewing op die beroepskeuse is deur BEDFORD [1] nagegaan by twaalf plattelandse skole en hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die beroepsbelangstelling van hoërskoolleerlinge geen verwantskap toon met die beroepsmoontlikhede wat vir hulle oop is nie. Amper 90% van die plattelandse hoërskoolleerlinge het 'n definitiewe beroep gekies. Net 'n rapsie meer as die helfte van hulle dra egter kennis van die leervereistes vir die beroep wat gekies is.

(e) <u>16 tot 24 jaar (adolessent - kollege- en universiteitstudent)</u>:

Die belangstellings van die adolessent groei en neem af volgens sy liggaamlike toestand en sy aktiwiteite volg weer sy belangstellings. Gevolglik sal hy baie lewensloos en bot op een tydstip wees, terwyl hy weer op 'n ander tydstip 'n oormate van energie en entoesiasme sal besit, aldus TRACY [2].

SYMONDS [3] het aan 1641 adolessente 15 belangstellingsitems gegee wat hulle in volgorde van voorkeur moes rangskik. Die items waarin hulle die meeste belangstel, is vermaaklikhede, gesondheid en persoonlike aantreklikheid, terwyl hulle die minste belangstel in daaglikse opgawes („daily schedule"), burgerlike belangstelling en seksaanpassings.

SYMONDS/........

---

1) Bedford, J.H.: A Study of Vocational Interests of California High School Students, based on a survey of 12 Rural High Schools; Psychol. Abstr., 1930, 4, 819.

2) Tracy, F.: The Psychology of the Adolescence; The Macmillan Company, London, 1927, bl. 108.

3) Symonds, P.M.: Life Problems and Interests of Adolescents; Psychol. Abstr., 1937, 11, 2, 1027.

SYMONDS [1] het ook gevind dat adolessente seuns meer as adolessente meisies in die volgende belangstel: veiligheid, gesondheid, geld, siviele sake, ontspanning en studie; terwyl die omgekeerde gevind is t.o.v. persoonlike aantreklikheid, etiket, en om met ander mense klaar te kom.

Wat die beroepsbelangstelling betref, beleef die adolessent meestal gedurende hierdie periode, die eerste ervarings in 'n beroep, waarop die eintlike verhouding van die jongmans tot sy beroep berus. As die eerste ervargins lusgewend is en die beroep aanpas by die aangebore neigings en bekwaamheid, by die stil onuitgesproke motiewe, dan kan ons aanneem dat hy in die beroep sy lewensroeping sal sien en nie van die een beroep tot die ander sal rondslinger nie. Indien die eerste ervaring egter nie lusgewend is nie, sal die teenoorgestelde heelwaarskynlik intree (COETZEE [2]).

Sosiaal stel die adolessent nou baie belang in die teenoorgestelde geslag met die oog op 'n lewensmaat, en gevolglik neem die adolessensieliefde die plek in van die vriendskap tussen die sekse.

Die religieuse belangstelling is min of meer soos die van die hoërskoolleerling en onderhewig aan die verskillende invloede soos huislike opvoeding, sosiale milieu, eie karakter en persoonlikheid ens.

(f) <u>Volwassenes (verskillende ouderdomme tot die gryse ouderdom)</u>:

MUNN [3] sê dat die konserwatisme van die volwassene baie maal toegeskryf kan word aan die

vastheid/.......

---

1) Symonds, P.M.: Sex Differences in the Life Problems and Interests of Adolescents; Psychol. Abstr., 1936, 10, 8, 4318

2) Coetzee, J.C.: t.a.p., bl. 219 - 220.

3) Munn, N.L.: Psychological Development; Houghton Mifflin Co., Boston, 1938, bl. 518.

vastheid van persoonlike eienskappe en die kanaliseer van belangstellings.

Die volwassene is baie maal bang dat familie, ekonomiese en ander belangstellings deur sosiale verandering daaronder sal ly, gevolglik kry ons ook dat die mees radikale volwassenes die is wat deur 'n verandering min kan verloor. Omgekeerd: hoe meer rykdom en sosiale status 'n persoon besit, hoe meer konserwatief is hy geneig om te wees.

Veranderinge van belangstelling met ouderdom, besit ongetwyfeld 'n fisiologiese basis. Namate ons ouer word, verloor ons belangstelling in hewige sportsoorte, in dans en in veeleisende vakansiereise (HUSBAND [1]). STRONG [2] het ook aangetoon dat beide mans en dames meer vroulik in hul belangstelling word met toenemende ouderdom. So het THORNDIKE [3] en ander ook bevind dat namate 'n persoon ouer word, daar in die algemeen 'n verminderde belangstelling is in aktiwiteite wat fisiese en fisiologiese bekwaamhede inhou, terwyl daar 'n toenemende belangstelling is in handelinge wat met sit gepaard gaan. Na vyftig jaar is daar skynbaar min verandering van belangstellings, wat STRONG toeskryf aan die vermindering van leervermoë. Hy toon ook dat namate hulle hul oudag nader, indiwidue neig om 'n besliste afkeur vir enige verandering te ontwikkel.

Belangstelling in afleiding (avocational interests) mag wel nie in die volwasse jare van die adolessent en kinderjare verskil nie,

maar/......

---

1) Husband, R.W.: General Psychology; Farrar and Renehart Inc., New York, 1945, bl. 162.

2) Strong, E.K. Jr.: Interests of Men and Women; Psychol. Abstr., 1936, 10, 7, 3600.

3) Munn, N.L.: t.a.p., bl. 522.

maar die volwassene word gekenmerk deur groter konserwatisme. Volwassenes toon gewoonlik 'n paar algemene aanneemlike vorms van belangstelling in afleiding.

Die beroepsbelangstelling van die volwassene word gewoonlik voor die huwelik bepaal. In die geval van die mans mag die getroude status meer intensiewe ywer langs die beroepsweë meebring. Vir die dame mag dit vandag enigiets inhou, van 'n beroep prysgee tot die soek na 'n beroep om die bykomende uitgawes wat die huishouding vereis, te bowe te kom.

As die volwassene getroud is, en veral as hy kinders het, sal die fundamentele belangstellings neig om om die huis te sentreer. Elke aksie van hom mag bereken word in terme van wat dit vir sy dierbares sal beteken, aldus MUNN [1].

3. <u>DIE ONTWIKKELING EN ONTPLOOIING VAN BELANGSTELLING:-</u>

Uit die voorgaande analise sien ons dat belangstelling saam met die ervaring ontwikkel, terwyl die individuele aanleg beslis 'n belangrike rol sal speel. So sal 'n kind noodwendig meer belang in dinge stel waarvoor hy 'n aanleg besit, bv. as 'n kind 'n aanleg vir kuns het, sal sy belangstelling ooreenkomstig beïnvloed word, terwyl 'n ander kind sonder die nodige aanleg nie daarin sal belangstel nie. Daar is ook 'n baie nou verband tussen belangstelling en rypheid. 'n Kind met 'n goeie aanleg in Wiskunde kan in Wiskunde alleen belangstel as hy 'n sekere mate van rypheid besit. In die geval van die speelbelangstelling sal die speelaktiwiteite van die 10-jarige kind verskil van die van die 4-jarige, nie noodwendig omdat hy meer ondervinding op die gebied gehad het nie en gevolglik meer bekwaam is nie, maar eerder omdat hy

meer/.........

---

1) Munn, N.L.: t.a.p., bl. 517.

meer geskik is vir 'n graad van ontwikkeling waar hy al lankal verby is.

Nog 'n faktor wat 'n beslissende rol speel, is die omgewing, want al besit 'n kind die aanleg en rypheid vir 'n sekere saak en hy het nie daarmee in aanraking gekom nie, kan hy nie daarin belangstel nie. Die invloed van ekonomiese toestande op belangstelling is deur BOYNTON en WANG [1] nagegaan. Hulle het 1,800 kinders van verskillende ekonomiese stande getoets en tot die gevolgtrekking gekom dat hul gegewens 'n geringe aanduiding gee dat die ekonomiese status met kinders se algemene speel- en beroepsbelangstelling tot 'n merkbare graad geassosieer is.

Opvoeding speel ook 'n groot rol in die kind se belangstelling, veral by sy religieuse belangstelling, wat weer op sy beurt 'n persoon se belangstelling in baie rigtings kan beïnvloed.

Ons kry ook groot individuele verskille in die belangstellings. Hier sluit ons 'n indiwidu se skynbare belangstelling in spesifieke ondernemings uit, wat miskien heeltemal onder invloed staan van dieperliggende motiewe, bv. 'n kind mag deur 'n gevoel van afguns of 'n gevoel van minderwaardigheid beweeg word om sy bes in 'n onderneming te doen, wat 'n ander kind maklik as iets doodnatuurliks onderneem. Die belangrikste rede vir die individuele verskille is seker die natuurlike aanleg, waarvan ons alreeds in die oorsig melding gemaak het. Behalwe die individuele aanleg kry ons ook nog kontrolerende faktore binne die kind self. So kan ingebore of verwerfde verskille in sosiale stand of 'n neiging om versigtig of bang te wees, sy invloed in 'n groot aantal verskillende patrone van belangstelling by enige ouderdom laat geld. In die geval van die kind wat betreklik vrygelaat word,

ontstaan/.....

---

1) Boynton, P.L. and Wang, J.D.: Relation of the Play Interests of Children to their Economic Status; Psychol. Abstr., 1944, 18, 7, 2297.

ontstaan 'n groot mate van belangstelling nie so seer a.g.v. 'n oorspronklike „ gevoelde behoefte" vir die besondere onderneming nie, maar eerder as gevolg van 'n indirekte druk of meer omvattende motiewe. Hy mag bv. begin skaats, nie so seer omdat hy wil skaats nie, maar miskien wil hy die menigte volg of aan die wense van sy ouers gehoor gee. Sodra hy die kuns aangeleer het, is dit heelwaarskynlik dat dit dan 'n aantrekkingskrag van sy eie sal besit, sodat hy nou daarin belangstel en gevolglik daaraan deelneem vir sy eie plesier, terwyl die oorspronklike druk nie meer teenwoordig is nie.

Behalwe bogenoemde redes vir die individuele verskille in belangstelling, is daar ook nog die verskil tussen die sekse (veral vanaf 11-12 jaar), asook die belangrike saak van die intelligensie wat ons 'n bietjie breedvoeriger sal behandel, aangesien ons nog nie in die voorgaande analise daarvan melding gemaak het nie.

Verstandelik begaafde kinders stel baie meer in intellektuele aktiwiteite belang en dit is van toepassing beide op hul skoolwerk en buitebelangstellings [1]. Hulle hou wel van sport, maar hulle verkies om hul tyd te verdeel tussen spele, leer of stokperdjies, terwyl baie van die minder verstandelik begaafde kinders speel van dat die skool sluit tot dat dit donker is. Die grootste verskil tref ons by die leesbelangstelling aan. Verstandelik begaafde kinders lees meer by sewe jaar as gemiddelde kinders van enige ouderdom tot vyftien jaar. By agt of nege lees hulle drie maal so veel as die gemiddelde kind, en boonop is die kwaliteit van die leesstof ook superieur. Hulle lees ook baie meer boeke oor die natuurwetenskappe, geskiedenis en reise, maar minder oor avonture, misterie en liefdesgeskiedenisse. Hulle bestee ook meer/......

---

1) Husband, R.W.: t.a.p., bl. 361.

meer tyd aan woordeboeke, landkaarte en ensiklopedieë.

LEWIS en MC GEHEE [1] wat 'n vergelyking van die belangstellings van verstandelik begaafde en vertraagde kinders gemaak het, het gevind dat twaalf maal meer vertraagde as begaafde kinders geen stokperdjie het nie. Verder het hulle gevind dat die grootste verskil o.a. geleë is in musiek, lees, godsdienstige aktiwiteite, dramatiek en winkelwerk vir seuns. Net in huiswerk vir dogters, en werk in store of op die plaas vir seuns oortref die dommes die slimmes.

Belangstelling wissel ook gedurig by dieselfde persoon al na gelang die persoon voel, terwyl die belangstelling van die kind met toenemende rypheid ook gedurig verander en uitbrei. Hoe ouer 'n kind dus word, hoe sterker word sy belangstelling in sekere dinge en hoe meer brei dit uit van 'n eensydige belangstelling na 'n veelsydige belangstelling. Daar is dus ook belangstellings wat langduriger is en wat selfs dwarsdeur 'n persoon se lewe kan bly voortbestaan, (dit is 'n soort determinerende tendens, net soos by denke en wil). Trouens, 'n sterk blywende belangstelling in sake of dinge is wenslik vir suksesvolle aanpassing in die lewe, bv. 'n sterk belangstelling in 'n mens se werk is 'n groot steun by die verrigting van heelwat arbeid, selfs by vervelende onderdele daarvan.

Aangesien die probleem van die permanentheid van belangstelling so belangrik is, sal ons in die volgende hoofstuk daarby stilstaan.

---

1) Lewis, W.D. and Mc Gehee, W.: A Comparison of the Interests of Mentally Superior and Retarded Children; Psychol. Abstr., 1941, 15, 3, 1513.

## HOOFSTUK 111.

## DIE PERMANENTHEID VAN BELANGSTELLING:-

### 1. ALGEMEEN:-

KENWRICK [1] sê dat die belangstelling van 'n kind instinktief is, terwyl COETZEE [2] weer van mening is dat 'n individu tweërlei belangstelling besit, nl. 'n aangebore en 'n aangeleerde of verwerfde.

Hoe hierdie lg. twee hulle realiseer, word nie duidelik aangetoon nie. 'n Mens sou kon verwag dat die aangebore belangstelling die meer permanente sal wees en die aangeleerde meer sou kon verander. Wanneer albei saamval, kan die hoogste mate van permanentheid verwag word. Voordat dit nie wetenskaplik ondersoek is nie, is ons aangewys op wat reeds wetenskaplik bekend is. En dit word verder hieronder kortliks aangetoon.

Wetenskaplike ondersoekings toon in elk geval duidelik aan dat belangstelling 'n verandering in die mens se lewe ondergaan, wat afhanklik is van sy ouderdom (o.a. rypheid)[x], sy seks, maar ook van omgewingsinvloede. By die opgroeiende kind is vasgestel dat op die ouderdom 0-3 jaar die voedingsdrif oorweeg [3] en gevolglik sal hy dus ook belangstel in voorwerpe wat aan hierdie driflewe sal voldoen. Direk hierop (3-6 jaar) volg 'n tydperk waarin die weetdrif oorweeg [3], sodat hy belang in alles stel wat hy om hom opmerk. Hy vra nou gedurig vrae en wil alles weet. Gedurende die jare 6 tot 12 oorweeg die bewegingsdrif [3] en sal hy belangstel in handelinge wat hierdie behoefte sal bevredig. Met die eerste spore van die puberteit (12-14 jaar) sal die seksdrif ontwaak [3] en kan die belangstelling ook in hierdie rigting gesoek word. Gedurende

elkeen/......

---

1) Kenwrick, E.M.: t.a.p., bl. 179.
2) Coetzee, J.C.: t.a.p., bl. 206.
3) Coetzee, J.C.: t.a.p., bl. 100.
x) Die genetiese aspek moet hier ook genoem word, maar dit is al in Hoofstuk 11 meer volledig uiteengesit.

elkeen van hierdie lewensfases word die aksent van belangstelling steeds verskuif, maar dit beteken geensins dat vroeë belangstellings totaal verdwyn nie : omdat al die voorgenoemde behoeftes nog 'n bestaanreg het, sal daar ooreenkomstig ook belangstelling wees.

In die volgende paragrawe sal op die permanentheid of relatiewe permanentheid van belangstelling gewys word.

2. PERMANENTHEID VAN BELANGSTELLING BY VERSKILLENDE GROEPE:

(a) Permanentheid van die laerskoolkind se belangstelling (6-12 jr.).

Navorsing oor belangstelling gaan hoofsaaklik oor beroepsbelangstelling, maar nogtans gee hierdie resultate waardevolle bevindings.

Resultate van navorsings oor die permanentheid van beroepsbelangstelling van laerskoolkinders, verskil opmerklik van mekaar. So het BARNES [1] byvoorbeeld gevind dat die permanentheidspersentasie 61 is, in 'n toets met 129 Londense skoolmeisies oor 'n tydperk van een jaar, terwyl GREANY [1] 23.8 persent permanentheid by 178 kinders gekry het oor 'n tydperk van 1¼ jaar. Net soos BARNES het GAYLER [1] sy navorsing ook met 'n jaar tussenpose gedoen en wel met 159 kinders. Hy het toe gevind dat die persentasie permanentheid 33.5 is.

Ons sien dus dat sommige navorsers 'n betreklik hoë graad van permanentheid kry, terwyl ander weer 'n lae persentasie van permanentheid kry. FRYER [1] sê nadat hy verskillende navorsings nagegaan het, dat daar 45 kanse in 'n 100 is dat die beroepsbelangstelling van 'n elementêre skoolkind oor 'n jaar dieselfde sal wees.

As/........

[1] Fryer, D.: The Measurement of Interests; Henry Holt & Co., New York, 1931, bl. 151 - 153.

As rede vir die groot mate van onstabiliteit kan ons miskien aanvaar dat die beroepsbelangstelling van die kind grotendeels nog staan in die teken van die kinderspel en -nabootsing, maar ook van die spesifieke lewensbehoeftes van hierdie bepaalde leeftyd.

(b) <u>Permanentheid van die middelbareskoolkind se belangstelling (12-16 jr.)</u>.

LEHMAN en WITTY [1] wat die verandering van belangstelling met toenemende ouderdom by 26,878 skoolkinders bestudeer het, het tot die gevolgtrekking gekom dat permanentheid van belangstelling nie in baie of selfs nie die meeste van die beroepsvoorkeure van seuns bestaan nie. Verder sê hulle dat miskien geen fase van die menslike natuur meer onderhewig is aan sulke merkbare veranderinge soos die wat weerspieël word in die voorkeure van die beroepsbelangstelling van groeiende seuns nie.

FRANKLIN [2], daarteenoor, het gevind, nadat toetse met 1500 juniorhoërskoolleerlinge uitgevoer is, dat die beroepsbelangstelling 'n baie hoë graad van permanentheid oor 'n periode van tenminste 'n jaar toon, en dit nogal 'n baie kritiese een. Twee uit elke drie het dieselfde keuse aan die einde van die tydperk gehad as wat hulle aan die begin gehad het.

Mc CRACKEN en LAMB [3] se bevinding met 4,881 junior en senior hoërskoolleerlinge stem nogal ooreen met die van FRANKLIN. Hulle het naamlik gevind dat

73.9%/.....

---

1) Lehman, H.C. and Witty, P.A. : One more Study of the Permanence of Interest; J. of Educ. Psychol., 1931, 22, 7, bl. 481 en 485.

2) Franklin, E.C.: The Permanence of the Vocational Interests of Junior High School Pupils; Psychol. Abstr., 1928, 2, 1, 235.

3) Mc Cracken, T.C. and Lamb, H.E.: Occupational Information in the Elementary School; Houghton Mifflin Co., Boston, 1923, bl. 43.

73.9% van die seuns en 79.5% van die meisies dieselfde beroep oor 'n tussenpose van amper drie maande gekies het. Hierdie keuses sê hulle, alhoewel hulle so naby mekaar geneem is, dui tog 'n sekere permanentheidsgraad aan.

LEHMAN en WITTY [1] weerlê bogenoemde bewering deur te verwys na 'n grafiek [2] wat die verskeie ouderdomspeile aandui wanneer seuns bereid sal wees om „cowboys" te word. Hulle sê dat 'n groot persentasie van die seuns van 'n gegewe ouderdom wat gewillig is om „cowboys" te word, sal aanhou om oor drie maande of selfs oor 'n jaar aan die begeerte te bly hang. Tot hierdie mate stem die gegewens ooreen met die van FRANKLIN en die van Mc CRACKEN en LAMB. Dit is egter duidelik dat oor 'n langer tydperk 'n permanentheid van belangstelling nie gevind sal word nie. LEHMAN en WITTY [3] kom tot die gevolgtrekking dat die gegewens wat deur hulle versamel is, aantoon dat sekere beroepsbelangstelling nie permanent kan wees nie. Ander belangstellings mag egter meer permanent wees.

FINCH [4] stem weer nie ooreen met LEHMAN en WITTY nie, nadat hy toetse met tussenposes wat varieer van 3 weke tot 38 maande uitgevoer het, en tot die gevolgtrekking gekom het dat die indeks van permanentheid oor die algemeen besonder hoog was. Verder toon die tussenpose blykbaar 'n geringe verwantskap met die mate van verandering aan, omdat die groep met drie weke tussen die toetse, waardes toon wat nie veel

verskil/....

1) Lehman, H.C. and Witty, P.A.: t.a.p., bl. 487.
2) Lehman, H.C. and Witty, P.A.: t.a.p., bl. 485.
3) Lehman, H.C. and Witty, P.A.: t.a.p., bl. 491.
4) Finch, F.H.: The Permanence of Vocational Interests; Psychol. Bull., 1935, 32, bl. 682.

verskil van die met die langste tydperk nie. ROCK [1] het tot 'n soortgelyke slotsom gekom, nadat hy toetse met tussenposes wat varieer van drie weke tot drie jaar gedoen het. Hy het naamlik ook gevind dat daar net 'n klein bietjie minder konstantheid oor die lang tydperk was. Oor selfs die kortste tydperk was die persentasie ooreenstemming vir die gemiddelde item net 66%. Individue verskil egter grootliks in die graad van konstantheid, bv. vir die kort tydperk is daar van 40% tot 85% konstantheid. Konstantheid van reaksie het lae positiewe korrelasie met ouderdom, skoolprestasie en intelligensie opgelewer.

Vir die hoërskoolgroep word die minste stabiliteit van belangstellings getoon vir die betrekking van kantoorwerker, onderwyser en Y.M.C.A.-sekretaris. Die grootste stabiliteit word gevind t.o.v. die betrekking van assuransie-agent, advokaat en gesertifiseerde publieke rekenmeester, aldus CANNING, TAYLOR en CARTER [2].

(c) <u>Permanentheid van die kollege- en universiteitstudent se belangstelling (16-24 jr.).</u>

HALL [3] het in sy vroeë studies aangetoon dat die periode van maksimum verandering van belangstelling die van die adolessensie is, weens die ontwaakte seksgevoel en die emosionele gevolge daarvan. Verder bied die lewe nou meer geleenthede en verantwoordelikheid.

Wat/......

---

1) Rock, R.T.: A Study of the Constancy of Response to the Items of the Strong Voc. Int. Blank; Psychol. Bull., 1934, 31, 705 - 706.

2) Canning, L., Taylor, K. van F., Carter, H.D.: Permanence of Vocational Interests of High School Boys; J. of Educ. Psychol., 1941, 32, 10, bl. 492.

3) Cattell, R.B.: General Psychology; Sci. Art., Cambridge Mass., 1941, bl. 191.

Wat die beroepsbelangstelling betref, is dit duidelik bewys dat kollegestudente baie meer stabiel is as hoërskoolstudente. Daar is heelwat navorsing uitgevoer met die permanentheid van beroepskeuses van universiteitstudente. KITSON [1] het gerapporteer dat in 83% van die gevalle die studente dieselfde beroepskeuse in beide die eerste en tweede jaar aangedui het. GAW [2] het ook tot die gevolgtrekking gekom nadat sy 191 eerstejaarstudente getoets het, dat daar 'n groot ooreenkoms van belangstelling met hul tweede jaar was.

VAN DUSEN [3] het in 'n poging om te bepaal watter veranderinge in beroepsbelangstelling gedurende die kollegeperiode plaasvind en om uit te vind watter faktore die verandering mag beïnvloed het, aan 76 mans die Strong Vocational Interest Blank in hul eerste jaar en weer in hul derde jaar of later gegee. Beide toets- en hertoetsvraelyste het vyf verteenwoordigende beroepe, nl. dié van gesertifiseerde publieke rekenmeester, ingenieur, advokaat, onderwyser en kantoorklerk gegeld. Van die vyf beroepe is die van ingenieur die enigste een wat 'n betekenisvolle neiging toon, en dit is in 'n negatiewe rigting, m.a.w. 'n aanduiding dat daar 'n neiging by die groep as geheel bestaan het, om minder in daardie professie belang te stel. Resultate het aangetoon dat ondervindinge wat belangstellings wat gedurende die kollegetydperk verkry is, affekteer, grootliks/..

1) Fryer, D.: t.a.p., bl. 157.

2) Gaw, E.A.: Occupational Interests of College Women; Pers. J., 1928, 7, 8, bl. 111 - 114.

3) Van Dusen, A.C.: Permanence of Vocational Interests; J. of Educ. Psychol., 1940, 31, 9, bl. 421.

grootliks bepaal word deur die ondervindinge wat reeds opgedoen is voor die student na die kollege gekom het. Gekose beroepe het 'n hoër graad van permanentheid getoon as wat dit die geval was met ander beroepe.

Waar VAN DUSEN toetse met kollegemans uitgevoer het, het Mc HALE [1] weer die beroepsbelangstelling van 133 junior kollegedames nagegaan, asook weer ses maande nadat die studente hulle graad ontvang het. Daar is toe gevind dat 24.8% hul eerste keuses verander het en 40.6% weer hul tweede keuses. Deur 'n latere studie [2] het sy gevind dat na twee jaar 24% hul eerste keuses verander het en 40% hul tweede keuse.

Ons sien dus dat daar wel 'n baie hoër graad van permanentheid van beroepsbelangstelling is as wat by die laer- of hoërskool aangetref word.

(d) <u>Permanentheid van die ouer mense se belangstelling (24 jr - ).</u>

STRONG [3] se navorsing i.v.m. die verandering van belangstelling met ouderdom, was gebaseer op die beroepsbelangstelling-vraelyste van 2,340 mans wat in agt beroepe werksaam was. Hy het gevind dat die verandering van belangstelling nie egalig plaasvind tussen die ouderdom 25 tot 55 nie. Nagenoeg 50% van die totale verandering het tussen 25 en 35 plaasgevind, 20% tussen 35 en 45, en 30% tussen 45 en 55, terwyl

daar/

---

1) Mc Hale, K.: An Experimental Study of the Vocational Interests of a Liberal Arts College Group; J. of Appl. Psychol., 8, 1924, bl. 249.

2) Wightwick, M.J.: Vocational Interest Patterns. A developmental Study of a group of College Women; Bureau of Publications Teachers College Columbia Univ., New York, 1945, bl. 16.

3) Strong, E.K. Jr.: Change of Interests with Age; Stanford Univ. Press, Stanford California, 1931, bl. 20 - 24.

daar min of geen verandering van 55 tot 65 was nie. Items wat fisiese bekwaamheid en durf vereis, het die grootste verandering van almal getoon, en die tweede grootste het by items voorgekom wat verandering of inmenging met gevestigde gewoontes of gebruike vereis.

„Belangstellingsrypheid" word deur STRONG [1] gedefinieer as 'n maatstaf van die graad waartoe 'n persoon die belangstelling van 55-jaar-oud-mans in vergelyking met die van 15-jaar-oud-seuns besit. Hy het na 'n ondersoek [2] tot die gevolgtrekking gekom dat die „ belangstellingsrypheid" 0.74 met ouderdom korreleer as dit die ouderdomstydperk 15 tot 55 jaar behels.

In sy studie van die permanentheid van beroepsbelangstelling het STRONG [3] 'n belangrike onderskeiding gemaak. Hy het erken dat daar baie gegewens is om 'n geringe graad van permanentheid aan te toon as 'n mens die beroep beskou waarvan die individu die meeste hou, maar dat daar 'n merkwaardige stabiliteit is wanneer beroepsbelangstelling beskou word as die somtotaal van alle belangstellings wat op enige manier betrekking het op 'n beroepsloopbaan.

## 3. PERMANENTHEID VAN BELANGSTELLING EN SEKS:

Aangesien daar in vergelyking met die mans, baie minder beroepe vir die dames is a.g.v. sosiale en etiese vorms, kan ons ook gevolglik verwag dat daar by die dames 'n hoër permanentheidsgraad sal wees. So het HARTSON [4] dan ook gevind nadat hy die beroepsgeskiedenisse van 618 mans en 982 dames

nagegaan/...

---

1) Strong, E.K. Jr.: Classification of Occupations by Interest; Pers. J., 1934, 12, 4, bl. 312.

2) Strong, E.K. Jr.: Interest Maturity; Pers. J., 1933, 12, 8, bl. 90.

3) Strong, E.K. Jr.: Change of Interests with Age; t.a.p., bl. 3 - 4.

4) Hartson, L.D.: Vocational Stability of Oberlin Alumni; Pers. J., 1928, 7, 10, bl. 184.

nagegaan het, dat 50% van die mans en 65% van die dames (die wat intussen getrou het is nie in aanmerking geneem nie) in dieselfde beroepsgroep van hul eerste keuses gebly het. Die wat wel van beroep verander het, het oor die algemeen in die gebied van hul tweede keuse gebly. 14% van die mans wat meer as een beroep probeer het, het weer na hul eerste keuses teruggekeer. Die beroepe wat meer as 75% vashoukrag vir mans besit, is wet, medisyne, universiteitsonderwys, liggaamlike opvoeding, handel en bankwese. Die ooreenstemmende gebiede vir dames is liggaamlike opvoeding, biblioteekwerk en hoërskoolonderwys (74%).

4. PERMANENTHEID VAN BELANGSTELLING EN OMGEWINGSINVLOEDE:

MACKAYE [1] beweer dat die vaslegging van belangstellings by definitiewe periodes voorkom a.g.v. omgewingsprikkeling, bv. 'n skoolkind se keuse vir 'n loopbaan word gemotiveer deur 'n begeerte om onaangename take te ontvlug of om saam in 'n groep te wees. Gevolglik is die permanentheidsgraad van die vroeë belangstellings nie hoog nie.

Die invloed van die vader se beroep op die beroepsbelangstelling van die kind is deur verskeie navorsers nagegaan. TAYLOR [2] het byvoorbeeld gevind dat 16% van die 1,000 seuns wat hy nagegaan het, die beroep van hul vader of 'n familielid gekies het. Hierdie keuse was die hoogste by die vroeë ouderdom en het by nege of tien jaar al afgeneem. Dit blyk dus die geval te wees dat hoe ouer 'n seun word, hoe minder is hy geneig om sy vader se beroep te volg. As 'n mens ander navorsings ook bestudeer, dan blyk dit verder dat die persentasie wat die vader se beroep kies, nog meer afneem, namate die kinders verder leer, m.a.w. die omgewing as 'n geheel

bepaal/.....

---

1) Fryer, D.: t.a.p., bl. 162.

2) Fryer, D.: t.a.p., bl. 168.

bepaal, seker meer as enigiets anders, die soorte van belangstellings en die permanentheid daarvan. So kan die belangstellings van 'n persoon in 'n sekere verband deur die omgewing tot 'n heeltemal nuwe gebied gevoer word. Dus waar omgewingsinvloede konstant is, kan verwag word dat daar 'n min of meer konstante en dus permanente belangstelling sal wees, en andersom.

5. <u>SAMEVATTENDE KONKLUSIE</u>:

Uit die voorgaande paragrawe blyk dit dat belangstellingspatrone meer stabiel word met toenemende ouderdom, veral die beroepsbelangstellings van dames. Sekere jeugdige belangstellings neig egter om te verdwyn, terwyl ander hul plek inneem, bv. sulke dinge soos aktiewe buitemuurse vermaaklikheid of die lees van fiksie is geneig om hulle aantreklikheid te verloor, terwyl hulle plek ingeneem word deur dinge wat die persoon as „kalmer" vind. Tog het STRONG [1] aangetoon dat oor die algemeen die dinge waarvan die persoon by 25 jaar die meeste hou, later nog aantrekliker word, terwyl die teenoorgestelde netso geld.

Uit al die studies kan ons tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n genetiese ontwikkeling van belangstellings is. Hierdie ontwikkeling is egter nie sodanig dat dit die voorspelling van toekomstige belangstellings vir die praktiese doel van beroepsvoorligting sal toelaat nie. Spesifieke beroepsbelangstelling sal moontlik binne 'n jaar verander. Beroepsbelangstellingsneigings gaan deur 'n geleidelike veranderingsproses en sal heelmoontlik heeltemal anders in latere adolessensie wees as wat hulle in die kinderstadium was. Die verandering word veral teweeggebring deur groter rypheid (ouderdom) en seksverskille wat nou intree; dog moontlik die

belangrikste/..

---

1) Mursell, J.L.: Psychological Testing; Longmans Green & Co., London, 1948, bl. 254.

belangrikste faktor is die omgewingsinvloed as 'n geheel. Daar is egter permanentheid of stabiliteit van belangstellings wat so te sê in elke studie tot 'n groot mate aangetoon word. Dit moet dan ook goed verstaan word dat wat 'n persoon se beroepsbelangstelling in die verlede was, dit die fondament vorm van sy teenswoordige en latere belangstellings.

Hoewel daar veel oor belangstelling nagevors en geredeneer is, is die laaste woord daaroor nog nie gesê nie. Daarom dat in hierdie studie opnuut 'n eksperimentele ondersoek na die aard en wese van belangstelling ingestel word. Voor tot so 'n stap oorgegaan word, moet ons vir onsself rekenskap gee van 'n aantal hoofmetodes, wat aangewend is, sodat ons in die lig daarvan 'n eie ondersoek kan instel. In die volgende hoofstuk sal 'n oorsig van die belangrikste metodes om belangstelling te meet, gegee word.

# HOOFSTUK IV.

## 'n SAAKLIKE HISTORIESE OORSIG OOR DIE STUDIE VAN BELANGSTELLING.

### 1. ALGEMEEN:-

Histories het die probleem van die meting van belangstelling in twee rigtings uiteengeval, nl. (a) subjektiewe en (b) objektiewe belangstelling. Onder subjektiewe belangstelling sorteer (i) die vraelys of questionnaire (wat hoofsaaklik in al die navorsings tot dusver gebruik is) en (ii) die waarderingskaal, aangesien hulle 'n skatting van die individu se reaksieneigings voorstel, wat deur die individu self uitgevoer word. Die (1) informasietoets en (2) vrye assosiasietoets val weer onder die objektiewe metodes, aangesien hulle nie so afhanklik is van subjektiewe skattinge deur die persoon self of deur 'n waarnemer nie.

Die historiese oorsig sal dan ook volgens hierdie twee hoofde, nl. subjektiewe en objektiewe belangstelling beskryf word.

### 2. SUBJEKTIEWE BELANGSTELLING:-

#### (A) Die vraelys- of questionnaire-metode.

Die belangstellingquestionnaire is eers daargestel as 'n middel om die individu te prikkel om oor sy belangstellings te dink en om die probleme onder sy aandag te bring waaroor hy behoort te dink.

##### (i) Spesiale en Algemene Belangstellingvraelyste.

Die meeste van die navorsers wat spesiale vraelyste daargestel het, het dit gedoen met die doel om groepe kwantitatief te bestudeer, eerder as t.o.v. individuele aanpassing, bv. die wat TERMAN [1] vir sy studie van die belangstelling van/.......

---

[1] Terman, L.M.: Mental and Physical Traits of a Thousand Gifted Children Vol. 1 of Genetic Studies of Genius; Stanford Univ. Press, Stanford California, 1925, bl. 648.

van begaafde en normale kinders gebruik het.

Die algemene belangstellingvraelys is 'n meer onlangse ontwikkeling. Dit het grootliks in die twintigerjare van hierdie eeu vorm aangeneem, en dit trag om voorbeelde van alle spesiale belangstellings in te sluit. So is die „ Universiteit van Iowa Assayer" [1] byvoorbeeld 'n algemene belangstellingvraelys, wat daargestel is om kollegestudente te keur.

(ii) <u>Historiese oorsig oor die vraelys- of questionnairemetode.</u>

Een van die vroegste wetenskaplike benaderings tot die probleem waar 'n persoon sy eie „ afkeure" en „ voorkeure" ontleed, is die van MINER. Hy het al in 1918 'n vraelys by die „ Carnegie Instituut van Tegnologie" ontwikkel en in 1922 het hy 'n hersiene vorm gepubliseer vir algemene gebruik [2]. Die doel van hierdie vraelys was om te help om spesiale belangstellings en vermoëns aan te dui, sodat die persoon sy eie „ voorkeure" en „ afkeure" kan waarneem. Die resultate van die studie het bygedra om 'n aanduiding te gee van die rigting waarlangs gewerk moet word om 'n gestandardiseerde algemene vraelys daar te stel.

As gevolg van MINER se werk is daar in 1919 'n begin gemaak met die werk onder YOAKUM, by die „ Carnegie Instituut van Tegnologie", om 'n gestandardiseerde tegniek om belangstelling te meet, daar te stel. Die doel van hierdie ondersoek was om onderskeidende „ ek-hou-daarvan",

ek/.......

---

1) Fryer, D.: t.a.p., bl. 49.

2) Miner, J.B.: An aid to the analysis of Vocational Interests; J. Educ. Res., 1922, 5, bl. 311 - 323.

„ ek-hou-nie-daarvan-nie" en „ ek-staan-onverskillig-daarteenoor" by groepe vas te stel. YOAKUM [1] se eerste seminaar oor belangstelling, in 1919-1920, het bestaan uit 'n lys van ongeveer 'n duisend vrae wat belangstellingsituasies vanaf die vroeë kinderjare tot by 30 jaar dek. Hierdie vrae is in genetiese groepe ingedeel wat verskeie groeiperiodes behels. Dit was van hierdie lys dat die verskeie vraelyste hulle vorm gekry het.

Die eerste van hierdie vraelyste was 'n lys van 14 items wat deur MOORE [2] daargestel is. Die lys is later tot 20 Items uitgebrei. MOORE het hierdie vraelys gebruik om te onderskei tussen verkoopsingenieurs en ontwerpingenieurs, twee groepe wat beskou was dat hulle onderskeidende sosiale en meganiese belangstelling besit. 'n Tweede seminaaronderneming was die van CRAIG [3] wat begin belangstel het in die studie van verkoopsklerke in departementele kleinhandelwinkels. Hy het in hierdie studie verskeie vraelyste gebruik wat in die seminaar ontwikkel is, bv. om emosionele toestande aan te toon, en 'n lys van beroepsvoorkeure.

Verdere vraelyste wat 'n uitvloeisel van YOAKUM se seminaar is, is nl. CRAIG [4] se „ Rekord van voorkeure" en sy „ Belangstelling-vraelys". Eersgenoemde is 'n uitgebreide lys van situasies in verband met die beroepswêreld wat op werkers van die departementele winkels uitgetoets

is/............

---

1) Fryer, D.: t.a.p., bl. 62.

2) Moore, B.V.: Personnel Selection of Graduate Engineers; Psychol. Mono., 1921, 30, bl. 1 - 85.

3) Craig, D.R.: The Preference Interest Questionnaire in Selecting Retail Saleswomen; J. of Pers. Res., 1924-1925, 3, bl. 366 - 374.

4) Fryer, D.: t.a.p., bl. 64 - 65.

is, en wat verskeie aktiwiteite en beroepstake insluit. Die twee eksperimentele vraelyste het die vorm wat die belangstellingvraelyste by latere navorsers aanneem.

(a) Die Eerste Gestandardiseerde Vraelys: Die Carnegie-belangstellingvraelys:

Deur die resultate van die voorafgaande vraelyste te gebruik, het REAM, FREYD, MOORE en CRAIG in 1921 die eerste belangstellingvraelys, wat 'n mens as 'n gestandardiseerde vorm vir metingsdoeleindes kan beskou, voorberei.

Die vraelys is in twee afdelings verdeel [1]: (i) 'n afdeling van beroepsbelangstelling wat uit 72 beroepe bestaan het en waar die pp. moes kies of hy van elkeen „hou", „nie hou" of „onverskillig" („indifferent") daarteenoor staan; (ii) 'n afdeling van algemene belangstelling van 126 „ek-hou-daarvan" en „ek-hou-nie-daarvan-nie" waar 'n keuse van fisiese, verstandelike en ander eienskappe van mense gemaak moes word. Hier het die pp. die vyf keuses gehad, nl. die drie van die beroepsafdeling plus „hou baie daarvan" en „hou hoegenaamd nie daarvan nie".

'n Tweede hersiene uitgawe van hierdie vraelys is vroeg in 1923 gepubliseer. In hierdie uitgawes is die aantal beroepe met twee verminder, terwyl die vyf keuses van die afdeling van algemene belangstelling van die eerste uitgawe die drie keuses vervang het.

Die/.......

1) Fryer, D.: t.a.p., bl. 64 - 65.

Die algemene afdeling is met 23 items vermeerder wat nou ook o.a. 'n lys van skoolvakke insluit. Hier is die vyf keuses weer verminder na die drie van die beroepsafdeling van die eerste uitgawe.

As gevolg van YOAKUM se werk het ander navorsers „ belangstellingslyste" vir spesifieke gebruike, wat van „ hou daarvan" en „ hou nie daarvan nie" gebruik gemaak het, ontwikkel. So kry ons o.a. (i) FREYDS [1] se „ Beroepsbelangstelling-inventaris" wat 'n hersiening van die beroepsafdeling van die Carnegievraelys was. (ii) KORNHAUSERS[2] se „ Algemene-belangstelling-inventaris" is weer op die algemene afdeling van die Carnegievraelys gebaseer en sluit gevolglik voorbeelde van items in wat in verband staan met baie algemene aktiwiteite, terwyl alle beroepsaktiwiteite uitgesluit word. (iii) PATERSON[3] het 'n hersiene uitgawe van al twee die afdelings van die Carnegievraelys opgestel, om op kollegestudente toe te pas. Die vraelys wat bekend staan as die Minnesota-belangstellingvraelys het behalwe die drie keuses waarvan die pp. een moes kies, ook 'n ander simbool, nl. „ u" by gehad, wat gemerk moes word indien die item onbekend („ unknown") vir die persoon was. Dit het 'n groot verbetering van die tegniek meegebring deurdat onverskilligheid teenoor 'n item geskei word

van/.......

---

1) Fryer, D.: t.a.p., bl. 70.

2) Kornhausers, A.W.: Results from a Quantitative Questionnaire on Likes and Dislikes used with a Group of College Freshmen; J. of Appl. Psychol., 1927, 11, bl. 85 - 94.

3) Fryer, D.: t.a.p., bl. 77 - 78.

van onbekendheid met die item.

(iv) HUBBARD [1] se „ Belangstellings-analise-vraelys" vir seuns is op die Minnesota-hersiening gebaseer. Die tegniek wat met die toepassing van die vraelys gebruik word, is dan ook min of meer dieselfde as die van die Minnesota-vraelys.

By die Stanford-universiteit is nou 'n begin gemaak met die ontwikkeling van 'n belangstellingvraelys. COWDERY [2] het in 1924 die Carnegievraelys hersien om dit in 'n deel van 'n navorsing, wat die eerste van sy soort was, te gebruik, nl. om beroepsgroepe deur hul belangstelling te skei. COWDERY se „ Belangstellingsrapport-vraelys" sluit beroepe sowel as algemene items in. Drie simbole wat dieselfde doel as die Carnegievraelys het, word dwarsdeur gebruik. Deel 1 van die vraelys stem baie ooreen met FREYD se vraelys van „ Beroepsbelangstelling vir mans" (Derde uitgawe van die Carnegievraelys) en Deel 11, nl. algemene belangstelling, weer met die tweede uitgawe van die Carnegievraelys.

'n Latere ontwikkeling van COWDERY se vraelys is die „ Purdue-belangstellings-rapport-vraelys" wat deur REMMERS [3] daargestel is. Die doel van hierdie vraelys wat

349/.......

---

1) Fryer, D.: t.a.p., bl. 78.

2) Cowdery, K.M.: Measurement of Professional Attitudes. Differences between Lawyers, Physicians and Engineers; J. of Pers. Res., 1926-1927, 5, bl. 131 - 141.

3) Remmers, H.H.: The measurement of Interest Differences between Students of Engineering and Agriculture; J. of Appl. Psychol., 1929, 13, bl. 105 - 119.

349 items ingesluit het, was om te help om nuwe studente in landbou-ingenieurswese deur middel van hul belangstelling uit te soek.

(b) <u>Strong se beroepsbelangstellings-vraelys:</u>

Hierdie vraelys is 'n uitgroeisel van die Carnegie- en die Cowderyvraelys, nadat STRONG wat COWDERY se vraelys eers 'n tydlank gebruik het, aan die Stanford-universiteit tot die gevolgtrekking gekom het dat die meting van belangstelling betroubaarder sou wees as dit meer items bevat; gevolglik het hy die aantal items van 263 tot 420 opgeskuif. STRONG se vraelys is opgebou om die sentrale idee dat die „ ek hou van" en „ ek hou nie daarvan" van suksesvolle werkers in 'n gegewe beroep hulle sal groepeer in 'n definitiewe patroon wat 'n mens nie by 'n ander beroep sal aantref nie. Deur middel van sy vraelys is dit dus moontlik om die patroon van belangstelling waarmee 'n sekere persoon se belangstelling amper ooreenkom en gevolglik die beroep waarvoor hy die geskikste sal wees (altans wat sy belangstelling betref), te bepaal [1].

Die 420 items (182 is dieselfde as die wat by COWDERY se vraelys aangetref word, terwyl 238 nuwe items is) wat in die vraelys voorkom, kan in agt kategorieë geklassifiseer word, nl. (1) Beroepe; (2) Vermaaklikhede; (3) Skoolvakke; (4) Aktiwiteite; (5) Menslike eienaardighede; (6) Orde van voorkeur

van/.......

---

1) Strong, E.K. Jr.: Vocational Interest Blank for Men; Psychol. Abstr., 1938, 12, 12, 6657.

van aktiwiteite; (7) Vergelyking van belangstelling t.o.v. twee items; (8) Die rangskikking van teenswoordige aanleg en eienskappe.

Deel I is die hersiene beroepsbelangstelling-afdeling en Dele II tot V is die hersiene en nou baie vergrote algemene belangstellingafdeling van die Carnegie-vraelys. Dele VI tot VIII is heeltemal nuut en ingesluit met die doel om te onderskei tussen verskillende soorte van proefpersone. 'n Groot persentasie van die nuwe items in STRONG se vraelys was trouens met hierdie doel voor oë gekies. In teenstelling met die paar veranderings in die beroepsafdeling het daar by die algemene afdeling 'n uitgebreide verandering plaasgevind. So byvoorbeeld is in Deel II van STRONG se vraelys 19 items van COWDERY se vraelys weggelaat, terwyl 20 ander weer bygevoeg is. Genoemde weglatings en ook weglatings op ander plekke, sê STRONG [1], het nie bygedra om tussen beroepsgroepe te onderskei nie.

By die aanwysings is die woorde „Reageer Flink" aangebring. Dit het ten doel om die persoon se onmiddellike skatting te verkry, wanneer hy voor 'n belangstellingsituasie kom.

Die simbole L („like"), I („Indifferent"), D („Dislike"), waarvan die proefpersoon een moet kies, word deurgaans gebruik. STRONG het sy studie van die beroeps-

belangstelling/...

---

1) Fryer, D.: t.a.p., bl. 82.

belangstelling by mans en vrouens voortgesit en in 1933 die „ Beroepsbelangstelling-vraelys" vir dames gepubliseer.

Kritiek op STRONG se vraelys:-

DAYHAW [1] erken dat STRONG se vraelys goed is, maar waarsku die gebruiker teen 'n oormaat van vertroue daarin.

MOORE [2] beweer (i) dat so 'n skaal tydrowend is; (ii) dat daar te veel vertroue geplaas word op die permanentheid van belangstellings, wanneer ons staat maak op die identiteit van die „ belangstellingspatroon" van 'n adolessent in sy tiender jare en die van 'n man in die vyftig, as 'n aanduiding van die beroepsukses; (iii) dat die skaal nie genoeg klem lê op die „boeiende" belangstelling nie; (iv) dat „ belangstellingspatrone" aangegee word in terme van betwisbare spesifikasies en nie in algemene terme nie.

GARRETSON [3] het 'n heeltemal nuwe vorm van die belangstellingvraelys spesiaal vir leerlinge in die negende graad van hoërskole opgestel. Dit het bestaan uit 328 items, is in nege dele aangebied, en die doel was om tussen akademies-, tegnies- en kommersieel-geïnteresseerde leerlinge te onderskei.

(c) „ KUDER se voorkeur-rekord": [4]

Die vraelys is daargestel met die doel om maatstawwe vir dryfvere in verskillende

rigtings/....

---

1) Dayhaw, L.T.: The Measurement of Interest; Can. J. of Psychol., 1948, 2, 2, bl. 77.

2) Moore, H.: Psychology for Business and Industry; Mc Graw-Hill Book Company, New York, 1939, bl. 43 - 44.

3) Fryer, D.: t.a.p., bl. 87.

4) Kuder, G.F.: Manual for the Preference Record; The University of Chicago Bookstore, Chicago, 1939.

rigtings van studie en van werk, deur 'n sistematiese opgawe van 'n verskeidenheid van aktiwiteite, te verkry. In die oorspronklike vorm was 'n aantal aktiwiteite in groepe van twee opgeneem en die student moes gevolglik die aktiwiteit wat hy prefereer kies, maar in die 1942-uitgawe moes die student besluit van watter van drie gegewe aktiwiteite hy die meeste en minste hou.

TRAXLER en Mc CALL [1] het gevind dat die hertoetsbetroubaarheid van „ KUDER se voorkeur-rekord" taamlik hoog is, dat die resultate blykbaar nie deur oefening beïnvloed word nie, dat dit 'n hoë voorspellingswaarde besit en dat daar merkbare seksverskille bestaan. Alhoewel die gegewens in die artikel die vraelys in 'n goeie lig gestel het, het die skrywers voorgestel dat verdere ondersoek noodsaaklik is.

'n Vraelys wat uit die jongste tyd dateer en wat vir mans en dames gebruik kan word, is „ CLEETON se beroepsbelangstellingvraelys" [2]. In plaas van om beroepe, aktiwiteite, persoonlikhede en skoolvakke in afdelings te klassifiseer, soos STRONG gedoen het, en dan hieruit, volgens die tellings van die items af te lei vir watter beroep 'n persoon geskik is, het CLEETON die beroepe gegroepeer in beroepsvelde. Hy het byvoorbeeld 'n bladsy afgestaan aan kantoorgroepe (OCA)/.......

---

1) Traxler, A.E. and Mc Call, W.C.: Some data on the Kuder Preference Record; Educational and Psychological Measurement, 1941, 1, 7, bl. 253 - 268.

2) Cleeton, G.U.: Cleeton Vocational Interest Inventory Form A Men, Form A Women; Mc Knight & Mc Knight, Bloomington Ill., 1943.

(OCA): klerke, tikkers, snelskrywers en ander beroepe wat 'n mens in 'n kantoor aantref. Op hierdie bladsy kom die beroepe, aktiwiteite, persoonlikhede en skoolvakke voor, wat 'n positiewe gewig in die beroepsveld besit. Die persoon wat die vraelys invul, toon deur 'n plusteken die items waarvan hy hou en deur 'n minusteken die waarvan hy nie hou nie. In die laaste afdeling het CLEETON 'n persoonlikheidswaarderingskaal ingesluit. Die beoordeling van die antwoorde kan baie maklik uitgevoer word deur die items wat plus gemerk is, te tel, en gevolglik word die vraelys vandag baie gebruik.

(B) Die Waarderingskaal-metode.

Die metode is nog betreklik min gebruik alhoewel dit duidelik is dat belangrike gegewens t.o.v. die meting van belangstelling deur hierdie metode verkry kan word, soos deur navorsers wat hierdie tegniek toegepas het, bewys is.

FRYER [1] het van 'n waarderingskaal-metode in beroepsvoorligting gebruik gemaak om die proefpersoon met sy selfanalise te help. Hierdie waarderingskaal baseer sy grade van belangstelling op die wat reeds teenwoordig is by die werkers in 'n sekere beroep. Aan die individu word gevra om tussen sy besigheidsmaats diegene te kies wat inpas in elk van vyf grade op 'n skaal van belangstelling. Op hierdie manier word dus 'n „ man-tot-man" skaal van belangstellingsgrade in 'n beroep of besigheid gevorm. Die pp. plaas

homself/....

1) Fryer, D.: t.a.p., bl. 52.

homself langs die groep waarmee hy die beste vergelyk en verkry sodoende 'n skatting van die graad van sy belangstelling in sy werk.

KITSON [1] het 'n metode om iemand se beroep met ander beroepe te vergelyk, daargestel. Die maatstaf is die graad van belangstelling in jou eie beroep in vergelyking met al die ander beroepe. Die vraag, nl. hoeveel persone in hul eie beroep geïnteresseerd is, word beantwoord deurdat die persoon gevra word om die beroep waarin hy werksaam is, te bereken in verhouding met alle ander beroepe, en om dit dan te vergelyk op 'n puntskaal van numeriese waardes.

Die honderdgraad-punt moet hy beskou as die beroep waarin hy die meeste van sy tyd sal bestee, indien hy 'n miljoen dollars sou gehad het en dus nie nodig sou hê om te werk nie, sodat hy dan kon werk waar hy wou. Die persoon moet dan die afstand langs die skaal af skat wat die graad van sy belangstelling in sy beroep voorstel.

'n Waarderingskaal van belangstelling is ook deur COX [2] gebruik in die studie van die verstandelike eienskappe van honderd verstandelik-meerderwaardiges. 'n Sewepunt-skaal van + 3 tot - 3 is gebruik met zero as die gemiddelde van 'n onuitgesoekte klomp. 'n Skatting van + 3 is toegeken aan die hoogste graad, terwyl - 3 weer aan die laagste toegeken is. Tussen-in skattings word gevolglik toegeken volgens die tussen-in grade van die belangstellingspatroon.

Ander navorsers het hierdie tegniek gebruik om die verskillende aspekte of tipes van belangstelling te bestudeer, soos die intellektuele, sosiale, spel-,

aktiwiteits-/.....

1) Fryer, D.: t.a.p., bl. 53 - 55.

2) Cox, C.M.: The Early Mental Traits of Three Hundred Geniuses, Vol II Genetic Studies of Genius; Stanford Univ. Press, Stanford California, 1926, bl. 167 - 169.

aktiwiteits- en professionele belangstelling.

REMMERS [1] asook ADAMS [2] het voorgestel dat menings met objektiewe kwaliteite waar moontlik bygevoeg moet word, sodat die waarderingskaal as 'n metode kan dien om die „ halo"- effek [3] te elimineer en om terselfdertyd 'n meer akkurate maatstaf vir vergelykende doeleindes daar te stel.

3. OBJEKTIEWE BELANGSTELLING:-

Die studie van objektiewe belangstelling is 'n studie van prikkel en reaksie, stimulus en response. Die doel van vroeëre navorsing was om objektiewe gegewens van subjektiewe belangstellings te verkry, maar ons weet nie of hierdie doel bereik is nie, omdat sover bekend die objektiewe belangstelling wat gemeet is, nog nooit met subjektiewe belangstelling gekorreleer is nie. Die eksperimentele benadering was deur subjektiewe belangstelling tot by sy objektiewe uitdrukkings. Objektiewe belangstelling staan op sy eie voete en dit mag ook nie dieselfde as subjektiewe belangstelling wees nie. Objektiewe belangstelling is in werklikheid wat deur die maatstawwe van objektiewe belangstelling gemeet word. Die volgende toetse is gebruik in die meting van objektiewe belangstelling:-

(a) Die Informasietoets.

Die toets word baie by die meting van objektiewe belangstelling gebruik. Die doel van die toets is om die omvang van die kennis van 'n beroepsveld, 'n opvoedkundige onderwerp of die totale omgewing te bepaal.

Die/..........

1) Remmers, H.H.: t.a.p., bl. 577.

2) Adams, H.F.: A Scale for measuring Psychological Phenomena; J. Appl. Psychol., 1933, 17, bl. 239 - 265.

3) „ Halo"-effect. Noemt men in de Eng. litt. 't feit dat men bij de beoordeling van iem. 's praestaties onwillekeurig de indruk die men van hem heeft een rol laat spelen". Jac. van Essen: Woordenboek der Psychologie; Bohn, Haarlem, 1938, bl. 133.

Die veronderstelling is dat die hoeveelheid kennis 'n aanduiding van die hoeveelheid objektiewe belangstelling in die veld is.

DAYHAW [1] sê dat die metode geldig is tot die mate wat kennis met die eienskap korreleer wat bereken moet word. In werklikheid is die korrelasies nie hoog of baie laag nie. Die idee agter dit alles is verdienstelik, maar die taak wat die meebring, is 'n baie moeilike een. Byvoorbeeld vir 'n algemene belangstellingsinformasie-toets, is omvangryke werk waarin voorbeelde van alle belangrike beroepe verkry moet word, noodsaaklik. Dit is 'n taamlik veeleisende werk waarvoor alleen ROBINSON die moed gehad het om te onderneem en wat hy met 'n sekere mate van sukses deurgevoer het, toe hy sy „ Omvang van belangstelling-toets" („ Range of Interest Test") [2] in 1916 daargestel het. Die informasietoets is egter meestal in 'n spesifieke veld van die menslike aktiwiteite gebruik.

Na ROBINSON se toets het die ontwikkeling van die informasietoets voortgegaan in die veronderstelling dat daar sosiale en meganiese groepe van mense is, wat deur objektiewe belangstelling onderskei kan word. Onder die meganiese toetse kry ons bv. die „ Leër meganiese-belangstellings-toets" ens., maar O'ROURKE met sy „ Meganiese bekwaamheids-toets" het een van die belangrikste informasietoetse op hierdie gebied daargestel. REAM [2] het sy „ Sosiale betrekkings-toets" op die veronderstelling gebaseer dat die persoon wat baie sosiale informasie besit, gewoonlik verkies om met

mense/.......

---

1) Dayhaw, L.T.: t.a.p., bl. 74.
2) Ream, M.J.: A Social Relations Test; J. of Appl. Psychol., 1922, 6, bl. 69 - 73.

mense te assosieer, en sodoende wou hy die omvang en tipe van sosiale belangstelling by 'n persoon aantoon.

FRYER [1] sê egter dat daar geen vergelyking van meganiese en sosiale belangstellingtoetse gemaak is nie en daar is ook geen statistiese bewyse dat hierdie twee groeperinge van objektiewe belangstelling wel afsonderlik bestaan nie.

Dit is al deur baie studies aangetoon dat die informasietoets 'n wye omvang van individuele verskille meet, en 'n maatstaf van hierdie aard is nodig as 'n skerp omlynde diskriminasie tussen individue gemaak moet word. Informasietoetse besit 'n hoë mate van betroubaarheid. So byvoorbeeld toon die „ Leër meganiese-belangstelling-toets" en die „ Leër algemene handels-belangstelling-toets" 'n betroubaarheid van ongeveer .90. Die twee informasietoetse wat tot 'n sekere mate dieselfde konkrete informasie bevat, toon 'n interkorrelasie van ongeveer .66. Daar is egter ook voldoende verskille tussen die twee toetse om die korrelasie aansienlik te verlaag, wat dan ook 'n verdere bewys vir die betroubaarheid van die informasietoets is [2]. Verder word dit vandag erken dat die informasietoets meer objektief van aard is as die vraelys en waarderingskaal en gevolglik toon hulle 'n hoër graad van betroubaarheid met statistiese behandeling. Dieselfde kan egter nie van hulle geldigheid gesê word nie [3]. Die korrelasies met geskatte belangstelling is baie hoog en amper onbeduidend, maar met skatting en meting van sukses is dit 'n bietjie hoër,

(b)/........

---

1) Fryer, D.: t.a.p., bl. 264.
2) Fryer, D.: t.a.p., bl. 286.
3) Dayhaw, L.T.: t.a.p., bl. 74.

(b) Die Vrye-Assosiasie-Metode:

Hierdie toetse is gebaseer op die veronderstelling dat reaksies op spesifieke sleutelwoorde die aard van die belangstelling teenwoordig sal blootlê.

Daar is veral twee vorms van die vrye-assosiasiemetode nl. die onafgebroke en die individuele vorm. By eersgenoemde vorm moet die proefpersoon op enige woord wat in sy gedagte kom reageer, of hy moet met 'n sleutelwoord begin en dan soveel woorde soos moontlik sê (of skryf) totdat aan hom gesê word dat hy moet ophou. Die meting is dan die snelheid van die vrye assosiasies. Resultate toon egter dat daar 'n gedurige styging in die hoeveelheid assosiasies is namate die verstandelike ouderdom vermeerder.

Die individuele vorm word die meeste gebruik en hier word aan die pp. verduidelik dat hy op 'n prikkelwoord met die eerste woord wat in sy gedagte kom, moet reageer. Ons kan hier ook spesiale en algemene maatstawwe ontwikkel. Die onafgebroke vorm van die vrye-assosiasiemetode sal as 'n gespesialiseerde maatstaf gebruik word, waar die sleutelwoord dan die veld aandui. Dit blyk dat die individuele vorm van toepassing is op spesiale en algemene meting deur die regte voorbeelde van prikkelwoorde te kry. WYMAN [1]) het 'n uitgebreide ondersoek uitgevoer met laasgenoemde vorm. Haar toets het 120 prikkelwoorde bevat wat mondeling aangebied word en vir jongmense tussen die ouderdom van 8 en 15 opgestel is. Aan elke geassosieerde woord is daar drie waardes toegeken, volgens sy onderskeidingsvermoë tussen „met-groepe"

en/.........

1) Wyman, J.B.: The Measurement of Interest; Voc. Gui. Mag., 1929, 8, bl. 54 - 60.

en „ sonder-groepe" vir intellektuele, sosiale en aktiwiteitsbelangstelling.

Die ontwikkeling van die vrye-assosiasiemetode in die meting van belangstelling het verder gegaan as enige ander objektiewe metode, maar die werk wat daaraan verbonde is om tellingkaarte volgens die plan van telling op te stel, is geweldig. As ons die feite van die geldigheid van hierdie metode van belangstelling in oënskou neem, blyk dit dat die faktore van bekwaamheid geëlimineer en 'n ware objektiewe meting van belangstelling gemaak kan word.

(c) <u>Die Woordassosiasie-leertoets:</u>

Die teorie dat 'n persoon iets gouer leer as hy daarin belangstel, as wanneer hy 'n teësin daarin het, het BURTT en IVES [1] gebruik as 'n basis vir 'n toets om die sterkte van belangstellings te bepaal. Die meting van die belangstelling is dan 'n vergelyking van aanlering of geheue t.o.v. spesifieke materiaal met aanlering of geheue t.o.v. algemene materiaal. Daar is altesame 108 woordassosiasies in die toets wat op 43 landbou-ingenieurs uitgevoer is, en afwisselend kom algemene en gespesialiseerde woordprikkels voor. BURTT het dus weggekom van die invloed wat uitgeoefen word deur verskille tussen individue t.o.v. om iets aan te leer of t.o.v. hul intelligensie. FRYER [2] kritiseer egter hierdie metode waar hy sê dat dit twyfelagtig is of 'n toets van belangstelling gebaseer kan wees op leervermoë. Die algemene neiging van proefnemings is teen so 'n toetsbasis vir belangstelling.

(d)/........

---

1) Burtt, H.E. and Ives, F.: Vocational Tests for Agricultural Engineers; J. of Appl. Psychol., 1923, 7, bl. 178 - 187.

2) Fryer, D.: t.a.p., bl. 307.

(d) Materiaal-afleidingtoets:

BURTT en IVES [1] het die idee dat 'n persoon se aandag beter is wanneer hy in iets geïnteresseerd is, ook gebruik in die meting van die sterkte van belangstelling van 43 landbou-ingenieurstudente. Twee stukke prosa, een met normale of standaard prikkeling en die ander met 'n belangstelling-prikkeling, is gebruik en die studente moes die nie-toepaslike woorde so vinnig soos moontlik sonder om foute te maak, deurhaal. Die telling word dan verkry deur die omgekeerde verhouding van die hoeveelheid nie-toepaslike woorde wat in die belangstelling-prikkeling deurgehaal is, tot die hoeveelheid woorde wat by die normale prikkeling deurgehaal is.

'n Ander vorm van die materiaal-afleidingtoets, wat ook deur BURTT [2] gebruik is, is gebaseer op die teorie dat die persoon wat die meeste geïnteresseerd is in die gespesialiseerde afdeling, meer geneig sal wees om die woorde wat nie van toepassing is nie, mis te kyk. Die persoon wat dus die minste reageer op die woorde wat nie van toepassing is nie, is die meeste in die leesstof geïnteresseerd. BURTT se bydrae tot die meting van belangstelling is dus dat hy die bekwaamheids-faktor in die meting van die reaksie uitgeskakel het.

(e) Ander Objektiewe Maatstawwe:

Op die gebied van die meting van belangstelling het speelbelangstelling seker die mees uitgebreide navorsing oor die langste tydperk ondervind. Ten spyte hiervan is daar slegs 'n paar toetse wat gebruik kan word vir die aanpassing van die individu. LEHMAN [3] se „Spel-toetse" (Play Quiz) wat vir graad drie en

hoër/.......

---

1) Burtt, H.E. & Ives, F.: t.a.p., bl. 178 - 187.

2) Burtt, H.E.: Employment Psychology; Boston, 1926, bl. 305 f.

3) Fryer, D.: t.a.p., bl. 318.

hoër opgestel is, behoort aan hierdie doel te beantwoord. TERMAN [1] se „ Informasietoets van spelbelangstellings" wat hy gebruik het om die belangstelling van begaafde kinders te meet, besit blykbaar ook eksperimentele waarde.

Ander metodes wat van 'n objektiewe aard is, is byvoorbeeld die van SUPER en ROPER [2] wat van die veronderstelling uitgegaan het dat as 'n persoon 'n aktiwiteit onthou, hy 'n belangstelling daarin toon. Hulle het gevolglik 'n reeks van belangstellingtoetse ontwerp wat die herroeping van feite wat in filmstrokies oor beroepsaktiwiteite verskyn het, meet. Vir die toets is 32 hoërskooldogters as ppe. gebruik en besliste positiewe resultate is verkry.

Ten slotte wil ons nog net CARDALL [3] se bydrae noem. Hy het geglo dat daar 'n sekere mate van belangstelling in die werk of beroep moet wees wat 'n persoon eendag wil beoefen. Hy het gevolglik 'n groep jongmense wat pas in 'n besigheid begin werk het, geneem, en toe 'n vak-analise van hulle betrekkings gemaak en daarna sy „ Primêre besigheidsbelangstelling-toets" daargestel. Die bruikbaarheid van hierdie toets is egter net tot die besigheidsgroep beperk.

4. KRITIESE OPMERKING:-

'n Fundamentele moeilikheid met al die skale, ontstaan met die moontlikheid van voorbeeldfoute. Hoe is die items vir opname in die toets gekies? Ten eerste is sekere items na die beste van 'n mens se vermoë uitgesoek. Met latere

eksperimente/...

---

1) Terman, L.M.: t.a.p., bl. 390 - 393.

2) Super, D.E. & Roper, S.A.: An Objective Technique for Testing Vocational Interests; J. of Appl. Psychol., 1941, 25, bl. 487 - 498.

3) Cardall, A.J.: Primary Business Interest Test; Educational and Psychological Measurement, 1942, 2, 4, bl. 113 - 138.

eksperimente is meer items bygevoeg, terwyl ander wat nie die onderskeidingswaarde besit het nie, weggelaat is. Hierdie proses om nuwe materiaal by te voeg en die wat minder geskik is weg te laat, volgens die „ luk-raak"-metode gaan al vir meer as twintig jaar aan. Dit blyk egter dat niemand al ooit 'n begin gemaak het om die hele veld van voorwerpe van menslike belangstelling te ondersoek, om verteenwoordigende voorbeelde uit te soek om hulle in betekenisvolle kategorieë te groepeer nie, aldus DAYHAW [1]. Hy vra verder of sekere van die mees kenmerkende voorwerpe van belangstelling nie deur hierdie proses geïgnoreer is nie? Of dit nie moontlik is dat hele gebiede van belangstelling weggelaat is nie? Hy sê dat dit wel miskien nie die geval is nie en miskien is daar ook geen skade verrig nie, maar, aan die anderkant, is dit nie miskien ons grootste gebrek nie?

Dan is daar nog die faktor van standardisasie. 'n Lys wat byvoorbeeld in Amerika opgestel word, kan dan nie in 'n ander land net so toegepas word alvorens dit nie vir die spesifieke land gestandardiseer is nie.

'n Hele paar jaar gelede het FRYER [2] al gesê dat die vroeë begrippe van belangstelling almal subjektief was. Op al die gebiede van belangstelling is daar die probleem om presies uit te vind wat objektiewe belangstelling of wat subjektiewe belangstelling is, sodat die meting van belangstelling 'n objektiewe probleem mag word.

Die objektiewe meting van belangstelling is nog tot 'n groot mate in die eksperimentele stadium. Dit is in die meting van subjektiewe belangstellings dat goedomskrywe tegnieke ontwikkel is, en sommige van die tegnieke is ook heeltemal ingewikkeld van aard. Hierdie subjektiewe metodes belowe om iets van waarde daar te stel in die meting van menslike/......

1) Dayhaw, L.T.: t.a.p., bl. 77.
2) Fryer, D.: t.a.p., bl. 32.

menslike eienskappe. Totdat geldige objektiewe metodes ontwikkel en verfyn is, beweer GARRISON [1], sal hierdie metodes voortgaan om 'n fundamentele bydrae tot die meting van belangstelling te lewer.

Opsommend kan ons dus tot die gevolgtrekking kom dat „belangstelling" nog nie afdoende ondersoek is nie, wat metode en veld van ondersoek betref; en dat 'n duidelike omvattende ontleding nog nie gedoen is nie. Met hierdie studie word beoog om 'n dieper insig in die aard en wese van belangstelling te verkry, en die toetse wat daarvoor gekies word, sal vir hierdie spesifieke oogmerk gekies word, en nie om 'n alles-omvattende, deurtastende ondersoek te lewer nie, want dit sou buite die bestek van hierdie studie val.

---

1) Garrison, K.C.: t.a.p., bl. 186.

# HOOFSTUK V.

## 'n EKSPERIMENTELE ONDERSOEK NA DIE AARD EN WESE VAN BELANGSTELLING.

### 1. ALGEMEEN:-

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat navorsing hoofsaaklik gegaan het oor belangstelling in verband met beroepsielkunde, veral by die subjektiewe afdeling waar dit so te sê uitsluitlik met die meting van beroepsbelangstelling te doen gehad het, en die gevolglike vasstelling vir watter beroep 'n persoon bevoeg sal wees. By die sogenaamde objektiewe meting kry ons egter weer navorsing in verband met opvoedkundige belangstelling, bv. speelbelangstelling is ondersoek met die oog op beter aanpassing van die kind aan die lewe. Navorsing het dus nie gegaan oor die akademiese probleem van wat die aard en wese van belangstelling is nie.

### 2. KEUSE VAN EKSPERIMENTE VIR HIERDIE ONDERSOEK:-

In hierdie eksperimente wat ons opgestel het, was dit nie die doel om mense vir beroepe ens. te keur of om hulle graad van belangstelling te bepaal of om hulle beter aan die lewe te laat aanpas nie. Trouens, die mense is nie so seer ondersoek vir hulle eie direkte voordeel of die van ander nie, maar ons wou 'n poging aanwend om presies uit te vind wat belangstelling is, en veral die faktore wat belangstelling by die mense teweeg bring en beïnvloed, m.a.w. ons bepaal ons by die probleem van belangstelling i.p.v. die toepassing van belangstelling in sy verskillende aspekte op die mens.

Die nodige eksperimente moes dus eers daargestel word met die gevolg dat verskeie eksperimente eers getoets moes word om te probeer vasstel of hulle aan die doel van hierdie eksperimentele navorsing sou beantwoord, nl. in 'n poging om die aard en wese van belangstelling vas te stel. So is byvoorbeeld o.a. die Rorshachtoets ook probeer maar omdat dit, asook

ander/......

ander eksperimente wat opgestel is, nie die gewenste resultate gelewer het nie, is hulle opsy gestoot, totdat uiteindelik die drie wat ons nou sal beskryf, oorgebly het.

3. EKSPERIMENT No. 1.

(a) Naam:-

Gewysigde STRONG-beroepsbelangstelling-vraelys.

(b) Doelstelling:-

Die doel van die eksperiment is om die voorkeure en afkeure van 'n groep ppe. wat uit min of meer gevorderde Sielkundestudente bestaan het, na te gaan en indien moontlik die redes vir die voorkeure en afkeure vas te stel.

(c) Apparaat:-

Die eksperiment is opgestel met die behulp van die eerste drie afdelings van die STRONG Vocational Interest Blank, naamlik:

Afdeling la en lb wat uit 101 beroepe bestaan;
Afdeling 11 wat uit 59 Tydverdrywe bestaan;
Afdeling 111 wat uit 41 vakke wat op 'n universiteit geneem kan word, bestaan.

Elkeen van die afdelings is so ver moontlik verafrikaans alhoewel hier en daar 'n item weggelaat is, en iets meer Suid-Afrikaans in die plek daarvan gestel is. So is byvoorbeeld onder die tweede afdeling, nl. die van Tydverdrywe, woorde soos „ Die Huisgenoot", „ Farmers Weekly" ens. in plaas van ander betreklik onbekende Amerikaanse tydskrifte geplaas.

Die items waaruit Afdeling 1 bestaan, is die volgende:

BEROEPE:-

| | |
|---|---|
| Toneelspeler (nie filmster) | Adverteerder |
| Argitek | Leëroffisier |
| Kunstenaar | Sterrekundige |

Instrukteur/....

Instrukteur in Liggaamsopvoeding

Skrywer van 'n roman

Motorverkoper

Motorwerktuigkundige

Teller in Bank

Boukontrakteur

Skrynwerker

Spotprentekenaar

Gesertifiseerde publieke rekenmeester

Beampte van Publieke Werke

Professor

Tandarts

Redakteur

Arbeidsbestuurder („Employment manager")

Fabriekswerker

Vloeropsigter („Shopwalker")

Buitelandse korrespondent

Hoteleienaar of -bestuurder

Tolk

Juwelier

Arbeidsarbiter

Landskaptuinier („ Landscape gardener")

Regspersoon („ Lawyer Corporation")

Lokomotiefingenieur

Skrywers van artikels vir tydskrifte

Skeepsingenieur

Mynsuperintendent

Afslaer

Skrywer van 'n tegniese boek

Motorjaer

Vlieënier

Boekhouer

Handelaar in negosieware

Kassier in Bank

Apteker

Siviele ingenieur

Predikant

Konsul

Ontwerper („Draftsman")

Elektrisiteitsingenieur

Ontdekker ( „Ekplorer")

Fabrieksbestuurder

Boer

Bloemis

Goewerneur van 'n land

Binnehuis-versierder of plakker

Uitvinder

Regter

Laboratorium-tegnikus

Advokaat in Kriminologie

Bibliotekaris

Lewensversekeringsagent

Masjinis

Fabrikant

Ingenieur in Meganika

Musikus

Kantoorklerk

Musiek-/......

Musiekonderwyser
Orkesdirigent
Farmasis („Pharmacist”)
Geneesheer
Digter
Drukker
Spoorwegkondukteur
Vaste eiendomsverkoper
Sportblad-verslaggewer
Verkoopsdeskundige
Snydokter
Handelsreisiger
Begrafnisondernemer
Groothandelaar
Onderwyser
Beeldhouer
Lid van die geheime speurdiens
Skeepsoffisier
Sosiale werker
Kantoorbestuurder
Foto-ingraveerder
Speelgrondbestuurder
Politikus
Privaatsekretaris
Beesboer
Algemene beriggewer
Kleinhandelaar
Statistikus
Effektemakelaar
Gereedskapvervaardiger
Tikker
Horlosiemaker
Werker in die Y.M.C.A. ens.
Wetenskaplike navorser
Sekretaris van die Kamer van Koophandel
Winkelvoorman
Fotograaf
Verkoopsbestuurder

Die items waaruit Afdeling 11 bestaan, is die volgende:

TYDVERDRYF:-

Gholf
Jag
Motorbestuur
Boks
Kaartspel
Biljart
Sokker
Swem
Roei (in 'n skuit)
Oplos van meganiese probleme
Visvang
Tennis
Staptoere te onderneem
Skaakspel
Voetbal
Jukskei
Krieket
Hokkie
Om na voëls te kyk (Natuurstudie)
Om 'n musiekinstrument te bespeel

Goëltoertjies/...

Goëltoertjies
Om saam in 'n peleton te dril
Om hout te kap
Piekniekś
Galas
Vendusies
Dieretuin
Museum
Musiekkomedie
Mak kanaries
Slange
Gedigte
„Kort en Goed"
„Popular Mechanics"
„Die Huisgenoot"
„Arts and Crafts"
„Die Wapad"
„Life"
Opvoedkundige rolfilms
Reisfilms („Travel films")

Om seëls te versamel
Om 'n peleton te dril
Vermaaklikheidspark (Pretpark)
Toere (Ekskursies)
Opera
Fortuinvertellers
Kunsgalery
Konsert
Simfoniekonsert
Mak apies
Sportblaaie
Speurverhale
„National Geographical Magazine"
„The Farmers Weekly"
„The Gardener"
„Koers"
„Cowboy"-rolfilms
Films i.v.m. sosiale probleme
Films i.v.m. diere.

Die items waaruit Afdeling 111 bestaan is die volgende:

UNIVERSITEITSVAKKE:-

Algebra
Rekenkunde
Bybelstudie
Plantkunde
Skeikunde
Toneelspel
Engelse opstel
Aardrykskunde

Landbou
Kuns
Boekhou
Infinitesimale rekeninge („Calculus")
Burgerleer
Ekonomie
Afrikaanse opstel

Meetkunde/....

| | |
|---|---|
| Meetkunde | Aardkunde |
| Klassieke tale | Geskiedenis |
| Letterkunde | Moderne tale |
| Houtwerk | Wiskunde |
| Militêre dril | Meganiese tekeninge |
| Natuurstudie | Musiek |
| Filosofie | Skryfkuns |
| Fisika | Liggaamlike opvoeding |
| Fisiologie | Sielkunde |
| Winkelwerk („ Shop work") | Publieke spreekkuns („ Public speaking") |
| Sosiologie | Snelskrif |
| Tik | Spel |
| Statistieke | Dierkunde |

(d) METODE:-

In plaas van dat die pp. moet aandui of hy van 'n bepaalde item hou, neutraal daar teenoor staan, of nie daarvan hou nie, soos dit die geval by die „ STRONG-beroepsbelangstelling-vraelys" is, het ons elkeen van die items op 'n aparte kaartjie getik, en toe al die kaarte van een afdeling aan die ppe. gegee met die opdrag dat hy (of sy) dit onder drie hopies moet sorteer, nl. die waarvan hy hou, die waarteenoor hy neutraal staan en die waarvan hy nie hou nie. Die „ voorkeur"-hopie moet nou deur die pp. in volgorde van voorkeur gerangskik word. Hierna word dieselfde opdrag uitgevoer met die „ afkeur"-hopie, nl. om die kaarte in volgorde van afkeur te rangskik.

(e) PROEFPERSONE:-

Die eksperiment is met 50 studente uitgevoer, waarvan 45 tweede- en derdejaar-Sielkundestudente was, en 5 Magister-Sielkundestudente. Dus het meeste van

die/.........

die ppe. al die latere adolessensie betree.

(f) RESULTATE:-

(i) By die rangskikking van die kaarte in groepe van „voorkeur", „neutraal" en „afkeur" was dit duidelik dat alle ppe. met sommige kaarte geen twyfel gehad het waar hulle hoort nie, maar met sommige was daar weldeeglik twyfel. Die meeste van die twyfelagtige kaarte het in die „neutrale" groep beland, wat dan ook die grootste groep gevorm het.

Waar die „voorkeur"- en „afkeur"groep in rangorde van die meeste voorkeur en afkeur respektiewelik na die minste gerangskik moes word, het ppe. in die reël baie duidelik die hoogste 3 of 4 keuses van voor- of afkeur kon maak en hulle in onderskeie rangordes kon plaas. Maar na die 6e of 7e keuse was hulle onseker oor die juiste rangorde-posisie. Om 'n redelike veiligheidsgrens te handhaaf, het ons slegs die eerste 10 hoogste rangorde-keuses vir elk van die voor- en afkeurgroepe in aanmerking geneem vir ontleding. Om 'n min of meer kwantitatiewe berekeningsbasis te kry, is aan die rangordeposisies die volgende waardes toegeken:-

Waardetoekenning vir voor- en afkeur.

Tabel 1.

| Voorkeur: Rangorde posisie | Voorkeur: Waarde | Afkeur: Rangorde posisie | Afkeur: Waarde |
|---|---|---|---|
| 1 | + 10 (hoogste voorkeur) | 1 | - 10 (hoogste afkeur) |
| 2 | + 9 | 2 | - 9 |
| 3 | + 8 | 3 | - 8 |
| 4 | + 7 | 4 | - 7 |
| 5 | + 6 | 5 | - 6 |
| 6 | + 5 | 6 | - 5 |
| 7 | + 4 | 7 | - 4 |
| 8 | + 3 | 8 | - 3 |
| 9 | + 2 | 9 | - 2 |
| 10 | + 1 (minste voorkeur) | 10 | - 1 (minste afkeur) |

(ii)/..

(ii) Volgens die waardetoekenning (Tabel 1) is die resultate in 3 tabelle opgestel, nl. vir die beroepe, tydverdrywe en universiteitsvakke, waarin die totale waarde (soos in die steekproef vasgestel) van elke item aangetoon is.

Voor- en Afkeur van Beroepe.

Tabel No. 2.

| Beroep. | Totale Waarde | % |
|---|---|---|
| (1) Sosiale werker ....... | + 83 | + 8.3 |
| (2) Geneesheer ............ | + 79 | + 7.9 |
| (3) Musikus ................ | + 67 | + 6.7 |
| (4) Onderwyser ............ | + 66 | + 6.6 |
| (5) Snydokter ............. | + 63 | + 6.3 |
| (6) Predikant ............. | + 57 | + 5.7 |
| (7) Boer .................. | + 49 | + 4.9 |
| (8) Professor ............. | + 44 | + 4.4 |
| (9) Orkesdirigent ......... | + 38 | + 3.8 |
| (10) Wetenskaplike navorser . | + 38 | + 3.8 |
| (11) Digter ................ | + 35 | + 3.5 |
| (12) Lid van die geheime speurdiens ................ | + 29 | + 2.9 |
| (13) Beesboer .............. | + 26 | + 2.6 |
| (14) Toneelspeler (nie filmster) ................ | + 24 | + 2.4 |
| (15) Beeldhouer ............ | + 22 | + 2.2 |
| (16) Fotograaf ............. | + 20 | + 2.0 |
| (17) Kunstenaar ............ | + 17 | + 1.7 |
| (18) Instrukteur in Liggaamsopvoeding ............ | + 17 | + 1.7 |
| (19) Redakteur ............. | + 16 | + 1.6 |
| (20) Bloemis ............... | + 16 | + 1.6 |
| (21) Landskaptuinier („Landscape gardener") ...... | + 16 | + 1.6 |
| (22) Konsul ................ | + 15 | + 1.5 |

(23)/.........

| Beroep vervolg: | | Totale Waarde | % |
|---|---|---|---|
| (23) | Argitek ............... | + 14 | + 1.4 |
| (24) | Skrywer van 'n roman .. | + 14 | + 1.4 |
| (25) | Tandarts ............. | + 14 | + 1.4 |
| (26) | Buitelandse korrespondent ................ | + 14 | + 1.4 |
| (27) | Ontdekker („ Explorer") | + 13 | + 1.3 |
| (28) | Musiekonderwyseres ... | + 12 | + 1.2 |
| (29) | Laboratoriumtegnikus .. | + 9 | + .9 |
| (30) | Sekretaris van die Kamer van Koophandel ....... | + 9 | + .9 |
| (31) | Spotprenttekenaar ..... | + 7 | + .7 |
| (32) | Apteker ............. | + 7 | + .7 |
| (33) | Speelgrondbestuurder .. | + 7 | + .7 |
| (34) | Vlieënier ............. | + 6 | + .6 |
| (35) | Ontwerper („ Draftsman") | + 6 | + .6 |
| (36) | Goewerneur van 'n land | + 6 | + .6 |
| (37) | Bibliotekaris ......... | + 6 | + .6 |
| (38) | Farmasis („ Pharmacist") | + 5 | + .5 |
| (39) | Skrywer van artikels vir tydskrifte ........... | + 4 | + .4 |
| (40) | Regspersoon („ Lawyer Corporation") ........ | + 3 | + .3 |
| (41) | Kantoorbestuurder ..... | + 3 | + .3 |
| (42) | Sterrekundige ......... | + 2 | + .2 |
| (43) | Beampte van Publieke Werke ................ | + 2 | + .2 |
| (44) | Fabrikant ............. | + 2 | + .2 |
| (45) | Leëroffisier .......... | + 1 | + .1 |
| (46) | Regter ................ | + 1 | + .1 |
| (47) | Algemene Beriggewer ... | + 1 | + .1 |
| (48) | Verkoopsbestuurder .... | + 1 | + .1 |
| (49) | Adverteerder ......... | 0 | 0 |
| (50) | Skrywer van 'n tegniese boek ................ | 0 | 0 |

(51)/.......

| Beroep vervolg: | | Totale Waarde | % |
|---|---|---|---|
| (51) | Foto-ingraveerder ..... | 0 | 0 |
| (52) | Arbeidsbestuurder („Employment manager") | 0 | 0 |
| (53) | Sportbladverslaggewer . | 0 | 0 |
| (54) | Vaste-eiendomsverkoper. | 0 | 0 |
| (55) | Juwelier .............. | - 1 | - .1 |
| (56) | Fabrieksbestuurder .... | - 1 | - .1 |
| (57) | Tolk ................. | - 2 | - .2 |
| (58) | Uitvinder („ Inventor") | - 2 | - .2 |
| (59) | Privaatsekretaris ..... | - 2 | - .2 |
| (60) | Motorwerktuigkundige .. | - 3 | - .3 |
| (61) | Advokaat in Kriminologie | - 3 | - .3 |
| (62) | Groothandelaar ........ | - 4 | - .4 |
| (63) | Skeepsoffisier ........ | - 7 | - .7 |
| (64) | Skeepsingenieur ....... | - 8 | - .8 |
| (65) | Werker in die Y.M.C.A. ens.................. | - 9 | - .9 |
| (66) | Binneshuis-versierder of plakker .............. | - 9 | - .9 |
| (67) | Skrynwerker ........... | - 9 | - .9 |
| (68) | Verkoopsdeskundige („ Speciality salesman") | - 12 | - 1.2 |
| (69) | Politikus ............. | - 12 | - 1.2 |
| (70) | Mynsuperintendent ..... | - 12 | - 1.2 |
| (71) | Statistikus .......... | - 13 | - 1.3 |
| (72) | Arbeidsarbiter ........ | - 13 | - 1.3 |
| (73) | Elektrisiteitsingenieur | - 13 | - 1.3 |
| (74) | Lokomotief-ingenieur .. | - 14 | - 1.5 |
| (75) | Motorverkoper ......... | - 14 | - 1.5 |
| (76) | Kassier in Bank ....... | - 15 | - 1.6 |
| (77) | Kleinhandelaar ........ | - 15 | - 1.6 |
| (78) | Motorjaer ............. | - 16 | - 1.7 |
| (79) | Gereedskapvervaardiger | - 16 | - 1.7 |

(80)/......

| Beroep vervolg: | | Totale Waarde | % |
|---|---|---|---|
| (80) | Spoorwegkondukteur .. | - 16 | - 1.7 |
| (81) | Handelaar in negosieware | - 17 | - 1.8 |
| (82) | Masjinis ............ | - 17 | - 1.8 |
| (83) | Winkelvoorman ........ | - 18 | - 1.9 |
| (84) | Hoteleienaar of -bestuurder | - 19 | - 2.0 |
| (85) | Ingenieur in Meganika | - 19 | - 2.0 |
| (86) | Teller in Bank ....... | - 21 | - 2.2 |
| (87) | Drukker .............. | - 22 | - 2.3 |
| (88) | Tikker ............... | - 23 | - 2.4 |
| (89) | Gesertifiseerde publieke rekenmeester ......... | - 24 | - 2.5 |
| (90) | Horlosiemaker ......... | - 25 | - 2.6 |
| (91) | Boukontrakteur ........ | - 31 | - 3.2 |
| (92) | Vloeropsigter („ Shopwalker") ............ | - 31 | - 3.2 |
| (93) | Boekhouer ............. | - 32 | - 3.3 |
| (94) | Siviele ingenieur ..... | - 33 | - 3.4 |
| (95) | Effektemakelaar ....... | - 38 | - 3.9 |
| (96) | Lewensversekeringsagent | - 40 | - 4.1 |
| (97) | Handelsreisiger ....... | - 43 | - 4.4 |
| (98) | Kantoorklerk .......... | - 47 | - 4.9 |
| (99) | Fabriekswerker ........ | - 60 | - 6.2 |
| (100) | Afslaer ............... | - 62 | - 6.4 |
| (101) | Begrafnisondernemer ... | - 103 | - 10.7 |

---

Voor- en Afkeur van Tydverdryf.

Tabel No. 3.

| Tydverdryf. | | Totale Waarde | % |
|---|---|---|---|
| (1) | Lang wandelinge te neem | + 82 | + 8.8 |
| (2) | Roei (in 'n skuit) ..... | + 76 | + 8.2 |
| (3) | Opera ................. | + 70 | + 7.6 |
| (4) | Motorbestuur .......... | + 59 | + 6.3 |

(5)/........

| <u>Tydverdryf vervolg.</u> | | Totale Waarde | % |
|---|---|---|---|
| (5) | Tennis ............ | + 57 | + 6.2 |
| (6) | Simfoniekonsert .... | + 52 | + 5.6 |
| (7) | Gedigte ........... | + 52 | + 5.6 |
| (8) | Kunsgalery ......... | + 47 | + 5.1 |
| (9) | Swem ............... | + 47 | + 5.1 |
| (10) | „ Die Huisgenoot" .. | + 44 | + 4.7 |
| (11) | Konsert ........... | + 42 | + 4.5 |
| (12) | Toere (Ekskursies) . | + 41 | + 4.4 |
| (13) | Museum ............ | + 36 | + 3.9 |
| (14) | Jag ............... | + 34 | + 3.7 |
| (15) | Voetbal ........... | + 33 | + 3.5 |
| (16) | Skaakspel .......... | + 25 | + 2.7 |
| (17) | Films i.v.m. sosiale probleme .......... | + 20 | + 2.2 |
| (18) | Films i.v.m. diere . | + 17 | + 1.8 |
| (19) | „ Kort en Goed" .... | + 16 | + 1.7 |
| (20) | Om 'n musiekinstrument te bespeel ........ | + 14 | + 1.5 |
| (21) | Galas ............. | + 14 | + 1.5 |
| (22) | Dieretuin .......... | + 11 | + 1.2 |
| (23) | „ National Geographical Magazine" .......... | + 9 | + 1.0 |
| (24) | Pieknieks .......... | + 8 | + .9 |
| (25) | Musiekkomedie ...... | + 7 | + .8 |
| (26) | Hokkie ............. | + 6 | + .7 |
| (27) | „ Life" ............ | + 4 | + .4 |
| (28) | „ Koers" ........... | + 4 | + .4 |
| (29) | Visvang ........... | 0 | 0 |
| (30) | Sportblaaie ........ | 0 | 0 |
| (31) | Om na voëls te kyk (Natuurstudie) .... | – 1 | – .1 |
| (32) | Mak kanaries ....... | – 2 | – .2 |

(33)/........

| Tydverdryf vervolg. | | Totale Waarde | % |
|---|---|---|---|
| (33) | „ Arts and Crafts" . | - 2 | - .2 |
| (34) | Reisfilms („ Travel. films") ........... | - 3 | - .3 |
| (35) | Opvoedkundige films. | - 9 | - 1.0 |
| (36) | „ Die Wapad" ....... | - 10 | - 1.1 |
| (37) | Jukskei ............ | - 10 | - 1.1 |
| (38) | Krieket ............ | - 10 | - 1.1 |
| (39) | Speurverhale ....... | - 12 | - 1.3 |
| (40) | Boks ............... | - 12 | - 1.3 |
| (41) | „ The Gardener" .... | - 15 | - 1.6 |
| (42) | Mak apies .......... | - 17 | - 1.8 |
| (43) | Om seëls te versamel | - 18 | - 2.0 |
| (44) | Goëltoertjies uit te voer | - 19 | - 2.1 |
| (45) | Sokker ............. | - 22 | - 2.3 |
| (46) | „ The Farmers Weekly" | - 23 | - 2.4 |
| (47) | Biljart ............. | - 28 | - 3.0 |
| (48) | Vermaaklikheidspark (Pretpark) ......... | - 35 | - 3.7 |
| (49) | „ Popular Mechanics" | - 37 | - 4.0 |
| (50) | Gholf .............. | - 44 | - 4.7 |
| (51) | Kaartspel .......... | - 44 | - 4.7 |
| (52) | Oplos van meganiese probleme .......... | - 44 | - 4.7 |
| (53) | Fortuinvertellers ..... | - 50 | - 5.3 |
| (54) | Om hout te kap ...... | - 51 | - 5.4 |
| (55) | Om saam in 'n peleton te dril ............ | - 61 | - 6.5 |
| (56) | Om 'n peleton te dril | - 64 | - 7.0 |
| (57) | Vendusies ........... | - 66 | - 7.2 |
| (58) | „ Cowboy"-rolfilms .. | - 72 | - 7.8 |
| (59) | Slange ............. | - 141 | - 15.0 |

---

Voor-/............

Voor- en Afkeur van Universiteitsvakke.

Tabel No. 4.

| Universiteitsvakke. | Totale Waardes | % |
|---|---|---|
| (1) Sielkunde .......... | + 162 | + 20.3 |
| (2) Musiek ............ | + 93 | + 11.7 |
| (3) Letterkunde ........ | + 82 | + 10.3 |
| (4) Kuns .............. | + 76 | + 9.5 |
| (5) Filosofie .......... | + 65 | + 8.1 |
| (6) Sosiologie ......... | + 56 | + 7.0 |
| (7) Bybelstudie ........ | + 55 | + 6.9 |
| (8) Skrywerskuns ....... | + 33 | + 4.1 |
| (9) Spel .............. | + 31 | + 3.9 |
| (10) Afrikaanse opstel .. | + 29 | + 3.6 |
| (11) Dierkunde .......... | + 20 | + 2.5 |
| (12) Fisiologie ......... | + 19 | + 2.4 |
| (13) Liggaamlike opvoeding | + 18 | + 2.3 |
| (14) Toneelspel ......... | + 15 | + 1.9 |
| (15) Geskiedenis ........ | + 14 | + 1.8 |
| (16) Moderne tale ....... | + 13 | + 1.6 |
| (17) Landbou ............ | + 11 | + 1.4 |
| (18) Natuurstudie ....... | + 5 | + .6 |
| (19) Plantkunde ......... | + 1 | + .1 |
| (20) Meetkunde .......... | 0 | 0 |
| (21) Tik ............... | - 7 | - .9 |
| (22) Aardrykskunde ...... | - 8 | - 1.0 |
| (23) Algebra ............ | - 12 | - 1.5 |
| (24) Skeikunde .......... | - 13 | - 1.7 |
| (25) Aardkunde .......... | - 14 | - 1.8 |
| (26) Wiskunde ........... | - 16 | - 2.0 |
| (27) Rekenkunde ......... | - 20 | - 2.5 |
| (28) Klassieke tale ..... | - 25 | - 3.2 |
| (29) Publieke spreekkuns („Public speaking”) | - 27 | - 3.4 |

(30)/...........

| Universiteitsvakke vervolg. | Totale Waardes | % |
|---|---|---|
| (30) Fisika ........... | - 32 | - 4.1 |
| (31) Ekonomie ......... | - 38 | - 4.8 |
| (32) Snelskrif ........ | - 39 | - 5.0 |
| (33) Engelse opstel ... | - 42 | - 5.3 |
| (34) Burgerleer ....... | - 44 | - 5.6 |
| (35) Houtwerk ......... | - 44 | - 5.6 |
| (36) Boekhou .......... | - 46 | - 5.8 |
| (37) Winkelwerk („Shop work") .......... | - 60 | - 7.6 |
| (38) Militêre dril .... | - 68 | - 8.6 |
| (39) Meganiese tekeninge | - 73 | - 9.3 |
| (40) Statistieke ...... | - 76 | - 9.7 |
| (41) Infinitesimale rekeninge („Calculus") | - 83 | - 15.5 |

(g) BESPREKING VAN DIE RESULTATE:-

(1) Voor- en afkeur van beroepe (Tabel 2):

Tabel 2 toon aan dat die beroepe wat die hoogste voorkeur geniet, as volg is:

(i) Sosiale werker (+ 83 d.i. + 8.3%).

Dit het die hoogste voorkeur geniet, wat waarskynlik daaraan toegeskryf kan word dat ongeveer 60% van die ppe. aan die universiteit sosiale werk as loopbaan kom bestudeer het. Dit sou dus 'n minder eensydige indruk gelaat het, indien hierdie beroep nie in die vraelys voorgekom het nie of as 'n meer verteenwoordigende steekproef gedoen is. Dit is dus beslis onwetenskaplik om hierdie beroepsvoorkeur na waarde te skat volgens die behaalde punte.

(ii) Geneesheer (+ 79 d.i. + 7.9%).

Hoewel nie een van die ppe. vir geneesheer studeer nie, het hierdie beroep die tweede

hoogste/......

hoogste telling behaal. Dit kan waarskynlik aan verskillende oorsake toegeskryf word. Die breëre geneeskunde omvat die somatiese, psigiese en sosiale versorging van die pasiënt. Sosiale werk het baie te doen met lg. aspek, sodat dit die belangstelling heel gemaklik op geneesheer kan rig. En die steekproef is topswaar gelaai met sosiale werkstudente, sodat hulle vir die hoë syfer verantwoordelik kan wees. Ook mag nie uit die oog verloor word nie dat 'n geneesheer deesdae baie hoë sosiale en finansiële status besit, sodat dit reeds 'n sterk bepalende faktor vir die belangstellingsrigting kan wees.

(iii) <u>Musikus (+ 67 d.i. + 6.7%)</u>.

Hoe meer die mens akademies geskool word, hoe meer kom hy bewustelik met kuns in aanraking, sodat hy onbewus, doelgerig, of hoe ook al, vir homself estetiese waardenorme opbou, wat hoër staan as die van die minderontwikkelde persoon. Daarom kan ook verwag word dat 'n steekproef met universiteitstudente as ppe., 'n hoë telling vir 'n musikus kan meebring.

(iv) <u>Onderwyser (+ 66 d.i. + 6.6%)</u>.

Die Afrikaanse maatskappy soos dit tot nou toe saamgestel is, en veral die plattelandse bevolking wat in hierdie steekproef verreweg die meerderheid vorm, gee aan die onderwyser 'n hoë sosiale status. Hierdie beroep staan hoog aangeskryf en sal dus 'n hoë mate van belangstelling wek, soos deur die hoë puntetelling aangedui en bevestig word. Die

universiteitstudente/.

universiteitstudente het maar nog pas die skool verlaat, sodat die vormende krag van veral die knap onderwyser, nog vars in die geheue sit. Belangstelling in hierdie rigting is dus heel natuurlik.

(v) <u>Snydokter (+ 63 d.i. + 6.3%)</u>.

Aangesien die snydokter baie nou verwant is aan die geneesheer wat so 'n hoë voorkeur, nl. + 79 of + 7.9% gekry het, kan 'n mens verwag dat dit ook 'n redelike hoë voorkeur sal geniet, alhoewel nie tot so 'n mate soos die geneesheer nie, juis omdat dit nie al die aspekte van geneeskunde tot so 'n groot mate (bv. die sosiale aspek) omsluit nie. 'n Ander rede hoekom die snydokter ook miskien so 'n hoë voorkeur gekry het, is omdat daar vandag sulke aangrypende en wonderbaarlike operasies uitgevoer word deur 'n snydokter, sodat die mense gevolglik, bewus of onbewus, baie belangstel omdat die dokter miskien eendag sy eie lewe, of die van 'n naasbestaande van 'n vroeë dood kan red.

(vi) <u>Predikant (+ 57 of + 5.7%)</u>.

Hier is dit beslis 'n geval van sosiale aansien, veral op die platteland, waar die predikant so te sê die belangrikste persoon in die dorp is. Ons moet onthou dat 'n groot persentasie van die ppe. juis van die platteland af kom. Verder is dit 'n kenmerk van die Afrikanernasie (waaraan al die ppe. behoort) dat hy baie belangstel in die godsdiens en die beoefening daarvan, en gevolglik sal hy noodgedwonge in die persoon

wat/.........

wat leiding op die gebied gee, belangstel.

(vii) Boer (+ 49 of + 4.9%).

Boerdery neem so 'n belangrike plek in ons land se voortbestaan en vooruitgang in, en veral aangesien 'n redelike groot persentasie van die ouers van die ppe. boer, is dit heel natuurlik dat daar 'n redelike groot belangstelling in die beroep getoon sal word, alhoewel slegs een of twee uiteindelik van plan was om self te gaan boer. Verreweg die grootste persentasie Afrikaners is boere en dus is daar 'n natuurlike belangstelling vir die beroep by die Afrikaanssprekende bevolking, waarvan al die ppe. lid is.

(viii) Professor (+ 44 of + 4.4%).

Die student is die hele dag in aanraking met professore, en bowendien is hulle hoogsgesaghebbend t.o.v. die vak wat die pp. neem, m.a.w. waarin hulle dus belangstel. Dit is daarom te verwagte dat die belangstelling tot 'n mate oorgedra sal word op die persoon wat van hulle onderrig ontvang en met wie hulle in kontak is. 'n Mens stel ook altyd belang in dinge waarin hy sosiale aansien sal geniet en heelwaarskynlik is daar bewus of onbewus 'n hunkering om eendag self so 'n posisie te beklee, veral waar die pp. nou die vak bestudeer, en gevolglik belangstel in die beroep van professor.

(ix) Orkesdirigent (+ 38 of + 3.8%).

Dit hang baie nou saam met musikus, wat al reeds bespreek is, en gevolglik kan ons dieselfde redes vir die belangstelling in die

beroep/........

beroep as vir „ musikus" aanvoer. Die rede hoekom dit 'n laer voorkeur gekry het, is heel moontlik omdat dit 'n enger term as musikus is.

(x) <u>Wetenskaplike navorser (+ 38 of + 3.8%)</u>.

Ons staan vandag in die teken van buitengewone en opspraakwekkende wetenskaplike uitvindings. Trouens, die geriewe waardeur ons dagtake baie vergemaklik word, asook ons persoonlike veiligheid (so word gedurig aan ons meegedeel), hang vandag van wetenskaplike navorsing af. So wil die een nasie byvoorbeeld die ander oortref in wapentuig, sodat daar „ vrede" kan wees. M.a.w. die wetenskaplike navorser het vandag baie te doen met dinge wat ons as persoon raak. Gevolglik is daar belangstelling in hierdie beroep.

Tabel 2 toon aan dat die beroepe wat die laagste voorkeur geniet, as volg is:-

(i) <u>Begrafnisondernemer (- 103 of - 10.7%)</u>.

Daar is seker nie nog iets op aarde waarvoor 'n mens so 'n vrees het as vir die dood nie, en dit is dus te verstaan dat begrafnisondernemer, wat dadelik met die dood geassosieer word, so 'n geweldige negatiewe belangstelling getoon het. Dit hang waarskynlik ook saam met 'n afsku in die hantering van lyke.

(ii) <u>Afslaer (- 62 of - 6.4%)</u>.

In ons moderne samelewing het 'n afslaer nie juis 'n hoë sosiale status nie, want hy word dadelik verbind aan 'n klomp mense van verskillende rasse, wat om hom saamdrom en

wat/..........

wat daarop uit is om dinge so goedkoop soos moontlik te koop. Verder is die gedrag van die afslaer, met sy gesegdes en skreeuende stem, nie te assosieer met 'n persoon van enigsins hoër aansien nie. Trouens, die hele aard van die werk is afstootlik vir die meeste mense en veral vir die wat 'n bietjie intellektueel ontwikkel is.

(iii) Fabriekswerker (- 60 of - 6.2%).

As ons van 'n fabriekswerker praat, dan dink ons dadelik aan die mindergegoede deel van die bevolking weens die min skolastiese opleiding wat die beroep vereis. Verder trek die moderne fabriek meestal persone met 'n betreklike lae I.K. weens die eentonige aard van die werk. Dit is dus te verstaan dat die ppe. wat almal studente is, 'n negatiewe belangstelling in so 'n beroep sal hê.

(iv) Kantoorklerk (- 47 of - 4.9%).

Enige persoon wat graag 'n kantoorklerk wil word, het beslis nie hoë ideale nie, en hoe kan 'n klomp studente dan in so 'n beroep belangstel?

(v) Handelsreisiger (- 43 of - 4.4%).

Weens sy beroep is die man noodwendig klaas en jy baas, want van jou ondersteuning hang sy salaris en sy beroep af. Verder vereis die beroep min opleiding. Die beroep behels ook stryd, meestal met lae metodes, om 'n teenstander te probeer uitoorlê. Kortom, dit is moeilik om universiteitstudente in so 'n beroep in te dink waaraan ook geen status verbonde is nie.

(vi) Lewensversekeringsagent (- 40 of - 4.1%).

Ten eerste laat die persoon 'n mens aan die verganklikheid van ons lewe dink en ten tweede is dit 'n geval van soebat en uitoorlê, m.a.w. die klaas-en-baas-storie. Die meeste van die ppe. moes al op hierdie stadium van hul lewe gesukkel het om van 'n versekeringsagent ontslae te raak, wat maar eenvoudig 'n polis wou uitreik. Die feit dat ons die persoon meestal probeer vermy, is reeds voldoende om 'n afkeer in hom en gevolglik sy beroep te hê.

(vii) Effektemakelaar (- 38 of - 3.9%).

Die negatiewe belangstelling in hierdie beroep kan verklaar word deurdat nie een van die ppe. al direkte kennis gemaak het met die effektebeurs nie. Dus onkunde tesame met 'n groot mate van afkeer onder Afrikaanse geledere (omdat dit met dobbel geassosieer word) kan vir die negatiewe belangstelling verantwoordelik wees.

(viii) Siviele ingenieur (- 33 of - 3.4%).

Hier het sosiale status nie juis 'n rol gespeel nie, want bloot die feit dat die beroep so 'n uitgebreide studie verg, behoort die persoon iemand van aansien te maak. Die rede vir die afkeer moet ons dus soek in die feit dat al die ppe. hoegenaamd in geen vertakking van hierdie beroep belanggestel het nie. Almal weet ook dat die beroep 'n goeie kennis van Wiskunde vereis en die vak geniet ook 'n besliste afkeer (nl. - 16 of - 2.0%) onder die universiteitsvakke. (Sien tabel 4).

(ix)/..........

(ix) Boekhouer (- 32 of - 3.3%).

'n Mens dink dadelik aan 'n persoon wat heeldag die vervelende en eentonige werk van boeke balanseer doen, terwyl daar nie veel kans vir vooruitgang is nie. Gevolglik sal universiteitstudente (die ppe. het meestal vir B.A., slegs enkeles vir B.Sc., studeer) 'n afkeer in so 'n beroep hê.

(x) Vloeropsigter („Shopwalker") (- 31 of - 3.2%).

Die beroep vereis feitlik dat elke persoon as 'n moontlike dief aangesien word, insluitende die pp. self as hy iets gaan koop. Hierdie feit, tesame met die aard van die werk om heeldag net rond te staan en na mense te kyk, is genoeg om enige persoon wat enigsins 'n opleiding gehad het en ambisieus is, af te stoot en gevolglik 'n negatiewe belangstelling daarin te laat hê.

(2) Voor- en afkeur van tydverdrywe (Tabel 3):

(i) Lang wandelinge te neem (+ 82 of + 8.8%).

Die student is nou in die stadium van intense belangstelling in die teenoorgestelde geslag met die oog op 'n lewensmaat en gedurende hierdie wandelinge wat gewoonlik elke aand net so na ete plaasvind voor hulle begin om te studeer, word rustig gesels oor allerhande sake, m.a.w. hier word die lewensmaat eintlik gekies. Elke student sien baie uit na die tydjie wanneer hulle bymekaar kan kom en saam 'n lang ent kan stap.

(ii) Roei (in 'n skuit) (+ 76 of + 8.2%).

Dit hang ook baie nou saam met die voorgaande, want naby die universiteit is die groot

dorp/..........

dorp se dam en veral gedurende die naweek is dit 'n baie aangename en gewilde uitvluggie vir die student om alleen met sy metgesel te gaan roei. Dit bied ook 'n baie aangename manier van ontspanning, weg van die studieboeke.

(iii) Opera (+ 70 of + 7.6%).

Ons kan hier dieselfde rede aanvoer as vir Musikus (+ 67 of + 6.7% - Sien Tabel 2), nl. dat hoe verder 'n persoon studeer, hoe meer hy estetiese norme opbou, met die gevolg dat 'n mens kan verwag dat universiteitstudente baie meer belang sal stel in Opera met sy pragtige musiek en sang, as die minderontwikkelde persoon wat grotendeels bevooroordeel daarteenoor staan weens die feit dat dit onmiddellik verbind word aan klassieke musiek en omdat dit nie dadelik hulle oor „ streel" nie. Hulle wend ook geen poging aan om die kuns daarin te waardeer of te probeer verstaan nie.

(iv) Motorbestuur (+ 59 of + 6.3%).

Die ppe. is meestal in die ouderdom dat hulle kort tevore 'n bestuurderslisensie gekry het, èn gevolglik is een van die aangenaamste tydverdrywe seker die van motorbestuur, waarvoor hulle elke geleentheid sal aangryp omdat dit nog vir hulle 'n aardigheid is. By die dames is dit seker hoofsaaklik 'n belangstelling as gevolg van 'n behoefte om te kan leer motorbestuur.

(v) Tennis (+ 57 of + 6.2%).

Dit is 'n spel wat vir beide geslagte aangenaam is, en wat dwarsdeur die jaar gespeel/.........

speel kan word. Hier kan die maats weereens mekaar ontmoet om lekker saam te speel.
Die feit dat albei sekse aan die sport kan deelneem, tesame met die aangename ontspanning, moet vir die belangstelling in die tydverdryf verantwoordelik wees.

(vi) Simfoniekonsert (+ 52 of + 5.6%).

Dit is 'n eienskap van intellektueel-begaafde mense, waaronder universiteitstudente oor die algemeen getel kan word, dat hulle nie net in die alledaagse vermaaklikhede belangstel nie, maar ook in die meer verhewe vermaaklikhede, wat meer aandag verg. Dit is dus te verstaan, veral waar die ppe. boonop ook meestal dames was, wat van nature gewoonlik meer in musiek belangstel, dat simfonie-konsert so 'n betreklike hoë belangstelling verwerf het. Trouens, enige konsert, veral van 'n meer hoogstaande gehalte, word gewoonlik goed deur die studente en veral die „pare" ondersteun.

(vii) Gedigte (+ 52 of + 5.6%).

Hier kan ons so te sê dieselfde rede aanvoer as die vir Opera en Simfoniekonsert nl. dat gevorderde studente in meer verhewe dinge belangstel, alhoewel die kursus wat die oorgrote meerderheid van die ppe. volg, ook 'n taal (gewoonlik Hollands) insluit, met die gevolg dat hulle geleer het om gedigte te waardeer in hulle verdere studies. Hulle is dus toeganklik gemaak vir die skoonheid van die gedig.

(viii)/.........

(viii) Kunsgalery (+ 47 of + 5.1%).

Deur die ontwikkeling van die smaak vir die meer gevorderde tydverdrywe, soos Opera ens., kan 'n mens verwag dat dit ook na ander verwante gebiede sal uitbrei, waarvan kuns beslis een is. Verder het die meeste in hul kursus heelwaarskynlik in aanraking gekom met die waardering van kuns. Of anders het hulle as studente tog geleer om dinge beter te waardeer en te begryp as die gewone persoon, en gevolglik kan hulle die kunswerke in 'n kunsgalery meer op prys stel en 'n sterk belangstelling daarin ontwikkel.

(ix) Swem (+ 47 of + 5.1%).

In so 'n warm klimaat soos wat 'n mens in Potchefstroom teëkom, is daar min dinge so verfrissend as om gedurende 'n vry tydjie te swem, veral na 'n vermoeiende studie. Digby die koshuis is 'n swemdammetjie wat baie gereeld besoek word, en 'n ent verder die groot dorpsdam. 'n Student se belangstelling sal dus heel natuurlik na die verfrissende en aangename ontspanning uitgaan.

(x) „Die Huisgenoot" (+ 44 of + 4.7%).

Van al die Afrikaanse ontspanningtydskrifte is dit die populêrste, wat ook blyk uit die feit dat dit die grootste oplaag van die Afrikaanse tydskrifte in die land het. Aangesien daar ook tye van rustende ontspanning vir die studente aanbreek, veral Sondae, vind ons die tydskrif in die meeste van die kamers.

Tabel 3 toon ook die tydverdrywe aan wat die laagste voorkeur geniet het. Hulle is soos

volg/.............

volg:-

(i) Slange (- 141 of - 15.0%).

Om slange vir 'n tydverdryf aan te hou, is volgens die algemene opinie 'n geval waar die persoon na moeilikheid soek en met die dood speel. Aan moeilikheid en veral aan die dood het die mens van nature 'n geweldige afkeer, en boonop a.g.v. die afskuwelike voorkoms en die glibberigheid (waarvoor enige persoon 'n afkeer het) van die slang, kan ons verwag dat dit verreweg die grootste negatiewe belangstelling sal toon.

(ii) „Cowboy"-rolfilms (- 72 of - 7.8%).

As ons die toets aan kinders sou gegee het, dan sou hierdie item seker onder die eerste tien keuses geval het, maar namate kinders ouer word, kry hulle meer en meer afkeer in hierdie soort films, totdat, soos ons hier sien, dit die tweede grootste afkeer onder universiteitstudente is. Dit toon dus hoe vinnig sommige belangstellings met toenemende rypheid verander.

(iii) Vendusies (- 66 of - 7.2%).

Dieselfde redes vir die negatiewe belangstelling in afslaer (sien die bespreking van die laagste voorkeure van tabel 2) geld hier ook, want die twee is vanselfsprekend onafskeibaar aan mekaar verbonde.

(iv) Om 'n peleton te dril (- 64 of - 7.0%).

en

(v) Om saam in 'n peleton te dril (- 61 of - 6.5%).

Driloefening word gewoonlik allermins as 'n tydverdryf beskou, maar eerder as iets

waarin/.........

waarin 'n mens gedwing word. Buitendien het ons reeds genoem dat die meeste ppe. meisies was en dus sal hulle 'n natuurlike afkeer in so iets hê. Seuns het gewoonlik gedurende hulle skoolloopbaan deeglik met kadette (waarin die meeste 'n teësin gehad het) in aanraking gekom. Die persentasie seuns wat bevele kan gee, sonder om 'n gek van hulself te maak, is ook maar baie klein, en gevolglik kry ons die grootste afkeer daarin om self die driloefening waar te neem.

(vi) Om hout te kap (- 51 of - 5.4%).

Dit is ook 'n tydverdryf waarin baie min mense hulle sal verlustig (veral dames) want dit word geassosieer met werk en veral die werk van 'n kaffer, en gevolglik verstaan 'n mens die afkeer in so 'n tydverdryf.

(vii) Fortuinvertellers (- 50 of - 5.3%).

Die Afrikaners is oor die algemeen sterk godsdienstig georiënteer en een van die dinge wat die kerk baie beveg, is juis die fortuinvertellers of sogenaamde waarsêers. Ons het gevolglik 'n afkeer in sulke dinge omdat ons eenvoudig so grootgemaak is om dit as Godslasterlik en as 'n oneerlike geldmakery te beskou. Op 'n Christelike universiteit soos die waaraan die ppe. studeer, kan 'n mens 'n groot afkeer in sulke tydverdrywe verwag.

(viii) Oplos van meganiese probleme (- 44 of - 4.7%).

Die woord word dadelik geassosieer met probleme in Wiskunde of Rekenkunde waarvan hulle gewoonlik 'n oordosis op skool gekry

het/............

het soos uit die afkeer in Wiskunde en Rekenkunde te sien is - sien tabel 4 - en gevolglik het daar 'n afkeer in enige soort probleem ontwikkel. Buitendien studeer die ppe. nie een in 'n meganiese rigting nie, omdat hulle heelwaarskynlik nie aanleg in die rigting het nie. Dus sal hulle 'n negatiewe belangstelling in meganiese probleme hê.

(ix) Kaartspel (- 44 of - 4.7%).

Op die Christelike universiteit waar die ppe. hulle bevind het, is kaartspel verbied in die koshuise en daar word ook gedurig op studentevergaderings gepraat teen die sondige spel. Dit is dus geen wonder dat dit 'n stempel op die jong student druk nie, veral waar hy uit 'n Christelike huis kom. Gevolglik sal hy 'n sterk negatiewe belangstelling in die spel ontwikkel.

(x) Gholf (- 44 of - 4.7%).

Dit is 'n spel wat so te sê nooit deur die Afrikaners beoefen word nie, omdat dit gewoonlik as 'n betreklik lewelose en oninteressante spel beskou word, wat baie tyd in beslag neem en uiters min opwinding asook oefening (in vergelyking met ander spele) meebring. 'n Afrikaanse student, wie se vrye tyd boonop baie beperk is, sal dus vanselfsprekend 'n negatiewe belangstelling in die spel hê.

(3) Voor- en afkeur van universiteitsvakke (Tabel 4).

(i) Sielkunde (+ 162 of + 20.3%).

Die belangstelling in hierdie vak is verreweg die grootste onder die universiteits-

vakke/..........

vakke - iets wat 'n mens kan verwag, aangesien al die ppe. Sielkundestudente is, terwyl die ander vakke van die ppe. uiteenlopend is. Dus sal die vak noodwendig die hoogste voorkeur geniet by die bepaalde groep ppe.

(ii) Musiek (+ 93 of + 11.7%).

Alhoewel slegs enkele dames musiek as 'n vak geneem het op universiteit, moet ons die verklaring vir die hoë voorkeur miskien toeskryf aan die feit dat dit as 'n verhewe vak beskou word (sien die bespreking van Simfoniekonsert (+ 52 of + 5.6%) - tabel 3, asook die bespreking van Musikus (+ 67 of + 6.7%) - tabel 2), wat veral dames graag sal wil neem. Sommige is miskien net nie in die geleentheid gestel om musiek te neem nie, weens die ander vakke wat hulle MOET volg om hulle vir 'n lewensberoep voor te berei.

(iii) Letterkunde (+ 82 of + 10.3%).

Ongeveer 80% van die ppe. het 'n B.A.- of B.A. (Sos. Wet)-kursus gevolg en het gevolglik tenminste een taal (veral Hollands) as 'n vak geneem, waarin hulle met die Letterkunde in aanraking gekom het en geleer het om dit te waardeer. Dus het hulle gaandeweg 'n belangstelling daarvoor aangekweek. (Sien ook bespreking van Gedigte (+ 52 of + 5.6%) - tabel 3).

(iv) Kuns (+ 76 of + 9.5%).

Die rede vir die positiewe belangstelling in hierdie vak, is reeds bespreek onder Kunsgalery (+ 47 of + 5.1%) by tabel 3 se bespreking.

(v)/..........

(v) Filosofie (+ 65 of + 8.1%).

Met die beginsels van hierdie vak het seker die meeste van die ppe. al in aanraking gekom a.g.v. hulle akademiese studie, veral in die lettere. Boonop is die professor in die vak van landswye faam en dus sal hierdie bekendheid ook noodwendig 'n neiging veroorsaak om studente aan dieselfde universiteit, wat verwante vakke neem, se belangstelling te prikkel vir die belangrike vak, met die gevolglike drang om meer daarvan te wete te kom.

(vi) Sosiologie (+ 56 of + 7.0%).

Sosiale werkstudente neem almal die vak, want dit staan ten nouste in verband, net soos Sielkunde, met hulle werk. Die aantal sosiale wetenskap-ppe. is ook heelwat meer as die ppe. wat ander grade volg en daarom het die vak so 'n hoë voorkeur geniet.

(vii) Bybelstudie (+ 55 of + 6.9%).

Persone wat in 'n Christelike huis en atmosfeer groot geword het, sal van self in die godsdienstige sake ook belangstel en gevolglik die belangstelling in die vak wat veral sterk onder Afrikaners aangetref word.

(viii) Skryfkuns (+ 33 of + 4.1%).

Watter persoon begeer nie die kuns om dinge mooi te kan beskryf en gedagtes goed te kan stel nie, veral as 'n mens nog jonk is. Dit strek nie net tot ekonomiese voordeel nie, maar dit bring ook bekendheid en miskien beroemdheid mee, wat van groter belang is, want alle mense streef bewus of onbewus daar-

na/.............

na om belangrik te wees en om erken te word deur ander persone.

(ix) Spel (+ 31 of + 3.9%).

Dit is weereens 'n geval waar die maatskaplike werkstudente heel moontlik verantwoordelik is vir die voorkeurposisie van hierdie vak, want hulle kursus vereis dat hulle ook gereeld elke week aan kinders speletjies moet gee - die vak is dus 'n deel van hulle opleiding en werk en gevolglik kan 'n mens verwag dat dit 'n sterk positiewe belangstelling by hulle moet hê.

(x) Afrikaanse opstel (+ 29 of + 3.6%).

Ons moet die belangstelling in hierdie vak sien in die lig van die bespreking oor die vak „Skryfkuns" (+ 33 of + 4.1%) (soos hierbo beskryf) nl. 'n begeerte om gedagtes mooi te kan uiteensit, en die voordele wat daaraan verbonde is.

Tabel 4 toon ook die Universiteitsvakke aan wat die laagste voorkeur geniet het. Hulle is as volg:-

(1) Infinitesimale rekeninge („ Calculus") (- 83 of - 15.5%).

Behalwe Wiskundestudente weet die meeste persone nie presies wat die vak behels nie. Gevolglik is onbekendheid seker hier die hoofoorsaak van die groot negatiewe belangstelling, tesame met die feit dat die woord „ rekeninge" 'n aanduiding gee van wat die vak omvat. Die groep as geheel het dan ook 'n afkeer van - 20 of - 2.5% in Rekeninge. Bogenoemde twee redes moet dus vir die sterk negatiewe belangstelling verantwoorde-

lik/...........

lik wees.

(2) Statistieke ( - 76 of - 9.7%).

Al wat die ppe. van statistieke weet, is dat dit moeilike wiskundige berekeninge behels en vir Wiskunde het hulle as 'n groep alreeds 'n afkeer van - 16 of - 2.0%. Hier is dit dus 'n soortgelyke geval as met Infinitesimale rekeninge, nl. negatiewe belangstelling te wyte aan onbekendheid plus die verbintenis van die vak Statistieke aan 'n vak waarin hulle alreeds 'n sterk afkeer het.

(3) Meganiese tekeninge (- 73 of - 9.3%).

Nie een pp. stel in 'n meganiese rigting belang nie, soos uit die keuse van hul vakke al gesien kan word, omdat hulle heelwaarskynlik nie aanleg daarvoor het nie. Die ppe. dink dus dadelik aan 'n persoon wat heeldag tot vervelens toe worstel met tekeninge van 'n werktuigkundige aard wat wiskundige beredenering vereis. (Sien bespreking van Statistieke (- 76 of - 9.7%) asook die bespreking van Oplossing van meganiese probleme (-44 of - 4.7%) onder tabel 3).

(4) Militêre dril (- 68 of - 8.6%).

Die rede vir die negatiewe belangstelling is alreeds bespreek onder „ Om 'n peleton te dril" (- 64 of - 7.0%) en „ Om saam in 'n peleton te dril" (- 61 of - 6.5%). Sien bespreking van tabel 3.

(5) Winkelwerk („ Shop work") (- 60 of - 7.6%).

Die werk word algemeen beskou as 'n minderwaardige soort van werk, wat enige

persoon/........

persoon sonder besondere kwalifikasie kan doen. Universiteitstudente met hul opleiding sal dus tot 'n groot mate neersien op die beroep en veral die opleiding in sulke werk, waarbo hulle beslis staan met hulle ontwikkeling.

(6) Boekhou (- 46 of - 5.8%).

Behalwe die feit dat dit heeltemal buite die ppe. se kursus val en dus heelwaarskynlik nie in hul belangstellingsterrein is nie, word dit boonop ook geassosieer met die beroep van boekhouer (sien bespreking van Boekhouer - tabel 2 (- 32 of - 3.3%). (Sien ook bespreking van Snelskrif (- 39 of - 5.0%) wat meestal op skool saam met Boekhou gegee word - tabel 4).

(7) Houtwerk (- 44 of - 5.6%).

Skoliere wat 'n akademiese rigting volg, word gladnie in die vak opgelei nie. Dus moet die negatiewe belangstelling aan gebrek aan bekwaamheid en aan onbekendheid toegeskryf word, tesame met die feit dat 'n timmerman nie 'n hoë sosiale status besit nie.

(8) Burgerleer (- 44 of - 5.6%).

Die groep as geheel stel in geskiedenis belang (+ 14 of + 1.8%) en hulle behoort veral in hul eie land se administrasie belang te stel. Die negatiewe belangstelling moet moontlik toegeskryf word aan die woord „ leer" wat die ppe. mislei het en die gevolg was dat hulle dit met 'n militêre mag d.w.s. 'n leër van burgers geassosieer het. (Sien bespreking van Militêre dril (- 68 of - 8.6%) tabel 4).

(9)/............

(9) Engelse opstel (- 42 of - 5.3%).

Die negatiewe belangstelling dateer nog uit die skooldae toe die ppe. met die tweede taal geworstel het en gevolglik 'n afkeer vir veral die opstel wat baie gesukkel en moeilikheid meegebring het, ontwikkel het.

(10) Snelskrif (- 39 of - 5.0%).

Onbekendheid bring onbemindheid mee, want nie een pp. het al Snelskrif geneem nie. Buitendien, en hier moet die eintlike oorsaak van die negatiewe belangstelling gesoek word, word die vak op skool geassosieer met skoliere wat nie moeilike akademiese vakke kan neem nie, weens hul betreklik lae intelligensie. Daar word dus al vanaf die skooldae bewus of onbewus neergesien op die vak (dieselfde rede kan ook o.a. vir Boekhou (- 46 of - 5.8%) aangevoer word) en dit moet dus noodwendig lei tot 'n negatiewe belangstelling.

(h) SAMEVATTING VAN DIE HOOFRESULTATE:-

As ons die voorkeure en afkeure as 'n geheel beskou, dan merk ons dat die volgende faktore 'n belangrike rol in die bepaling van die belangstelling van die ppe. gespeel het:

1. Sosiale Status.

Die beroepe waar die persoon 'n hoë sosiale status het, het meestal groot belangstelling by die ppe. teweeggebring, soos bv. Geneesheer (+ 79 of + 7.9%), Predikant (+ 57 of + 5.7%), Professor (+44 of + 4.4.%). Aan die ander kant was daar vir die beroepe wat min sosiale status vir die werker inhou, weer 'n sterk negatiewe belangstelling,

bv./...........

bv. Afslaer (- 62 of - 6.4%), Fabriekswerker (- 60 of - 6.2%) en Winkelwerk (- 60 of - 7.6%).

2. Akademiese opleiding.

Dit het ook geblyk dat die hoër akademiese geskoolde persone estetiese waardenorme opbou, wat hoër staan as die van minderontwikkelde persone, bv. die groep universiteitsproefpersone het 'n verbasende voorkeur o.a. getoon in Musikus (+ 67 of + 6.7%), Opera (+ 70 of + 7.6%), Simfoniekonsert (+ 52 of + 5.6%) en Kunsgalery (+ 47 of + 5.1%).

3. Persoonlike veiligheid.

Dat 'n mens baie in sy persoonlike veiligheid belangstel en gevolglik 'n geweldige afkeer t.o.v. die dood het, blyk uit Begrafnisondernemer (- 103 of - 10.7%), Slange (- 141 of - 15.0%), asook tot 'n sekere mate uit die positiewe belangstelling in Snydokter (+ 63 of + 6.3%) en Wetenskaplike navorser (+ 38 of + 3.8%).

4. Rasseverskille en opvoeding.

Die belangstelling van 'n sekere ras, waarby die opvoeding 'n belangrike rol speel, verskil van die van 'n ander ras in sekere opsigte. So vind ons dat die Afrikaanse nasie as 'n geheel nie in gholf belangstel nie, soos bevestig word deur die Afrikaanse groep ppe. (- 44 of - 4.7%). Hulle stel weer baie in godsdiens belang, soos blyk uit die voorkeur vir Bybelstudie (+ 55 of + 6.9%), Predikant (+ 57 of + 5.7%) en uit die afkeer in Fortuinvertellers (- 50 of - 5.3%).

5. Rypheidstadium.

Die afkeer in „Cowboy"-rolfilms (- 72 of - 7.8%) is 'n uitstekende voorbeeld van hoe sekere belangstellings met toenemende ouderdom verander.

Indien/..........

Indien die ppe. 8 tot 10 jaar oud was, sou dit seker hoog op die lys van voorkeure gestaan het.

6. Studierigting.

Dit is byna vanselfsprekend dat die vakke wat in die besondere studierigting van die ppe. val, die meeste voorkeur sal geniet. So is daar vir Sielkunde (+ 162 of + 20.3%) 'n sterk positiewe belangstelling, asook vir Sosiologie (+ 56 of + 7.0%) by hierdie groep ppe. Belangstelling ontwikkel ook vir ander vakke waarmee hulle in aanraking kom, soos Spel (+ 31 of + 3.9%), Letterkunde (+ 82 of 10.3%) en Filosofie (+ 65 of + 8.1%). Belangstelling word ook oorgedra op verwante gebiede (velde), bv. Geneesheer (+ 79 of + 7.9%).

7. Onbekendheid en assosiasie met ander vakke.

Onbekendheid tesame met 'n verbintenis aan 'n vak waarvoor daar alreeds 'n afkeer is, kan 'n sterk negatiewe belangstelling veroorsaak, soos ons sien by Siviele ingenieur (- 33 of - 3.4%), Oplossing van meganiese probleme (- 44 of - 4.7%), Statistieke (- 76 of - 9.7%). Almal word met Wiskunde (- 16 of - 2.0%) geassosieer. Belangstelling (veral negatiewe belangstelling) kan dus op ander vakke oorgedra word, alhoewel daar nog nie met die vak kennis gemaak is nie.

8. Omgewingsinvloed.

Die omgewing waarin die persoon hom bevind, druk ook sy stempel af op die belangstelling van 'n persoon. So is daar dan 'n negatiewe belangstelling vir Kaartspel (- 44 of - 4.7%) hoofsaaklik weens die feit dat die spel op die bepaalde Christelike universiteit gedurig op allerlei maniere beveg en bestry word.

9/..............

9. Vroeëre ondervinding.

Vroeëre ondervinding, veral 'n onaangename, kan sy invloed terdeë op die persoon se belangstelling hê. So moet ons die afkeer in Engelse opstel (- 42 of - 5.3%) en Militêre dril (- 68 of - 8.6%) onder andere verklaar.

10. Vaardigheid en aanleg.

Onhandigheid en onbedrewenheid is ook 'n vername oorsaak van negatiewe belangstelling. So het die groep 'n negatiewe belangstelling in Houtwerk (- 44 of - 5.6%) getoon, hoofsaaklik weens die feit dat nie een van die ppe. enige aanleg of vaardigheid in die vak gehad het nie.

11. Algemeen.

Daar is wel nog ander faktore soos o.a. geslagsverskille, ouerlike beroep en behoefte, wat elkeen 'n rol in die bepaling van die persoon se belangstelling speel. Melding is van hierdie faktore gemaak onder die afsonderlike bespreking van die voor- en afkeure, waar hulle van toepassing was.

(i) WAARDE VAN HIERDIE EKSPERIMENT:-

Die eksperiment toon vir ons die mees aktuele belangstellings van 'n sekere groep studente. Daar kom wel baie individuele verskille voor, maar tog is daar sekere belangstellings wat bo die ander uitstaan, om verskeie redes (soos aangetoon). Dit is opmerklik dat studente, m.a.w. mense met 'n betreklik hoë akademiese opleiding, neersien op enigiets waardeur hulle 'n minderwaardige posisie sal inneem, en baie belangstel in beroepe ens. wat meer binne hulle aanleg en vermoë is, en waarin hulle 'n hoë aansien sal geniet.

Kortom, die eksperiment bied dus wel 'n metode aan om die uitstaande belangstellings van 'n groep positief sowel as negatief vas te stel.

---

4. EKSPERIMENT No. 2.

(a) Naam:-

Meting van belangstelling deur advertensies.

(b) Doel:-

Om die belangstelling in alledaagse persoonlike en huishoudelike artikels te meet, soos deur advertensies in tydskrifte daargestel.

(c) Apparaat:-

Vier-en-negentig verskillende advertensies van min of meer dieselfde grootte, uit gewone tydskrifte in omloop, is elk op 'n blanko foliopapier geplak. Die foliopapier word op die agterkant genommer van een tot vier-en-negentig. 'n Metronoom word ook in die eksperiment benodig.

(d) Metode:-

Die foliopapier met die advertensies word in volgorde van een tot vier-en-negentig in 'n pak gepak, sodat die kant met die nommers (d.w.s. die agterkant) na bo wys. Ses heeltemal blanko foliovelle word bo-op die pak gesit, asook een of twee na die laaste advertensie. Die metronoom word so gestel, sodat daar 'n pouse van ongeveer drie sekondes tussen elke slag van die metronoom is.

Aan die pp. word gesê dat hy eenvoudig die velle papier een vir een op die slag van die metronoom moet omdraai. Dit is uiters belangrik dat geen melding gemaak word, of dat die pp. 'n idee moet kry dat dit 'n geheuetoets is nie, want dan beantwoord die toets glad nie aan sy doel nie. Die ses heeltemal blanko foliovelle vooraf dien net om die pp. gewoond te maak om op die slag van die metronoom die vel papier om te draai. Nadat al die velle papier omgedraai is, word eers vir ongeveer twee minute met die pp. oor

iets/..........

iets anders gesels, en dan eers word aan hom gesê dat hy alles moet opnoem wat hy onthou. Die pn. skryf dit dan ondermekaar neer. Sodra die pp. effens vashak, (d.w.s. vir meer as vyf sekondes) trek die pn. 'n streep en as die pp. vir die tweede keer vashak, word die neerskrywe gestaak.

(e) Proefpersone:-

41 mans en 27 dames, waarvan die grootste persentasie tweede- en derdejaar-universiteitstudente is, is getoets.

(f) Resultate:-

(a) Om die resultate gerieflik te kan waardeer, is aan die antwoorde punte toegeken, volgens die onderstaande tabel 5, sodat elke artikel 'n kwantitatiewe waarde verkry op grond van geheue-voorkeur.

WAARDETOEKENNING VIR GEHEUEVOORKEUR.

TABEL 5.

| Rangorde in geheue. | Waarde. |
|---|---|
| 1 | 5 |
| 2 | 4 |
| 3 | 3 |
| 4 | 2 |
| 5 | 1 |
| 6 | 1 |
| 7 | 1 |
| ens. | ens. |

Die artikel wat eerste in die geheue opduik, se rangorde is 1 en sy waarde 5; die tweede artikel wat in die geheue opduik, se rangorde is 2 en die waarde 4; ens.

Wanneer die artikels geredelik na mekaar in die geheue opduik, word hulle waardes volgens hulle rangorde-posisie toegeken, soos in tabel 5 aangegee. Maar wanneer daar 'n tydelike vertraging van meer as vyf sekondes in die geheue-opduiking plaasvind, dui die pn. dit in die notering aan, en alle antwoorde kry daarna die waarde 1, ongeag of die rangorde-posisie 2, 3 of laer is. Na 'n tweede tydelike vertraging van meer as vyf sekondes in die geheue-opduiking, word notering van die antwoorde en dus puntetoekenning, gestaak.

(b) Die totale puntewaarde vir elke artikel se geheuevoorkeur word bepaal en in waarderangorde in drie tabelle geplaas: vir mans, dames en al die ppe. (Tabelle onder bespreking van resultate).

(g) <u>Bespreking van die resultate</u>:-

Wat die waarde t.o.v. geheuevoorkeur betref, spreek die tabelle vir hulleself baie duidelik. Vir 'n noukeuriger analise van geheuevoorkeur vir die verskillende artikels, is dit vir ons doel nie nodig om elke artikel in besonderhede na te gaan nie. Ons meen dat dit voldoende sal wees as ons die 10 hoogstes en al die laagstes met 0 - waardes (in die geval van die geheuevoorkeur by <u>al</u> die ppe. al die 1 - waardes) in die rangorde-reeks sal bespreek, want die twee uiterstes in die reeks is so kontrasterend, dat ons insigte inderdaad daaruit gevoed word, en nie uit die middelreeks waar geen uitstaande kenmerke te bespeur is nie.

1. <u>GEHEUE-VOORKEUR BY MANS</u>.

<u>TABEL 6</u>.

| | Advertensie | Totale waarde | %. |
|---|---|---|---|
| 1) | Fotografie (Kamera) | 75 | 6.2 |
| 2) | Motor | 70 | 5.8 |

3)/...........

| | Advertensie | Totale waarde | %. |
|---|---|---|---|
| 3) | Skoene | 56 | 4.6 |
| 4) | Tandepasta | 47 | 3.9 |
| 5) | Hareverwyderaar | 47 | 3.9 |
| 6) | Brandewyn | 41 | 3.4 |
| 7) | Silvo | 38 | 3.1 |
| 8) | Windpomp | 35 | 2.9 |
| 9) | Koffie | 30 | 2.5 |
| 10) | Ghitaar | 30 | 2.5 |
| 11) | Mansklere | 29 | 2.4 |
| 12) | Skoenpolitoer | 28 | 2.3 |
| 13) | Sigarette | 28 | 2.3 |
| 14) | Radio | 27 | 2.2 |
| 15) | Bier | 27 | 2.2 |
| 16) | Fiets | 26 | 2.1 |
| 17) | Tandeborsel | 25 | 2.1 |
| 18) | Winkelname | 24 | 2.0 |
| 19) | Stoofpolitoer | 22 | 1.8 |
| 20) | Kragkursus | 22 | 1.8 |
| 21) | Projektor | 20 | 1.6 |
| 22) | Verloofringe | 19 | 1.6 |
| 23) | Motorolie | 18 | 1.5 |
| 24) | Tobralco | 18 | 1.5 |
| 25) | Phillips Magnesia | 16 | 1.3 |
| 26) | Trekker | 15 | 1.2 |
| 27) | Eau-de-Cologne | 15 | 1.2 |
| 28) | Tee | 15 | 1.2 |
| 29) | Dettol | 15 | 1.2 |
| 30) | Skeerseep | 14 | 1.2 |
| 31) | Cutex | 14 | 1.2 |
| 32) | Vrugtebome | 14 | 1.2 |
| 33) | Nagereg (Royal) | 13 | 1.1 |
| 34) | Lugdienste | 13 | 1.1 |

35)/..........

| | Advertensie | Totale waarde | %. |
|---|---|---|---|
| 35) | Pompmasjien | 13 | 1.1 |
| 36) | Phospherine | 13 | 1.1 |
| 37) | Lipstiffie | 13 | 1.1 |
| 38) | Koeldrank | 12 | 1.0 |
| 39) | Haelpatrone | 11 | .9 |
| 40) | Haarolie | 11 | .9 |
| 41) | Vonkproppe | 11 | .9 |
| 42) | Motorbande | 9 | .7 |
| 43) | Batterye | 9 | .7 |
| 44) | Skeerlemmetjies | 9 | .7 |
| 45) | Palmolive | 9 | .7 |
| 46) | Mandoline | 9 | .7 |
| 47) | Aga-stoof | 8 | .7 |
| 48) | Huis | 8 | .7 |
| 49) | Ovaltine | 7 | .6 |
| 50) | Nierblaaspille | 7 | .6 |
| 51) | Assuransie (Sanlam) | 7 | .6 |
| 52) | Post Toasties | 7 | .6 |
| 53) | Meubels | 7 | .6 |
| 54) | Roses Lime Juice | 7 | .6 |
| 55) | Plaasgereedskap | 7 | .6 |
| 56) | Banjo | 7 | .6 |
| 57) | Vloerpolitoer | 7 | .6 |
| 58) | Komberse | 6 | .5 |
| 59) | Croxley | 6 | .5 |
| 60) | Reukwater (Yardley's) | 6 | .5 |
| 61) | Vulpen (Parker 51) | 5 | .4 |
| 62) | Film | 5 | .4 |
| 63) | Silwer stel | 5 | .4 |
| 64) | Persil | 4 | .3 |
| 65) | Amami | 3 | .2 |
| 66) | Grondboontjiebotter (Black Cat) | 3 | .2 |

67)/..........

| | Advertensie | Totale waarde | %. |
|---|---|---|---|
| 67) | Horlosie | 2 | .2 |
| 68) | Eye-Gene | 2 | .2 |
| 69) | Handsakke | 1 | .1 |
| 70) | Mum | 1 | .1 |
| 71) | Senu-versterkmiddel | 1 | .1 |
| 72) | Wol | 1 | .1 |
| 73) | Staalwerker | 1 | .1 |
| 74) | Verfkwassie | 1 | .1 |
| 75) | Brasso | 1 | .1 |
| 76) | Dasse (Tootal) | 1 | .1 |
| 77) | Sjampanje | 1 | .1 |
| 78) | African Gate and Fence (Damme) | 1 | .1 |
| 79) | Windlaaier | 1 | .1 |
| 80) | Milo | 1 | .1 |
| 81) | Jellie | 0 | 0 |
| 82) | Vaseline | 0 | 0 |
| 83) | Marmite | 0 | 0 |
| 84) | Macaroni | 0 | 0 |
| 85) | Vim | 0 | 0 |
| 86) | Poeier | 0 | 0 |
| 87) | Mosterd | 0 | 0 |
| 88) | Ink | 0 | 0 |
| 89) | Rice Crispies | 0 | 0 |
| 90) | Stysel | 0 | 0 |
| 91) | Hemde | 0 | 0 |
| 92) | Sjokolade | 0 | 0 |
| 93) | Petrol | 0 | 0 |
| 94) | Aandrok | 0 | 0 |

(i) Hoogste rangordewaardes:

(1) Fotografie (Kamera) (75 of 6.2%).

Uit hierdie hoë geheue-voorkeurwaarde sowel as uit die ppe. se retrospeksie, kan

die/...........

die geheuevoorkeur No. (1) toegeskryf word aan die besonder hoë belangstelling, wat studente (ppe.) vir fotografie besit. Meeste van die manstudente wat nie kameras besit het nie, het vuriglik begeer om een te besit; dus by laasgenoemde was dit belangstelling as gevolg van 'n begeerte om die eienaar van 'n sekere artikel te wees.

(2) Motor (70 of 5.8%).

Net soos by fotografie moet die hoë geheuevoorkeur toegeskryf word aan 'n hoë belangstelling wat die pp. vir 'n motor en die dinge wat daarmee geassosieer word, koester. 'n Groot aantal van die ppe. onder die manstudente het 'n besondere belangstelling in masjinerie, in die jongste uitvindings, ens. Dit word verder daardeur bevestig dat artikels van hierdie aard nie in die laaste gedeelte van die rangordereeks voorkom nie. Boonop is daar by die ppe. ook die hoë begeerte om 'n motor te besit, vanweë verskillende waardes en behoeftes. Op hierdie ouderdom mag hulle ook 'n lisensie verkry om 'n motor op publieke paaie te bestuur. (Sien ook Motorbestuur (+ 59 of + 6.3%) onder beskrywing van tabel 3).

(3) Skoene (56 of 4.6%).

Belangstelling hier is toe te skryf aan behoefte. Die moderne lewe vereis dat 'n mens skoene moet dra, en veral waar die advertensie goedkoop en goeie manskoene voorhou, het dit dadelik die belangstelling verskerp met die gevolglike geheuevoorkeur.

(4) <u>Tandepasta (47 of 3.9%)</u>.

Hier is dit net soos by skoene behoefte wat die belangstelling veroorsaak en gevolglik geheuevoorkeur meebring. Die tandepasta en tandeborsel word ook elke aand deur die studente gebruik voor hulle die dames gaan uitneem.

(5) <u>Hareverwyderaar (47 of 3.9%)</u>.

Die belangstelling in hierdie damesmiddel moet ons soek in die groot belangstelling wat mans gedurende hierdie jare vir dames het, en veral vir aantreklike dames.

(6) <u>Brandewyn (41 of 3.4%)</u>.

Op die Potchefstroomse Universiteit word sterk drank nie in koshuise toegelaat nie en weens die feit dat daar so 'n drastiese veldtog hierteen (d.i. sterk drank) gevoer word, het dit juis 'n indruk op die aandag van die studente gemaak toe hulle die besondere advertensie sien. Verdere retrospeksie het aan die lig gebring dat dit meestal 'n hunkering na verbode dinge is, wat die belangstelling by die mans ten opsigte hiervan opgewek het.

(7) <u>Silvo (38 of 3.1%)</u>.

Belangstelling in hierdie geval is toe te skryf aan bekendheid met die besondere artikel veral weens vroeëre persoonlike gebruik, bv. in kadette.

(8) <u>Windpomp (35 of 2.9%)</u>.

Ons het al 'n sterk positiewe belangstelling in boerdery aangetref (Sien bespreking van Boer (+ 49 of 4.9%) onder tabel

2)/.............

2). Dinge wat 'n essensiële deel van boerdery is, soos byvoorbeeld waterverskaffing, wek dadelik die belangstelling op. Belangstelling in masjinerie by 'n groot aantal ppe. het ook verder bygedra tot die geheue-voorkeur vir hierdie advertensie.

(9) Koffie (30 of 2.5%).

Koffie is 'n drank wat verreweg die meeste in die manskoshuise gedrink word, en na koffietyd word gewoonlik baie uitgesien, veral saans. Belangstelling is dus as gevolg van 'n lusgewende prikkeling by die ppe.

(10) Ghitaar (30 of 2.5%).

In die studentekoshuislewe speel die ghitaar 'n belangrike rol, veral saans by koffietyd wanneer die verskillende koshuise elkeen met ghitaarbegeleiding teen mekaar sing - iets waarna elke koshuisstudent baie uitsien. Serenades by die dameskoshuise, wat ook 'n belangrike deel van die studentelewe is, is nooit volmaak sonder 'n ghitaar nie. Belangstelling word dus hier veroorsaak deur 'n assosiasie met aangename gebeurtenisse.

(ii) Laagste rangordewaardes (0 of 0%):

Artikels wat spesifiek op dames betrekking het, soos 'n aandrok en poeier, asook dinge wat in verband met 'n dame se roeping, nl. huishouding staan, soos stysel, Rice Crispies, mosterd, vim, macaroni, vaseline (vir brandplekke ens.) en jellie, sal nie die belangstelling van mans prikkel nie, aangesien hul in ander dinge geïnteresseerd is. Hierdie artikels het ook nie by die mans-ppe. enige assosiasie of herinnering opgewek wat

moontlik/......

moontlik die belangstelling kon prikkel nie.

Aangesien nie een manstudent (d.i. die geval by die Potchefstroomse Universiteit) 'n motor besit nie, is dit te verstaan dat daar geen neiging by die ppe. is om in iets soos „ petrol" belang te stel nie. Sjokolade word ook baie min deur die mans self geëet, omdat hulle meestal rook en gevolglik nie van soetigheid hou nie.

„ Hemde" en „ ink" is wel artikels wat baie deur die mans-ppe. gebruik word, maar dit het geen geheuevoorkeur geniet nie, omdat dit by hulle alledaagse artikels is, en veral omdat daar geen direkte behoefte daaraan was nie.

(iii) Samevatting:

As ons nou die algemene aard van die mans e belangstelling gadeslaan, dan vind ons geen belangstelling vir dinge wat spesifiek met dames geassosieer word nie (soos onder die laagste rangordewaardes aangetoon is). Aan die ander kant neig die belangstelling van die mans meer na dinge soos masjinerie (Motor (70 of 5.8%) en Windpomp (35 of 2.9%) ) of na persoonlike genot en plesier (Koffie (30 of 2.5%), Brandewyn (41 of 3.4%), Fotografie (75 of 6.2%), Ghitaar (30 of 2.5%) ens.)

11. GEHEUE-VOORKEUR BY DAMES.

TABEL 7.

| | Advertensie | Totale waarde | %. |
|---|---|---|---|
| 1) | Verloofringe | 46 | 6.7 |
| 2) | Dettol | 44 | 6.4 |
| 3) | Reukwater (Yardley's) | 41 | 6.0 |
| 4) | Cutex | 29 | 4.2 |
| 5) | Radio | 26 | 3.8 |
| 6) | Tandepasta | 22 | 3.2 |

7)/...........

| | Advertensie | Totale waarde | % |
|---|---|---|---|
| 7) | Dasse (Tootal) | 20 | 3.0 |
| 8) | Silvo | 20 | 3.0 |
| 9) | Palmolive | 18 | 2.6 |
| 10) | Eau-de-Cologne | 18 | 2.6 |
| 11) | Batterye | 17 | 2.5 |
| 12) | Lipstiffie | 16 | 2.3 |
| 13) | Silwer stel | 16 | 2.3 |
| 14) | Marmite | 16 | 2.3 |
| 15) | Grondboontjiebotter (Black Cat) | 15 | 2.2 |
| 16) | Stoofpolitoer | 15 | 2.2 |
| 17) | Skoenpolitoer | 14 | 2.0 |
| 18) | Winkelname | 14 | 2.0 |
| 19) | Skoene | 13 | 1.9 |
| 20) | Sjampanje | 12 | 1.7 |
| 21) | Brandewyn | 11 | 1.6 |
| 22) | Assuransie (Sanlam) | 11 | 1.6 |
| 23) | Aga-stoof | 11 | 1.6 |
| 24) | Ovaltine | 9 | 1.3 |
| 25) | Persil | 9 | 1.3 |
| 26) | Koffie | 9 | 1.3 |
| 27) | Vulpen (Parker 51) | 9 | 1.3 |
| 28) | Amami | 8 | 1.2 |
| 29) | Tandeborsel | 8 | 1.2 |
| 30) | Vaseline | 8 | 1.2 |
| 31) | Sjokolade | 8 | 1.2 |
| 32) | Motor | 7 | 1.0 |
| 33) | Pompmasjien | 7 | 1.0 |
| 34) | Macaroni | 7 | 1.0 |
| 35) | Manspakke | 7 | 1.0 |
| 36) | Ghitaar | 7 | 1.0 |
| 37) | Projektor | 7 | 1.0 |

38)/..........

| | Advertensie | Totale waarde | %. |
|---|---|---|---|
| 38) | Skeerseep | 7 | 1.0 |
| 39) | Stysel | 7 | 1.0 |
| 40) | Rice Crispies | 7 | 1.0 |
| 41) | Ink | 7 | 1.0 |
| 42) | Sigarette | 7 | 1.0 |
| 43) | African Gate and Fence (Damme) | 6 | .9 |
| 44) | Skeerlemmetjies | 6 | .9 |
| 45) | Phillips Magnesia | 6 | .9 |
| 46) | Motorbande | 5 | .7 |
| 47) | Poeier | 5 | .7 |
| 48) | Tobralco | 5 | .7 |
| 49) | Jellie | 5 | .7 |
| 50) | Hemde | 5 | .7 |
| 51) | Fiets | 4 | .6 |
| 52) | Hareverwyderaar | 4 | .6 |
| 53) | Vim | 3 | .4 |
| 54) | Fotografie (Kamera) | 3 | .4 |
| 55) | Windpomp | 3 | .4 |
| 56) | Tee | 2 | .3 |
| 57) | Nagereg (Royal) | 2 | .3 |
| 58) | Film | 2 | .3 |
| 59) | Vonkproppe | 2 | .3 |
| 60) | Milo | 2 | .3 |
| 61) | Mosterd | 2 | .3 |
| 62) | Petrol | 1 | .1 |
| 63) | Aandrok | 1 | .1 |
| 64) | Horlosie | 1 | .1 |
| 65) | Vrugtebome | 1 | .1 |
| 66) | Komberse | 1 | .1 |
| 67) | Handsakke | 1 | .1 |
| 68) | Lugdienste | 1 | .1 |
| 69) | Motorolie | 0 | 0 |

70)/.........

| | Advertensie | Totale waarde | %. |
|---|---|---|---|
| 70) | Trekker | 0 | 0 |
| 71) | Brasso | 0 | 0 |
| 72) | Windlaaier | 0 | 0 |
| 73) | Nierblaaspille | 0 | 0 |
| 74) | Phospherine | 0 | 0 |
| 75) | Eye-Gene | 0 | 0 |
| 76) | Mandoline | 0 | 0 |
| 77) | Haarolie | 0 | 0 |
| 78) | Banjo | 0 | 0 |
| 79) | Bier | 0 | 0 |
| 80) | Verfkwassie | 0 | 0 |
| 81) | Staalwerke | 0 | 0 |
| 82) | Croxley | 0 | 0 |
| 83) | Kragkursus | 0 | 0 |
| 84) | Huis | 0 | 0 |
| 85) | Plaasgereedskap | 0 | 0 |
| 86) | Roses Lime Juice | 0 | 0 |
| 87) | Haelpatrone | 0 | 0 |
| 88) | Wol | 0 | 0 |
| 89) | Senu-versterkmiddel | 0 | 0 |
| 90) | Mum | 0 | 0 |
| 91) | Post Toasties | 0 | 0 |
| 92) | Meubels | 0 | 0 |
| 93) | Koeldrank | 0 | 0 |
| 94) | Vloerpolitoer | 0 | 0 |

(i) Hoogste rangordewaardes:-

(1) Verloofringe (46 of 6.7%).

Hierdie ppe. verkeer in hulle adolessente jare en die meeste van hulle het liefdesverhoudings met mansvriende. Daar is by hulle 'n baie sterk begeerte om verloof te raak. Daarom dat hulle so 'n besonder hoë belang-

stelling/.......

stelling vir verloofringe toon.

(2) Dettol (44 of 6.4%).

'n Bekende ontsmettingsmiddel om aan dringende sanitêre behoeftes te voldoen. Belangstelling word gewek deur behoefte, gebruik en bekendheid.

(3) Yardley's (Reukwater) (41 of 6.0%).

Dit is by dames gebruiklik om van reukwater gebruik te maak om fris en aangenaam te voel. In advertensies word daarna gestrewe om hierdie gebruik in 'n behoefte om te skep, veral waar met mansvriende in aanraking gekom word. Yardley's is 'n bekende goeie laventel. Daarom dat so 'n hoë geheuevoorkeur deur belangstelling hier te verwagte is.

(4) Cutex (29 of 4.2%).

'n Bekende middel om naels te versorg. Deur die advertensie word daar by die dame 'n behoefte geskep om 'n goedversorgde voorkoms te mag hê waardeur aangename geselskap (w.o. mans) verseker sal word. Belangstelling hierin sal die geheuevoorkeur begunstig.

(5) Radio (26 of 3.8%).

Ons het alreeds daarop gewys dat musiek, veral die meer hoogstaande musiek, 'n groot belangstelling onder die ppe. geniet (Sien Musikus (+ 67 of + 6.7%) - tabel 2, Orkes-dirigent (+ 38 of + 3.8%) - tabel 2, Opera (+ 70 of + 7.6%) - tabel 2, Simfoniekonsert (+ 52 of + 5.6%) - tabel 3, Musiek (+ 93 of + 11.7%) - tabel 4). Die radio

is/...........

is so te sê die enigste middel waardeur die studente hul behoefte aan musiek kan bevredig.

(6) Tandepasta (22 of 3.2%).

Behalwe die feit dat dit 'n middel is wat daagliks gebruik word, moet hierdie geheuevoorkeur gesien word in dieselfde lig as die verklaring van die belangstelling in Yardley's Reukwater (41 of 6.0%). Belangstelling is dus as gevolg van 'n behoefte om die persoonlike aantreklikheid te verhoog.

(7) Dasse (Tootal) (20 of 3.0%).

Waar die dames op hierdie leeftyd 'n sterk belangstelling in mans het, sal die belangstelling bewustelik of onbewustelik oorgedra word op die kleredrag van die mans, want daaruit probeer hulle ook om die „tipe" van man vas te stel.

(8) Silvo (20 of 3.0%).

Die rede vir die belangstelling en gevolglike geheuevoorkeur by die ppe. is nie soseer omdat dit 'n middel is wat hulle eendag baie in hul huise sal gebruik nie, maar veral omdat dit deur mans in uniform gebruik word. 'n Man in uniform voldoen tot 'n hoë mate aan die vorm van „manlikheid" wat deur die dames as ideaal vir 'n toekomstige maat gestel word.

(9) en (10) Palmolive (18 of 2.6%) en Eau de Cologne (18 of 2.6%).

Presies dieselfde opmerkings wat by Yardley's Reukwater (41 of 6.0%) gemaak is, geld/..........

geld vir hierdie twee geheuevoorkeur.

(ii) Laagste rangordewaardes (0 of 0%).

As ons in aanmerking neem dat ons met 'n groep universiteitsdames-ppe. te doen het, is dit te verwagte dat hulle vir sulke dinge, wat meestal met mans geassosieer word, soos Haarolie, 'n Kragkursus, Bier en Roses Lime Juice, geen belangstelling sal hê nie. Dieselfde rede geld vir die gebrek aan belangstelling in Motorolie, Trekker, Windlaaier, Staalwerke, Plaasgereedskap en Haelpatrone. Die Banjo en Mandoline is ook musiekinstrumente wat so te sê net deur mans bespeel word.

Waar die artikels van die hoogste rangordewaarde om een bepaalde behoeftekompleks sentreer, nl. 'n lewensmaat van die teenoorgestelde seks, is dit heel duidelik waarom nie belanggestel sal word in gewone huishoudelike artikels nie, soos: Vloerpolitoer, Croxley skryfpapier, Meubels, Koeldrank, Verfkwassie, Huis, Post Toasties, Wol en Brasso. Daarom dat hier ook geen geheuevoorkeur te verwagte is nie.

Persone in die fleur van hul lewe het hoegenaamd geen behoefte aan en gevolglik geen belangstelling in sulke middels soos Nierblaaspille, Phospherine, Eye-Gene en Senu-versterkmiddel nie.

Die geheuevoorkeurwaarde van Mum word sterk betwyfel weens die aard van die artikel, want dit sou baie goed ingepas het by die hoogste voorkeurgroep. Die dames-ppe. was blykbaar te skaam om die artikel teenoor die pn. te noem.

(iii)/...............

(iii) Samevatting:

Samevattend kan ons konstateer, as ons die hoogste rangordewaardes van die dames-ppe. nagaan, dat daar by hulle 'n behoefte is om hul aantreklikheid in alle opsigte te verhoog, om sodoende 'n goeie indruk op mans te maak. Dit kan wees dat hulle die behoefte selfbewustelik ondervind, of dat die advertensiekuns die behoefte by hulle opwek, of dat albei faktore meewerk. Dit is skrywer se opinie (alhoewel dames dit self nooit sal erken nie) dat die meeste damestudente slegs een hoofbelangstelling het, nl. 'n toekomstige lewensmaat. Hierdie bewering is ook bevestig deur introspeksie met enkele dames-ppe.

Wat die laagste rangordewaardes betref, kry ons geen belangstelling in dinge wat met mans of siektes (kwale) geassosieer word nie. Verder sien ons dat die alledaagse lewensbehoeftes (voeding, kleding, ens.) ook nie die belangstelling in die advertensies so wek nie, want die dinge is vir die gewone mens min of meer maklik bekombaar. Maar die drang om 'n lewensmaat se guns te wen en uiteindelik te bekom, m.a.w. bevrediging van 'n nuwe en baie belangrike behoefte wat in die adolessensie baie sterk op die voorgrond tree, sal sodoende in die sentrum van die belangstellingsveld tree. Daarom dat die behoefte hier so sterk is.

111. GEHEUEVOORKEUR BY AL DIE PROEFPERSONE:

Tabel 8.

| | Advertensie | Totale waarde | %. |
|---|---|---|---|
| 1) | Fotografie (Kamera) | 78 | 4.1 |
| 2) | Motor | 77 | 4.0 |
| 3) | Skoene | 69 | 3.6 |

4)/...........

| | Advertensie | Totale waarde | %. |
|---|---|---|---|
| 4) | Tandepasta | 69 | 3.6 |
| 5) | Verloofringe | 65 | 3.4 |
| 6) | Dettol | 59 | 3.1 |
| 7) | Silvo | 58 | 3.0 |
| 8) | Radio | 53 | 2.8 |
| 9) | Brandewyn | 52 | 2.7 |
| 10) | Hareverwyderaar | 51 | 2.7 |
| 11) | Reukwater (Yardley's) | 47 | 2.5 |
| 12) | Cutex | 43 | 2.3 |
| 13) | Skoenpolitoer | 43 | 2.3 |
| 14) | Koffie | 39 | 2.0 |
| 15) | Windpomp | 38 | 2.0 |
| 16) | Winkelname | 38 | 2.0 |
| 17) | Ghitaar | 37 | 1.9 |
| 18) | Stoofpolitoer | 37 | 1.9 |
| 19) | Manspakke | 36 | 1.9 |
| 20) | Sigarette | 35 | 1.8 |
| 21) | Tandeborsel | 33 | 1.7 |
| 22) | Eau-de-Cologne | 33 | 1.7 |
| 23) | Fiets | 30 | 1.6 |
| 24) | Lipstiffie | 29 | 1.5 |
| 25) | Palmolive | 27 | 1.4 |
| 26) | Projektor | 27 | 1.4 |
| 27) | Bier | 27 | 1.4 |
| 28) | Batterye | 26 | 1.4 |
| 29) | Tobralco | 23 | 1.2 |
| 30) | Phillips Magnesia | 22 | 1.2 |
| 31) | Kragkursus | 22 | 1.2 |
| 32) | Tootaldasse | 21 | 1.1 |
| 33) | Silwer stel | 21 | 1.1 |
| 34) | Skeerseep | 21 | 1.1 |
| 35) | Pompmasjien | 20 | 1.1 |

36)/............

| | Advertensie | Totale waarde | %. |
|---|---|---|---|
| 36) | Aga-stoof | 19 | 1.0 |
| 37) | Assuransie (Sanlam) | 18 | .9 |
| 38) | Grondboontjiebotter (Black Cat) | 18 | .9 |
| 39) | Motorolie | 18 | .9 |
| 40) | Tee | 17 | .9 |
| 41) | Ovaltine | 16 | .8 |
| 42) | Marmite | 16 | .8 |
| 43) | Skeerlemmetjies | 15 | .8 |
| 44) | Trekker | 15 | .8 |
| 45) | Nagereg (Royal) | 15 | .8 |
| 46) | Vrugtebome | 15 | .8 |
| 47) | Vulpen (Parker 51) | 14 | .7 |
| 48) | Motorbande | 14 | .7 |
| 49) | Lugdienste | 14 | .7 |
| 50) | Persil | 13 | .7 |
| 51) | Vonkproppe | 13 | .7 |
| 52) | Phospherine | 13 | .7 |
| 53) | Sjampanje | 13 | .7 |
| 54) | Koeldrank | 12 | .6 |
| 55) | Amami | 11 | .6 |
| 56) | Haelpatrone | 11 | .6 |
| 57) | Haarolie | 11 | .6 |
| 58) | Mandoline | 9 | .5 |
| 59) | Vaseline | 8 | .4 |
| 60) | Sjokolade | 8 | .4 |
| 61) | Huis | 8 | .4 |
| 62) | Post Toasties | 7 | .4 |
| 63) | Meubels | 7 | .4 |
| 64) | Vloerpolitoer | 7 | .4 |
| 65) | Rose's Lime Juice | 7 | .4 |
| 66) | Plaasgereedskap | 7 | .4 |

| | Advertensie | Totale waarde | %. |
|---|---|---|---|
| 67) | Banjo | 7 | .4 |
| 68) | Ink | 7 | .4 |
| 69) | Rice Crispies | 7 | .4 |
| 70) | Stysel | 7 | .4 |
| 71) | Film | 7 | .4 |
| 72) | African Gate and Fence (Damme) | 7 | .4 |
| 73) | Macaroni | 7 | .4 |
| 74) | Nierblaaspille | 7 | .4 |
| 75) | Komberse | 7 | .4 |
| 76) | Croxley | 6 | .3 |
| 77) | Poeier | 5 | .3 |
| 78) | Jellie | 5 | .3 |
| 79) | Hemde | 5 | .3 |
| 80) | Horlosie | 3 | .2 |
| 81) | Vim | 3 | .2 |
| 82) | Milo | 3 | .2 |
| 83) | Eye-Gene | 2 | .1 |
| 84) | Mosterd | 2 | .1 |
| 85) | Handsakke | 1 | .1 |
| 86) | Mum | 1 | .1 |
| 87) | Senu-versterkmiddel | 1 | .1 |
| 88) | Wol | 1 | .1 |
| 89) | Staalwerke | 1 | .1 |
| 90) | Verfkwassie | 1 | .1 |
| 91) | Brasso | 1 | .1 |
| 92) | Petrol | 1 | .1 |
| 93) | Aandrok | 1 | .1 |
| 94) | Windlaaier | 1 | .1 |

(i) Hoogste rangordewaardes.

Omdat die aantal mansproefpersone 41 teenoor 27 dames is, is dit te verwagte dat die geheuevoorkeur by die mans hier sal oorheers.

Tabel/...........

Tabel 9 gee 'n vergelyking hiervan.

Vergelyking van hoogste rangordewaardes.

Rangorde in geheue:

TABEL 9.

| | Mans | Dames | Totaal | M of D oorheers |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Fotografie (75) | Verloofringe (46) | Fotografie (78) | M |
| 2. | Motor (70) | Dettol (44) | Motor (77) | M |
| 3. | Skoene (56) | Reukwater (41) | Skoene (69 | M |
| 4. | Tandepasta (47) | Cutex (29) | Tandepasta (69) | M/D |
| 5. | Hareverwyde-raar (47) | Radio (26) | Verloof-ringe (65) | D |
| 6. | Brandewyn (41) | Tandepasta (22) | Dettol (59) | D |
| 7. | Silvo (38) | Dasse (20) | Silvo (58) | M/D |
| 8. | Windpomp (35) | Silvo (22) | Radio (53) | D |
| 9. | Koffie (30) | Palmolive (18) | Brandewyn (52) | M |
| 10. | Ghitaar (30) | Eau-de-Cologne (18) | Hareverwyse-raar (51) | M |

Met die uitsondering van Tandepasta en Silvo, word die geheuevoorkeur deur die mans of deur die dames bepaal. Die faktore wat vir die geheuevoorkeur bepalend was, is reeds hierbo onder die bespreking van die hoogste rangordewaardes vir mans en dames uiteengesit.

(ii) Laagste rangordewaardes.

'n Vergelykingstabel is nodig vir 'n beter oorsig.

Vergelyking van laagste rangordewaardes.

TABEL 10.

| | Mans | Dames | Totaal | M of D oorheers |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Aandrok (0) | Vloerpolitoer (0) | Windlaaier (1) | D |
| 2. | Petrol (0) | Koeldrank (0) | Aandrok (1) | M |
| 3. | Sjokolade (0) | Meubels (0) | Petrol (1) | M |

4./.............

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4. | Hemde (0) | Post Toasties (0) | Brasso (1) | D |
| 5. | Stysel (0) | Mum (0) | Verfkwassie (1) | D |
| 6. | Rice Crispies (0) | Senu-versterk-middel (0) | Staalwerke (1) | D |
| 7. | Ink (0) | Wol (0) | Wol (1) | D |
| 8. | Mosterd (0) | Haelpatrone (0) | Senu-versterk-middel (1) | D |
| 9. | Poeier (0) | Rose's Lime Juice (0) | Mum (1) | D |
| 10. | Vim (0) | Plaasgereedskap (0) | Handsakke (1) | |
| 11. | Macaroni (0) | Huis (0) | | |
| 12. | Marmite (0) | Kragkursus (0) | | |
| 13. | Vaseline (0) | Croxley (0) | | |
| 14. | Jellie (0) | Staalwerke (0) | | |
| 15. | | Verfkwassie (0) | | |
| 16. | | Bier (0) | | |
| 17. | | Banjo (0) | | |
| 18. | | Haarolie (0) | | |
| 19. | | Mandoline (0) | | |
| 20. | | Eye-Gene (0) | | |
| 21. | | Phospherine (0) | | |
| 22. | | Nierblaaspille (0) | | |
| 23. | | Windlaaier (0) | | |
| 24. | | Brasso (0) | | |
| 25. | | Trekker (0) | | |
| 26. | | Motorolie (0) | | |

Uit hierdie tabel t.o.v. die laagste rangorde-waardes kan geen duidelik tendense vasgestel word nie. Met uitsondering van handsakke, is die laagste waardes deur die geheuevoorkeur van die mans- en dames-ppe. onderskeidelik bepaal. Die enkele artikel hierbo genoem het tussen die twee groepe ppe. deurgeval.

lV. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS:

Waar belangstelling deur geheuevoorkeur aangegee word, het hierdie eksperiment duidelik getoon dat die belangstelling by man- en damestudente uiteenlopend is. Hier gee die gesamentlike resultate byna niks opvallends nie.

Die manstudente het 'n besondere belangstelling in die fisies-meganiese rigting (Fotografie (75 of 6.2%), Motors (70 of 5.8%), en Windpompe (35 of 2.9%) ). Daarna volg 'n belangstelling in die selfgevoel en eiewaarde (Skoene (56 of 4.6%) en Tandepasta (47 of 3.9%) ). Daarop volg 'n waarskynlike belangstelling in die teenoorgestelde seks (Hareverwyderaar (47 of 3.9%)). Daarna volg eetgenot (Brandewyn (41 of 3.4%), Koffie (30 of 2.5%) ) en goedkoop vermaak (Ghitaar (30 of 2.5%) ).

Die damestudente se belangstelling gaan byna deurgaans in die rigting van versorging van die persoon op so 'n wyse dat hulle daardeur die aandag sal trek, of guns sal wen van persone van die teenoorgestelde seks, soos die resultate sonder twyfel aantoon.

(h) Waarde van hierdie eksperiment:-

Soos uit die resultate blyk, is hierdie metode van geheuevoorkeur van besliste waarde vir die meting van belangstelling, omdat dit ook belangstellings aandui, (veral by die dames) wat andersins nie maklik erken sal word nie.

Verder is dit 'n betreklik eenvoudige metode wat maklik en sonder duur apparate uitgevoer kan word, maar wat tog doeltreffend is.

5. EKSPERIMENT No. 3.

(a) Naam:-

Meting van belangstelling deur die vrye-assosiasie-toets.

(b) Doelstelling:-

Die meting van belangstelling deur van die metode van vrye-assosiasie gebruik te maak.

(c) Apparaat:-

(i) Prikkelwoorde.

Die volgende prikkelwoorde is gebruik (in onderstaande volgorde).

1) Ontspanning
2) Geïnteresseerdheid
3) Wetenskap
4) Stad
5) Krag
6) Loopbaan
7) Bal
8) Plaas
9) Kampioen
10) Sport
11) Werk
12) Liefde
13) Ontwikkeling
14) Beginsel
15) Papier
16) Stokperdjies
17) Mense
18) Omgewing
19) Droom
20) Huis
21) Aand
22) Leer
23) Doel
24) Maats
25) Juweel
26) Begeerte
27) Godsdiens
28) Wens
29) Politiek
30) Toekoms
31) Afsku
32) Musiek
33) Masjien
34) Draad

(ii) Stemopname-apparaat.

Die apparaat word so opgestel dat die pp. dit nie kan sien nie, terwyl die mikrofoon van die opname-apparaat so na as moontlik aan die sitplek van die pp. versteek word, omdat die pp. onder geen

omstandighede/..

omstandighede moet weet dat 'n opname van sy stem gemaak word nie.

(d) Metode:-

Eers word die pp. op sy gemak gestel deur bv. met hom of haar oor allerhande dinge te gesels, totdat daar hoegenaamd geen tekens van senuweeagtigheid te bespeur is nie. Hy moet gemaklik sit en ook op so 'n manier dat sy aandag nie deur uiterlike faktore afgetrek kan word nie. Alles moet dus gedoen word om die volle aandag en medewerking van die ppe. by die toets te verkry.

Hierna word op taktvolle wyse oorgegaan om aan die pp. te verduidelik wat van hom verlang word ten opsigte van die eksperiment. Hy moet naamlik alle woorde dadelik opnoem wat in sy gedagte kom sonder om hulle te probeer keer of keur, nadat die pn. die prikkelwoord verskaf het.

Die pn. probeer om soveel moontlik van die reaksiewoorde neer te skryf, maar hy moet so skryf dat die pp. nie kan sien wat hy neerskryf nie. Die pn. moet ook net opkyk na die pp. wanneer die prikkelwoord gegee word.

Na hierdie toets word sekere vrae aan die pp. gestel om bykomende informasie in te win. Die volgende vrae is gewoonlik gevra:-

(1) Waarin stel jy alles baie belang?

(2) Van watter vakke het jy op die hoërskool gehou en waarom?

(3) Van watter vakke het jy op die laerskool gehou en waarom?

(4) Watter beroep beoefen jy of gaan jy beoefen, en wat is die rede vir jou keuse (bv. self besluit, invloed van onderwyser ens. ens.).

Deur/..........

Deur middel van retrospeksie word later bepaal, nadat die ontbrekende reaksiewoorde met behulp van die stemopname aangevul is, waarom die ppe. sekere woorde genoem het. Terselfdertyd word gepoog om die verskillende belangstellingsrigtings vas te stel om sodoende die klomp reaksiewoorde te verminder tot 'n paar sprekende woorde.

(e) Proefpersone:-

Vir hierdie eksperiment is 21 mans en 15 dames getoets. Al die ppe. was of eerste- of tweede- of derdejaar-universiteitstudente.

(f) Resultate:-

Die reaksies van elke pp. op 'n bepaalde prikkel-aanvangswoord, het 'n tendens in 'n bepaalde rigting geopenbaar, wat aan 'n bepaalde belangstellings-rigting of -rigtings toegeskryf kan word, soos ook deur die retrospeksie bevestig is. By elke assosiasie-reeks is die sentrale tendense in onderstaande tabel 11 en 12 aangegee.

TABEL 11.

'n Samevatting van die assosiasietendense by mansproefpersone.

(Sien bylae I)

TABEL 12.

'n Samevatting van die assosiasietendense by damesproefpersone.

(Sien bylae II)

(g) Bespreking van resultate:-

1. Algemeen:-

Die resultate soos in tabelle 11 en 12 saamgevat, toon dat die vrye-assosiasie in bepaalde rigtings neig. Die toepassing van retrospeksie

het/..........

het aangetoon dat die rigtings waarin die assosiasies neig, deur die ppe. se belangstelling gerugsteun word, sodat dit nie verkeerd sal wees om gerieflikheidshalwe van belangstellingsrigting te praat nie.

Daar is 'n duidelike belangstellingsrigting wat by die mans-ppe. aangetref word, en 'n duidelike belangstellingsrigting by die dames-ppe. Maar dan is daar ook belangstellingsrigtings wat by albei sekse duidelik blyk. Daarom sal so ver moontlik albei tabelle vergelykenderwys bespreek word.

By die analise van die resultate, sal so ver moontlik detail-analise van elke reaksie vermy word, en sal liefs so ver moontlik van tipes-reaksies en algemene tendense gebruik gemaak word.

11. Analise van algemene tendense:-

(i) By die prikkelwoordgroep : Ontspanning, Bal, Kampioen, Sport, is daar by die mans 'n belangstelling vir sportsoorte waar liggaamskragmeting by betrokke is, soos Voetbal (43), Tennis (27), Boks (11), Stoei (10), Atletiek (6), Liggaamlike oefeninge (2). Die assosiasieneiging in hierdie rigting is waarskynlik as gevolg van die kultuurvorme van manlikheid, waaraan elke adolessente man graag voldoen (miskien ook om die guns van die teenoorgestelde seks te wen, omdat die seksdrang hier in sy bloeiperiode verkeer). Maar daar is ook ander faktore wat tot 'n mate die

assosiasie/.....

assosiasie beïnvloed, nl. die plek wat sport in die studentelewe inneem (intervarsitie ens.), die aangenaamheid daarvan in teenstelling met inspannende studiewerk, wat meer deur 'n pligsgevoel en strewe na ideaalbereiking gedoen word, as om lusgewin. Eksterne faktore het ook beslis die belangstellingsrigting beïnvloed, soos deur retrospeksie vasgestel is, want toe die toetse afgeneem is, was die All Blacks in Suid-Afrika (Voetbal) terwyl die prestasies van Eric Sturgess (Tennis) Johnny Ralph (Boks) en Manie Maritz (Stoei) voorbladnuus was.

Die ander reaksies, soos Outo-suggestie (1), Lees (4), Musiek (2), Piekniek (1), Bioskoop (3), Toere (2) en Kamera (1) is hier meer individueel en kan nie as 'n algemene neiging van die groep beskou word nie.

Die assosiasie by dames neig ook na sport:

(a) waaraan slegs mans deelneem, bv. Voetbal (20), Boks (10),

(b) waaraan mans en dames deelneem, bv. Hokkie (17), Tennis (25),

en

(c) in 'n geringer mate na sport waaraan dames alleen deelneem, bv. Korfbal (10) en Netbal (5).

Hierdie assosiasieneiging kan waarskynlik toegeskryf word aan belangstelling in die kultuurvorm van manlikheid (wat as goed

en/............

en ideaal beskou word), aangesien die dame haar in hierdie kultuur minderwaardig voel en 'n strewe (dus belangstelling) het in die vorm van „ manlike protes" (a la Adler). Maar dit kan ook toegeskryf word aan die strewe en verlange na die teenoorgestelde geslag of aan sy hoof aktiwiteite in die studentelewe. Om dieselfde redes kan die belangstelling neiging na sportsoorte waaraan albei sekse kan deelneem, bv. hokkie en tennis; en daarom die allerminste na netbal en korfbal, hoewel dit die lusgewende aktiwiteite van die damestudent alleen is. Hier, net soos by die mans-ppe., het die uiterlike faktore wat reeds genoem is, ook 'n invloed op die belangstellingsrigting gehad.

Belangstelling in Musiek (4) kan uit 'n aangebore aanleg voortspruit of as gevolg van die hoërstaande estetiese waardevorme van die meer-akademies-geskoolde persone (sien bespreking van Musikus (+ 67 of + 6.7%) - tabel 2, Orkes-dirigent (+ 38 of + 3.8%) - tabel 2, Opera (+ 70 of + 7.6%) - tabel 3 en Simfoniekonsert (+ 52 of + 5.6%) - tabel 3, Musiek (+ 93 of 11.7%) - tabel 4).

Belangstelling in Lees (6) en Brei (5) sou by damestudente verwag kan word, omdat dit 'n aangename tydverdryf is teenoor nie-lusgewende studie.

Reaksies soos Natuur (1), Bioskoop (3), Loop (2), Stopwerk (1), Pluimbal (2), Atletiek (2), Swem (2), Gesondheid (1) en

Spiere/........

Spiere (1) kan ons beskou as meer individuele reaksies.

(ii) Stokperdjie.

By die mans neig die belangstelling na Fotografie (7) (sien ook bespreking van Fotografie (75 of 6.2%) - tabel 6), Houtwerk (4) en Seëls versamel (5), terwyl die dames, soos ons kan verwag, weer in Brei (5), Lees (7) en Musiek (6) (Sien ook bespreking onder (i) hierbo) belangstel.

Die reaksies wat 'n frekwensiewaarde van een of twee het, kan ons beskou as meestal meer individueel van aard en gevolglik nie so seer as 'n algemene neiging van die groep nie. Dus sal hulle in die verdere bespreking nie veel genoem word nie, aangesien hulle vir ons doel meestal van geen waarde is nie, behalwe dat hulle bewys dat daar groep- sowel as individuele belangstellingsrigtings bestaan.

(iii) Doel, Toekoms en Loopbaan.

Die reaksie op hierdie drie prikkelwoorde het, soos ons kan verwag, by die mans- en dames-ppe. veral neergekom op sukses met hul studie-onderneming, nl. Studie, Graad behaal of Eksamen slaag (Mans (13), Dames (5) ); Sukses en Ideaal bereik (Mans (3), Dames (6) ). Verder ook met die beroep waarvoor hulle hulle bekwaam, soos Onderwyser(es) (Mans (19), Dames (14), sien ook bespreking van Onderwyser (+ 66 of + 6.6% - tabel 2) ); Predikant (Mans (4) ); Sielkundige en Psigiater

(Mans/.........

(Mans (4) ), Sosiale Werker (Dames (10) ) ens.

Die belangstellingsrigting het by die mans ook na die gebied van sport, nl. Voetbal (3) uitgestrek, terwyl die dames met die meer emosionele (lusgewende) rigting, nl. Geluk (5) en Ouers-plesier (2) te doen gehad het.

Die gevare en onsekerheid van die toekoms in die teenswoordige tyd, het 'n groter indruk op die man wat die broodwinner van sy huisgesin eendag sal wees, gemaak, as op die dames-ppe. wat van die man afhanklik sal wees. (Mans (6), Dames (2) ).

(iv) Begeerte en Wens.

Net soos by die bespreking van (iii) hierbo, stel die ppe. die meeste belang in hul onmiddellike doel, nl. Studiesukses, Graad en Geleerdheid (Mans (16), Dames (11) ). Nietemin word ook uitgesien na 'n periode van rus, nl. Vakansie (Mans (5), Dames (8) ) na die vermoeiende verstandelike werk.

Daar is ook belangrike seksverskille deurdat die mans-ppe. in die toekoms belangstel, nl. om eendag 'n Hoë posisie (6) te beklee, asook in beroepe waar hulle van sosiale aansien sal wees, soos Predikant (2) (sien ook bespreking van Predikant (+ 57 of + 5.7%) - tabel 2), Mediese dokter (1) (sien ook bespreking van Geneesheer (+ 79 of + 7.9%) - tabel 2) en 'n

Universiteitspos/

Universiteitspos (3) (sien ook bespreking van Professor (+ 44 of + 4.4%) - tabel 2).

Verder stel die mans ook meer belang in die materialistiese dinge soos Geld (4) en Motor (6) (sien ook bespreking van Motor (70 of 5.8%) - tabel 6, asook Motorbestuur (+ 59 of + 6.3%) - tabel 3), m.a.w. waardeur hulle volgens die moderne samelewing in tel sal wees.

Dames trek weer aandag en bewondering op 'n ander manier, soos blyk uit hul belangstelling in mooi klere (Aandrok ens.) (3). Die emosionele (lusgewende) belangstellingsrigting kom hier ook meer by die dames-ppe. tot uiting, nl. in Geluk (3) en Ouers-plesier (2).

(v) <u>Afsku</u>.

Hier het ons met negatiewe belangstelling te doen, en dit is opmerklik hoedat beide mans en dames vir dieselfde dinge 'n afkeer het, soos vir Drank (Mans (8), Dames (6) ); Skinder (Mans (2), Dames (3) ); Vloek (Mans (2), Dames (2) ) en Leuens (Mans (1), Dames (2) ). Ander persoonlikheidswakhede wat nou i.v.m. bostaande staan, is Hoogmoed (Mans (2); Onsedelikheid (Mans (3) ); Rusie (Dámes (2) ) en Dames wat rook (Dames (3) ). Enige persoon wat 'n goeie opvoeding gehad het, sal van nature 'n afkeer hê in bostaande swak persoonlikheidseienskappe. Drank het al so baie

lewens/........

lewens en huisgesinne verwoes dat die geweldige afkeer daarin vanselfsprekend is.

(vi) Geïnteresseerdheid.

Dit is heel logies dat studente geïnteresseerd sal wees in die vakke wat hulle gekies het om te bestudeer; gevolglik kry ons die belangstelling by die ppe. in 'n vak soos Sielkunde (Mans (5), Dames (6) - sien ook bespreking van Sielkunde (+ 162 of +20.3%) - tabel 4) en Sosiologie (Dames (3), sien ook bespreking van Sosiologie (+ 56 of 7.0%) - tabel 4).

Sosiologie as vak word meestal deur die dames geneem wat hulle as Sosiale Werkster wil bekwaam, en daarom die belangstelling by die dames-ppe. vir die vak, asook vir die rigting van Sosiale Werk (4) (Sien ook bespreking (iii) van hierdie hoofstuk).

Die feit dat ons met intellektueel begaafde ppe. te doen het, kom ook te voorskyn uit die belangstelling wat hulle vir Boeke en Lees (Mans (5), Dames (5) ) toon.

Mans wat in hierdie stadium van hul lewe gedurig bewus of onbewus hulle eie liggaamlike ontwikkeling in die oog het sowel as fisiese ontspanning, stel baie belang in Sport (2) soos Tennis (1) en veral in Voetbal (7) - (sien bespreking onder (1) van hierdie eksperiment).

Verder/........

Verder stel die mans-ppe. in Fotografie (3) (sien bespreking van Fotografie (75 of 6.2%) - tabel 6) en in Bioskoop (3) belang. Laasgenoemde veral is 'n maklike manier van ontspanning na 'n vermoeiende studie.

Die dames se belangstelling strek meer na verhewe dinge, soos Musiek (5) (sien ook bespreking onder (i) van hierdie hoofstuk) en na iets nuttig soos Brei (3) as afwisseling van hul studies.

(vii) Wetenskap.

Van hierdie prikkelwoord kan ons nie veel aflei nie, behalwe dat die mans veral in Natuurwetenskap (5), Skeikunde (6) en Wysbegeerte (3) belangstel, terwyl die dames meer aan Sielkunde (3) en Biologie (3) en Skei-Nat. (3) voorkeur gee.

Die reaksiewoord „ Hoërskool" (Mans (3), Dames (3) ) dui daarop dat die prikkelwoord van die ppe. hulle laat terug-dink het aan hul hoërskooldae, waar hulle met die vak Wetenskap kennis gemaak het.

(viii) Die prikkelwoorde „ Stad" en „ Plaas" het geen noemenswaardige belangstellings-rigting aangedui nie. Die reaksiewoorde was grotendeels beskrywend van aard met individuele afwykings.

(ix) Krag.

By heide geslagte was die reaksies op die prikkelwoord omtrent dieselfde, nl. Stoei (Mans (3), Dames (2) ); Boks (Mans (4), Dames (3) ); Liggaamlike ontwikkeling/.....

ontwikkeling en Krag (Mans (10), Dames (10) ). Die belangstelling by die mans-ppe. is heelwaarskynlik as gevolg van die kultuurvorm van manlikheid. Hulle begeer (en stel dus belang) om self so 'n goed-ontwikkelde liggaam te besit (miskien ook om die guns en aandag van die teenoorgestelde seks te wen) soos wat met 'n bokser of stoeier geassosieer word. Die bewering word bevestig deur die hoë frekwensiewaarde van die reaksiewoorde „ Liggaamlike ontwikkeling en Krag".

By die dames-ppe. kan die reaksie-neiging waarskynlik ook toegeskryf word aan belangstelling in die kultuurvorm van manlikheid a.g.v. die feit dat hulle hul minderwaardig in die lewe voel. (Sien ook bespreking onder (i) van hierdie eksperiment.

Dit kan ook toegeskryf word aan 'n strewe en verlange na die teenoorgestelde geslag en sy beskerming.

By die moderne leefwyse van die mens speel Elektrisiteit (Mans (7), Dames (5) ) 'n uiters belangrike rol. Omdat dit so onmisbaar in die alledaagse lewe geword het, lok die onsigbare wonderlike krag noodwendig belangstelling uit, veral by die meer intellektueel begaafde persone.

(x) Werk.

Aangesien die ppe. studente is en hulle gevolglik belang sal stel in hulle studies, het hierdie prikkelwoord, reaksiewoorde uitgelok wat om hulle daag-

likse/.........

likse werk sentreer, soos Studeer (Mans (5), Dames (4) ); Eksamen en Toetse (Mans (5), Dames (5) ); Laboratorium-eksperiment en -toetse uitvoer (Mans (3) ). (Sien ook bespreking (iii) van hierdie eksperiment). Ander soorte van werk (wat waarskynlik gedurende vakansies uitgevoer word) soos werk op 'n Plaas (Mans (3), Kleremaak (Dames (1) ) het maar 'n sekondêre plek ingeneem.

(xi) Liefde.

Onteenseglik het ons hier 'n bewys van die hunkering na en gevolglike belangstelling by die adolessent in die teenoorgestelde geslag, nl. Meisie (Mans (11) ) en Man (Dames (6) ). Opmerklik is dat hierdie liefde gelykstaande (in die geval van die dames) en selfs groter (in die geval van die mans) is, as die natuurlike liefde en belangstelling vir die Ouers en Familie (Mans (9), Dames (6) ).

Die belangstelling in Godsdiens, veral by die Afrikanernasie, kom hier ook tot openbaring (sien bespreking van (i) Bybelstudie (+ 55 of 6.9%) - tabel 4 en (ii) Predikant (+ 57 of 5.7%) - tabel 2).

Musiek (Dames (3) ) is alreeds bespreek. (Sien bespreking onder (1) van hierdie eksperiment).

(xii) Ontwikkeling.

Liggaamlike ontwikkeling (Mans (13), Dames (7) - sien bespreking onder (ix) van hierdie eksperiment).

Opregte/......

Opregte studente sal uit die aard van hul werk in Verstandelike ontwikkeling (Mans (5), Dames (5) en verstandelike uitbreiding belangstel.

Vir 'n gebalanseerde persoonlikheid is Geestelike ontwikkeling (Mans (7), Dames (3) ) 'n absolute vereiste (sowel as liggaamlike en verstandelike ontwikkeling) en niemand besef dit meer as die meer intellektueel begaafde Calvinistiese persone onder wie die studente sorteer, nie.

Daar moet ook in ag geneem word dat die ppe. wat meestal Sielkundestudente is, 'n studie maak van die ontwikkeling van die liggaam, verstand en gees en dit kan waarskynlik die belangstellingsrigting ook beïnvloed.

(xiii) Beginsel en Godsdiens.

Vroeëre bewerings t.o.v. die godsdienstige neiging en gevolglike belangstelling by die Afrikaners, word hier beslis bevestig. (Sien bespreking onder (xi) van hierdie eksperiment asook Bybelstudie (+ 55 of + 6.9%) - tabel 4 en Predikant (+ 57 of + 5.7%) - tabel 2).

'n Godsdienstige reaksie op die prikkelwoord „ Beginsels" was oorwegend, beide by die Mans (12) en by die Dames (6). Die Kerk en dinge wat in verband daarmee staan, (Mans (17), Dames (9) ) het hoofsaaklik die reaksies op die prikkelwoord „ Godsdiens" gevorm.

Die/..........

Die belangstelling in Onderwys (sien bespreking onder (iii) van hierdie eksperiment) kom ook hier na vore en wel meer spesifiek in Christelike onderwys (Mans (4) ).

Die betreklik hoë frekwensiewaarde van „ Vaste beginsel" by die dames (Mans (2), Dames (5) ) is heelwaarskynlik 'n aanduiding van in watter soort mans hulle belangstel.

(xiv) Papier en Leer.

Die twee prikkelwoorde het geen nuwe belangstellingsrigting aangedui nie, maar slegs 'n belangstelling in dinge wat by 'n ware student verwag kan word, nl. Eksamen (Toets) (Mans (11), Dames (12) ), Studeer (Mans (5), Dames (5) ), Boeke (Mans (10), Dames (6) ), Skryf (Mans (7), Dames (8) ). (Sien ook bespreking (iii) van hierdie eksperiment).

(xv) Mense, Droom en Omgewing.

Die reaksies op hierdie drie prikkelwoorde was teleurstellend in so-verre dit positiewe belangstellingsrigtings betref. By aldrie het ons beskrywings ontvang wat by die besondere prikkelwoord verwag kan word. So bv. het ons by „ Mense" 'n beskrywing van die soort en die vergaderplekke van mense as reaksiewoorde gekry. By „ Droom" behalwe 'n beskrywing van 'n bepaalde droom, soos bv. by die mans, van Meisies (3) (wat 'n belangstelling in die teenoorgestelde seks weereens bevestig)

ens., /.........

ens., is verskillende soorte van drome ook genoem. „Omgewing" het weer 'n beskrywing van 'n besondere omgewing, soos bv. die ouerhuis, teenswoordige omgewing ens., asook verskillende soorte van omgewings tot gevolg gehad.

Aldrie prikkelwoorde het nogtans 'n belangstelling in Sielkunde (Mans (8), Dames (4) ) - 'n vak wat die meeste ppe. bestudeer het - of name wat met Sielkunde geassosieer word, soos Freud (Mans (5), Dames (4) ) aangedui. (Sien ook bespreking onder (vi) van hierdie eksperiment).

Die betreklik hoë frekwensiewaarde van Slaap (Mans (7), Dames (2) ) by die mans in vergelyking met die by die dames, dui heelwaarskynlik aan dat die manstudente meer as die damestudente in algehele ontspanning soos slaap belangstel.

(xvi) Huis, Aand, Maats en Juweel.

Boeke en Studeer (Mans (12), Dames (11) ). Sien bespreking onder (iii) en (x) van hierdie eksperiment.

Slaap (Mans (5), Dames (2) ). Sien bespreking onder (xv) van hierdie eksperiment.

Behalwe bostaande reaksiewoorde, het die belangstelling in die teenoorgestelde geslag, veral by die mans, weereens sy verskyning gemaak, nl. in Meisie (Mans (21). By die dame is hierdie verskynsel ook waarneembaar maar wel meer indirek, soos bv. Maan (Dames (4) ). Daarby stel die

dame/..........

dame sowel as die man in Ringe (Mans (5), Dames (4) ) belang, wat 'n simbool is van verlowing en huwelik, m.a.w. 'n hunkering na die teenoorgestelde geslag. Beide geslagte stel ook nie net in mekaar belang nie, maar ook in hulle gesamentlike toekoms, soos deur die reaksiewoord „ Eie-huis" (Mans (5), Dames (4) ) geopenbaar word.

Die dames-ppe. het ook nog te kenne gegee dat hulle van Juwele hou (3) en gevolglik daarin belangstel.

Die ander reaksiewoorde, veral by „ Huis", was meer beskrywend van aard soos byvoorbeeld Ouerhuis (Mans (7), Dames (4) ) waarvan nie veel afgelei kan word nie, behalwe bevestiging vir die natuurlike belangstelling in die ouers en in dinge wat in verband met hulle staan.

(xvii) Politiek.

Dit blyk dat die meeste ppe. nie veel in politiek belangstel nie (Redelike belang : Mans (12), Dames (7) ). Die dames toon ook proporsioneel 'n groter afkeer in politiek (Mans (4), Dames (5) ) as wat dit die geval by die mans is.

(xviii) Musiek.

Sien bespreking onder (i) van hierdie eksperiment, asook ander verwysings soos onder (i) aangetoon.

Dit is opmerklik dat die mans baie meer as dames van ligte musiek (Mans (14), Dames (2) ) hou.

(xix)/..........

(xix) Masjien en Draad.

Die prikkelwoorde het grotendeels die verskillende soorte van masjiene en draad as reaksies uitgelok. Tog was daar wel reaksiewoorde wat 'n positiewe belangstellingsrigting aangedui het.

So byvoorbeeld het die dames 'n belangstelling in Kleremaak (11) en wat daarmee in verband staan, soos Garing (2), getoon. Veral weens die teenswoordige hoë lewenskoste moet daar 'n behoefte, en gevolglik 'n belangstelling, by die dames wees om vir hulself klere te maak, om ekonomiese en ander redes.

Die mans, daarenteen, het weer o.a. 'n belangstelling in die meganiese rigting openbaar, soos in Motor (6) en Trein (3). (Sien bespreking onder (iv) van hierdie eksperiment, asook verwysings soos onder (iv) aangetoon).

Plaas (Mans (8), Dames (4) ). Sien bespreking van Boer (+ 49 of + 4.9%) - tabel 2 en Windpomp (35 of 2.9%) - tabel 6.

Die antwoorde op die eerste vraag wat net na afloop van die toets gestel is, nl. „waarin stel jy alles baie belang", is gebruik om die belangstellingsrigting soos deur die vrye-assosiasie bepaal, te kontroleer. Alhoewel slegs 'n geringe persentasie van 'n pp. se belangstelling deur 'n direkte vraag soos gestel is, afgelei kan word, het die gegewens tog beslis aangetoon dat die vrye-assosiasiemetode gebruik kan word om belangstellingsrigtings vas te stel.

Die/..........

Die gegewens wat van die vakke van die laerskool gekry is en die redes waarom daaraan voorkeur gegee is, het baie onbetroubaar geblyk te wees, veral weens die destydse jeugdige ouderdom van die ppe. Dit blyk tog dat die vakke waaraan die aangenaamste herinnerings verbonde is, m.a.w. waarin die meeste belanggestel het, die is waarvan die onderwyser of onderwyseres baie bemind was.

By die hoërskool het die onderwyser by die voorkeur van vakke, veral by die dames-ppe. ook 'n belangrike rol gespeel. Die natuurlike aanleg in 'n vak het egter ook nou na vore getree en weldeeglik sy invloed op die voorkeur van vakke gehad. Oor die algemeen het die dames in die lettere soos bv. tale belanggestel, terwyl die mans weer meer in die natuurwetenskaplike rigting geïnteresseerd was.

Op die vraag „watter beroep beoefen jy, of gaan jy beoefen, asook die rede vir jou keuse", het ons verskeie redes vir die beroepskeuse aangetref. So bv. het van die dames onderwys gekies om sodoende iets te hê om op terug te val indien die latere lewe dit mag vereis. Oor die algemeen het die ppe., veral die mans, hulle eie beslissings gevel, soms ten spyte van ouerlike ontevredenheid en afkeur, in die keuse van hulle toekomstige beroep. Slegs in enkele gevalle is die beroep van die vader of 'n familielid gekies; dus het die onmiddellike omgewing hier nie so 'n beslissende rol gespeel nie. Dit is veral opmerklik by die keuse van die beroep. predikant waar die ppe. dit as 'n „roeping" voel en hulle gevolglik meestal gedurende die kinderjare daaroor besluit het.

Finansiële/.....

Finansiële redes het ook die keuse van 'n beroep beïnvloed. So bv. wou 'n pp. vir 'n mediese dokter studeer, maar weens die hoë koste daaraan verbonde, het hy besluit om onderwyser te word. 'n Ander pp. wou weer gaan boer, maar weens huislike omstandighede moes hy onderwys kies.

Die onderwyser het net indirek tot 'n beroepskeuse in enkele gevalle bygedra, deur byvoorbeeld 'n uiteensetting van verskillende beroepe te gee, waarop dan die keuse gedoen is.

III. Samevatting van die gevolgtrekkings:-

Die assosiasies neig in rigtings waarin die ppe. in hierdie lewensperiode besonder veel belangstel, omdat dit vir hulle van soveel waarde is.

By die mans-ppe. tref ons die volgende volgorde van belangstelling aan:-

| | |
|---|---|
| (1) Meisie (35) | (2) Liggaamlike oefeninge (26) |
| (3) Motor (14) | (4) Stoei (13) |
| (5) Fotografie (11) | (6) Natuurwetenskappe (11) |
| (7) Atletiek (6) | (8) Predikant (6) |
| (9) Posisie (6) | (10) Toekomsgevare (6) |
| (11) Radio (5) | (12) Seëlsversamel (5) |
| (13) Geld (5) | (14) Houtwerk (4) |
| (15) Skaak (3) | (16) Treine (3) |

By die dames-ppe. word die volgende volgorde van belangstelling aangetref:-

| | |
|---|---|
| (1) Liggaamlike krag (Sterk man) (17) | (2) Hokkie (15) |
| (3) Sosiale Wetenskap (14) | (4) Brei (13) |
| (5) Man (maan) (13) | (6) Korfbal (10) |
| (7) Skryf (10) | (8) Kleremaak (9) |
| (9) Sukses (7) | (10) Juwele (6) |
| (11) Netbal (5) | (12) Sosiologie (5) |

(13)/...........

| | | | |
|---|---|---|---|
| (13) | Biologie (4) | (14) | Geluk (4) |
| (15) | Ouers plesier (4) | (16) | Mooi klere (3) |
| (17) | Blomme rangskik (3) | | |

By mans- sowel as dames-ppe. is die volgorde van belangstelling soos volg:- (Die belangstelling-frekwensie van die mans-ppe. word eerste tussen die hakies aangegee).

| | | | |
|---|---|---|---|
| (1) | Voetbal (55, 18) | (2) | Musiek (27, 41) |
| (3) | Tennis (28, 25) | (4) | Godsdiens (29, 21) |
| (5) | Graad (28, 13) | (6) | Onderwys (23, 15) |
| (7) | Sielkunde (19, 19) | (8) | Eksamen (17, 17) |
| (9) | Studeer (25, 9) | (10) | Boeke (13, 16) |
| (11) | Boks (15, 13) | (12) | Plaas (17, 7) |
| (13) | Lees (7, 14) | (14) | Slaap (12, 4) |
| (15) | Ouerhuis (11, 5) | (16) | Vakansie (5, 8) |
| (17) | Elektrisiteit (7, 5) | (18) | Ouers (8, 3) |
| (19) | Eie-huis (5, 5) | (20) | Bioskoop (6, 4) |
| (21) | Geestelike ontwikkeling (7, 3) | (22) | Ringe (5, 4) |

(h) <u>Waarde van hierdie eksperiment</u>:

As die ppe. saamwerk en vrye teuels aan hulle gedagtes gee tydens die toets, is dit beslis 'n waardevolle eksperiment om die belangstellingsrigtings by die ppe. vas te stel. Indien die <u>prikkelwoorde</u> ook sorgvuldig gekies word, kan 'n baie duideliker beeld met behulp van retrospeksie van die pp. se totale belangstellingsveld verkry word, as met die meeste ander belangstellingsmetingsmetodes (insluitende die eerste twee eksperimente van hierdie verhandeling). Deur hierdie toets word die aandag van die pn. op belangstellings van die pp. gevestig, wat andersins seker nie geredelik openbaar sou word nie. So bv. kom die sterk belangstelling van <u>beide</u> sekse in die teenoorgestelde geslag deur hierdie metode tot uiting.

Die/.............

Die belangstelling by die mans in die ontwikkeling van hulle eie liggaam, en die drang na posisie, blyk duidelik uit hierdie eksperiment.

Die metode, alhoewel dit baie tyd in beslag neem, is, as 'n mens die resultate in ag neem, 'n eksperiment van onskatbare waarde.

# HOOFSTUK VI.

## 'n SAMEVATTENDE BESKOUING.

### 1. ALGEMEEN:

Volgens vorige bevindings wat op skrif gestel is, is die probleem van belangstelling vanuit twee hoofbedrywe bestudeer, nl. (i) die opvoedkunde en (ii) die beroepsielkunde, met beroepsleiding en -seleksie. Veral deur die vraelysmetode is vasgestel waarin die persoon belangstel m.b.t. spel, leesstof, bepaalde beroepe, ens. ens. Hierdeur is die rigting van belangstelling gesoek, eerder as om die wese en aard daarvan te ondersoek (sien Hoofstuk IV).

Verskillende denkers het elk 'n eie definisie van belangstelling gegee, wat sekere aspekte van die begrip aandui. Hierdie definisies saam gee 'n vollediger verklaring daarvan. Die definisies kan soos volg saamgevat word: Belangstelling is 'n bepaalde bewussyns- of psigiese toestand van die persoonlikheid, waarin daar 'n neiging of strewing of dryfkrag aanwesig is na iets wat vir die persoon ekonomiese e.a. voordeel sal hê, of wat aan die vervulling van 'n bepaalde behoefte kan voldoen. Hierby is altyd 'n sterk gevoelselement werksaam, maar selfs die intelligensie kan hierby 'n sekere rol speel. In die moderne sielkunde word belangstelling veel meer as slegs 'n blote funksie beskou, nl. as 'n persoonlikheidshouding, wat van die EK uitgaan.

Belangstelling funksioneer in die hele persoonlikheid, met sy ken-, gevoels- en strewingslewe. Dit is enersyds afhanklik van die ontvanklikheid van die persoonlikheid en andersyds van die aard van die prikkels, wat van buite op hom inwerk. As die persoon bv. behoefte het aan iets, sal hy ontvanklik wees vir dinge wat daaraan kan voldoen. Maar die aard van uitwendige prikkels kan ook belangstelling afdwing, soos bv. die harde slag van 'n ontploffing in die nabyheid (sien hoofstuk 1).

Belangstelling kan gedeeltelik aangebore wees, deur die spesifieke aanleg en talente wat die persoon geërf het,

soos/.............

soos bv. belangstelling in musiek, of in wiskunde, ens. Maar belangstelling kan ook verwerf word, soos bv. belangstelling in atoomenergie, in spuitvliegtuie, ens. Die verwerwing van belangstelling kan vanself geskied, hoewel die onderwys en opvoeding hierin 'n besondere groot rol speel.

Die belangstelling van die laerskoolkind is anders as die van die hoërskoolkind of van die universiteitstudent, op grond van die dinge waarmee die persoon in aanraking gebring word. Dit kan nog breër gestel word, nl. deur te sê dat belangstelling van omgewingsfaktore afhanklik is, w.o. onderwys en opvoeding spesifieke en bepaalde omgewingstoestande bied. Ook speel seks 'n rol by belangstelling : die seun en dogter se belangstellings neig in verskillende rigtings, wat aan die aard van die twee sekse toegeskryf kan word en ook aan omgewingsinvloede (bv. sosiale vorme, konvensies en gebruike). (Sien Hoofstuk III).

Onder invloed van verskillende omstandighede kan die belangstelling ook veranderings ondergaan waarin ryping 'n baie belangrike rol speel. Vanaf die geboorte tot by volwassenheid gaan die persoon gedurig oor van een rypingstadium na die ander en so ook sy belangstelling. Dit is 'n natuurlike genetiese proses wat elke individu ondergaan. Dit hou nie alleen verandering van belangstelling in nie, maar ook ontplooiing van belangstelling in die algemeen, waarin die aantal belangstellings asook belangstellingsrigtings toeneem en waarin belangstelling in die algemeen tot groter rypheid kom. Sodoende word groter bestendigheid of konstantheid verkry. (Sien Hoofstuk II en III).

2. <u>BEVINDINGS DEUR DIE ONDERSOEK:</u>

'n Studie van belangstelling vanuit die opvoedkundige en beroepsielkundige gesigspunt, gee nie genoegsame insig m.b.t. die aard en wese van belangstelling nie. Daarom het ons 'n ondersoek met hierdie doelstelling aangepak. 'n

Hele/.........

Hele verskeidenheid toetse is op universiteitstudente toegepas om hulle belangstelling te ondersoek m.b.t. beroepe, tydverdryf, studievakke, behoeftes, strewings, kennis, ens. Hierdie ondersoek het 'n verskeidenheid feite gebied, wat meer lig kan werp op die wese en aard van belangstelling.

Die ondersoek is aan die hand van drie hoofeksperimente gedoen:-

(a) Belangstelling in beroepe, tydverdryf en studievakke: Die resultate het getoon dat 'n aantal faktore 'n belangrike rol hierin speel, t.w.:

(i) Sosiale status: Die sosiale status wat sekere beroepe bied, bepaal die belangstelling vir daardie beroepe. Die volgorde dien as illustrasie om die volgorde van positiewe tot negatiewe waardes in sosiale status aan te dui:

geneesheer,predikant,professor..afslaer,fabriekswerker,winkelwerk

(ii) Akademiese ontwikkeling: By meer akademiesgeskoolde persone word belangstelling vir die estetiese aangetref. Die belangstellingsvoorkeur, volgens estetiese vorme, was as volg in volgorde van positief na negatief:

musikus, opera, simfoniekonsert, kunsgalery ...

(iii) Persoonlike veiligheid: Uit 'n vrees wat die mens beetpak, gaan sy belangstelling uit na beroepe en dinge wat hom meer veiligheid kan bied, soos hieronder in volgorde van positief na negatief aangedui word:

snydokter, wetenskaplike navorser .. begrafnisondernemer, slange

(iv) Rasse- en ander verskille: Die bepaalde milieu waarin 'n ras of groep verkeer, bepaal sy positiewe en negatiewe belangstelling. Vir die Afrikanernasie is dit as volg van positief na

negatief/.........

negatief, volgens sy waardenorme:

godsdiens, predikant .. gholf, fortuinvertellery

(v) Rypheidstadium: Die belangstelling hang hier ten nouste saam met aanleg, kennis, ideale en waarde aan bepaalde vakke of rigtings toegeken.

(vi) Studierigting: Die belangstelling hang hier ten nouste saam met aanleg, kennis, ideale en waarde aan bepaalde vakke of rigtings toegeken.

(vii) Onbekendheid: Dinge wat onbekend is, bring onsekerheid en 'n mate van vrees mee sodat die belangstelling hier, òf negatief is, òf neutraal.

(viii) Omgewingsinvloede: Elke omgewing het sy eie norme en waardes, waardeur die belangstelling bepaal word, bv. in 'n meer godsdienstige omgewing sal daar 'n negatiewe belangstelling vir kaartspel wees.

(ix) Vroeëre ondervinding bring sekere lus- of onlusgevoelens mee, en dit kan die belangstelling rig.

(x) Vaardigheid en aanleg, m.a.w. die persoon se talente en prestasies, sal sy belangstelling bepaal.

(b) Deur middel van geheuevoorkeur vir bepaalde advertensies, kan die belangstelling van persone vasgestel word. Dit is op mans en dames toegepas, met die volgende gegewens:

(i) Mans : Hierdie groep het voorkeur aan die volgende gegee (in rangorde van positief na negatief gerangskik):

fotografie, motor, skoene ......

op grond van 'n wens om dit te besit (gevoelswaarde), omdat hulle 'n behoefte daaraan het, op grond van seks (terwille van dames, ens.)

(ii) Dames : Voorkeur word hier in volgorde van positief na negatief aangegee:

Verloofringe, Dettol, reukwater, Cutex, Radio .. op grond van wense, begeertes, sindelikheid en skoonheid; alles wat in verband staan met die dames se hoogste waardes.

(c) Waar die vrye-assosiasietoets aangewend is, kan die belangstelling in volgorde as volg aangedui word:

Mans: meisie, liggaamsoefening, motor, stoei, fotografie, ens.

Dames: sterk man, hokkie, sosiale wetenskap, brei.

Die dinge waaraan waarde geheg word, wek belangstelling.

Die samevattende gevolgtrekking van hierdie drieledige ondersoek, kan ondubbelsinnig as volg gestel word: Deurgaans toon al die resultate duidelik dat belangstelling vir dié dinge en sake gewek word wat vir die persoon van waarde is.

## 3. SLOTBESKOUING:

Hierdie hele studie, teoreties sowel as empiries, dwing ons tot die oortuiging dat belangstelling die hele persoonlikheid raak, dat dit deur die hele persoonlikheid bepaal word, deur sy erfgoed, sy omgewing, seks, die bepaalde rypingstadium waarin hy verkeer, maar bowe al aan die waarde wat hy aan dinge en sake toeken.

BELANGSTELLING KAN NOU OMSKRYF WORD AS 'n BEPAALDE PSIGIESE TOESTAND VAN DIE PERSOONLIKHEID, WAARIN DAAR 'n NEIGING, STREWING OF DRYFKRAG NA 'n VOORWERP, SAAK OF IDEAAL IS, WAT VIR DIE PERSOON VAN WAARDE IS. DIE WAARDEBEPALING GESKIED HOOFSAAKLIK DEUR DIE GEVOEL. BELANGSTELLING IS 'n PERSOONLIKHEIDSAKTE, WAARDEUR DIE HELE PERSOONLIKHEID IN DIE RIGTING VAN 'n BEPAALDE WAARDEGEBIED NEIG.

BIBLIOGRAFIE:-

Adams, H.F. : A Scale for Measuring Psychological Phenomena; J. Appl. Psychol., 1933, 17, 239 - 265.

Ai, W. : A Study of Children Interests in Reading; Psychol. Abstr., 1941, 15, 1, 473.

Bavinck, J.H.: Inleiding in de Zielkunde; J.H. Kok, N.V. te Kampen, 1935, pp 409.

Bedford, J.H.: A Study of Vocational Interests of California High School Students, based on survey of 12 Rural High Schools; Psychol. Abstr., 1930, 4, 2,819.

Bernfeld, S. : The Psychology of an Infant; Kegan Paul, Trench, Trubner and Co. Ltd., London, 1929.

Bigot, L.C.T., Kohnstamm, Ph., Pallard, B.G. : Leerboek der Psychologie; J.B. Walter's Uitgeversmaatskappÿ, Groningen, 1948, pp 450.

Boring, E.G., Langfeld, H.S., Weld, H.P. : Foundations of Psychology; John Wley and Sons, New York, 1948.

Bott, H. : Observation of Play Activities in a Nursery School; Genetic Psychol. Mono., 1928, 4, 44 - 88.

Boynton, P.L. and Wang, J.D. : Relation of the Play Interests of Children to their Economic Status; Psychol. Abstr., 1944, 18, 7, 2297.

Brooks, F.D. : Child Psychology; Houghton Mifflin Company, New York, 1937, pp 600.

Bühler, C. : From Birth to Maturity; Kegan Paul, Trench, Trubner and Co. Ltd., London, 1935, pp 237.

Burtt, H.E. : Employment Psychology; Boston, 1926, pp 568.

Burtt, H.E. and Ives, F. : Vocational Tests for Agricultural Engineers; J. of Appl. Psychol., 1923, 7, 178 - 187.

Canning, L., Taylor, K. van F., Carter, H.D. : Permanence of Vocational Interests of High School Boys; J. of Educ. Psychol. 1941, 32, 10, 481 - 494.

Cardall, A.J.: Primary Business Interest Test; Educational and Psychological Measurements, 1942, 2, 4, 113 - 138.

Cattell, R.B.: General Psychology; Sci. Art., Cambridge Mass., 1941.

Celestine, M.A.: A Survey of the Literature on the Reading Interests of Children of the Elementary Grades; Psychol. Abstr., 1930, 4, 11, 4487.

Cleeton, G.U.: Cleeton Vocational Interest Inventory Form A Men, Form A Women; Mc Knight and Mc Knight, Bloomington Ill., 1943.

Coetzee, J.C.: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde; Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1942.

Consolidated Encyclopaedia; Vol. 5, Consolidated World Research Society Ltd., London. 1936

Cowdery, K.M.: Measurement of Professional Attitudes. Differences between Lawyers, Physicians and Engineers; J. of Pers. Res., 1926 - 1927, 5, 131 - 141.

Cox, C.M. : The Early Mental Traits of Three Hundred Geniuses, Vol. II Genetic Studies of Genius; Stanford Univ. Press, Stanford California, 1926, pp 842.

Craig, D.R. : The Preference Interest Questionnaire in Selecting Retail Saleswomen; J. of Pers. Res., 1924 - 1925, 3, 366 - 374.

Dayhaw, L.T. : The Measurement of Interest; Can. J. of Psychol., 1948, 2, 2, 73 - 78.

Elder, V. and Carpenter, H.S. : Reading Interests of High School Children; Psychol. Abstr., 1929, 3, 8, 3367.

Encyclopaedia Brittannica; Vol. 14, Eleventh Edition. Cambridge University Press 1910.

Farwell, L. : Reactions of Kindergarten First and Second Grade Children to Constructive Play Materials; Genetic Psychol. Mono., 1930, 8, 431 - 562.

Finch, F.H. : The Permanence of Vocational Interests; Psychol. Bull., 1935, 32, 682.

Franklin, E.C.: The Permanence of the Vocational Interests of Junior High School Pupils; Psychol. Abstr., 1928, 2, 1, 235.

Fryer, D. : The Measurement of Interests; Henry Holt and Co., New York, 1931, pp 488.

Garrison, K.C.: A Study of the Interests of College Students; Psychol. Mono., 1938, 50, 5, 183-202.

Gaw, E.A. : Occupational Interests of College Women; Pers. J., 1928, 7, 8, 111 - 114.

Harriman, P.L.: The New Dictionary of Psychology; Philosophical Library, New York, 1947.

Hartson, L.D.: Vocational Stability of Oberlin Alumni; Pers. J., 1928, 7, 10, 176 - 185.

Hattingh, J.M.: Die Vraagstuk van die Waarneming van Visuele Bewegingsillusie Histories Prinsipieël en Eksperimentele Ondersoek; Ongepubliseerde dissertasie aan die Univ. van S. Afr., 1946.

Husband, R.W.: General Psychology; Farrar and Renehart Inc., New York, 1945, pp 513.

Jersild, A.T.: Child Psychology; Prentice Hall Inc. New York, 1944.

Keller, F.J. and Viteles, M.S. : Vocational Guidance Throughout the World; Jonathan Cape Thirty Bedford Square, London.

Kenwrick,/.......

Kenwrick, E. and M. : The Child from Five to Ten; Kegan Paul, Trench, Trubner and Co. Ltd., London, 1930, pp 299.

Konhausers, A.W. : Results from a Quantitative Questionnaire on Likes and Dislikes used with a group of College Freshmen; J. of Appl. Psychol., 1927, 11, 85 - 94.

Kuder, G.F. : Manual for the Preference Record; The Univ. of Chicago Bookstore, Chicago, 1939, pp 15.

Lehman, H.C. and Witty, P.A. : One more Study of the Permanence of Interest; J. of Educ. Psychol., 1931, 22, 7, 481 - 492.

Lewis, W.D., and Mc Gehee, W.: A Comparison of the Interests of Mentally Superior and Retarded Children; Psychol. Abstr., 1941, 15, 3, 1513.

Malchow, E.C.: Reading Interests of Junior High School Pupils; Psychol. Abstr., 1937, 11, 7, 3430.

Mc Cracken, T.C. and Lamb, H.E. : Occupational Information in the Elementary School; Houghton Mifflin Co., Boston, 1923, pp 250.

Mc Hale, K. : An Experimental Study of the Vocational Interests of a Liberal Arts College Group; J. of Appl. Psychol., 1924, 8, 245 - 255.

Mellone, S.H. and Drummond, H.: Elements of Psychology; William Blackwood and Sons, London, MCMVII.

Miner, J.B. : An Aid to the Analysis of Vocational Interests; J. Educ. Res., 1922, 5, 311 - 323.

Moffie, D.J. : The Validity of Self-estimated Interests; J. Appl. Psychol., 1942, 26, 606 - 613.

Moffie, D.J. : The Relationship between Self-estimated and measured Interests; Psychol. Bull., 1942, 39, 575.

Moore, B.V. : Personnel Selection of Graduate Engineers; Psychol. Mono., 1921, 30, - 1 - 85.

Moore, H. : Psychology for Business and Industry; Mc Graw-Hill Book Company, New York, 1939.

Munn, N.L. : Psychological Development; Houghton Mifflin Company, Boston, 1938, pp 582.

Mursell, J.L.: Psychological Testing; Longmans Green and Co., London, 1948.

Nemoitin, B.O.: Relation between Interest and Achievement; J. of Appl. Psychol., 1932, 16, 59 - 73.

Perry, R.B. : General Theory of Value. Its Meaning and Basic Principles Constructed in Terms of Interest; Longmans Green and Company, New York, 1926.

Rand, W., Seveeny, M.E., Vincent, E.L. : Growth and Development of the Young Child; Third Edition, W.B. Saunders Company, 1940, pp 462.

Ream, M.J. : A Social Relations Test; J. of Appl. Psychol., 1922, 6, 69 - 73.

Remmers, H.H.: The Measurement of Interest Differences between Students of Engineering and Agriculture; J. of Appl. Psychol., 1929, 13, 105 - 119.

Remmers, H.H.: The Validity, Reliability and Halo-effect of Human Judgement in defined Situations; Psychol. Bull., 1933, 30.

Reyburn, H.A.: Introduction to Psychology; Maskew Miller Ltd., Cape Town, 1924, pp 324.

Rock, R.T. : A Study of the Constancy of Response to the Items of the Strong Voc. Int. Blank; Psychol. Bull., 1934, 31, 705 - 706.

Rombouts, F.S.: Zielkundige Begrippen; Drukkery van het R.K. Jongensweeshuis, Tilburg, 1945, pp 197.

Rothney, J.W.M.: Interests of Public, Secondary School Boys; Psychol. Abstr., 1938, 12, 5, 2651.

Schelven, T.H. van : Psychologie van het Kind; N.V. Uitgevers-Maatshappÿ, „Kosmos", 1934.

Strong, E.K. Jr.: Change of Interests with Age. Pers. J., 1933, 12.

Strong, E.K. Jr.: Change of Interests with Age; Stanford Univ. Press, Stanford California, 1931, pp 324.

Strong, E.K. Jr.: Classification of Occupations by Interest; Pers. J., 1934, 12, 4, 301 - 313.

Strong, E.K. Jr.: Interest Maturity; Pers. J., 1933, 12, 8, 77 - 90.

Strong, E.K. Jr.: Interests of Men and Women; Psychol. Abstr., 1936, 10, 7, 3600.

Strong, E.K. Jr.: Permanence of Vocational Interests; J. Educ. Psychol., 1934, 24, 336 - 344.

Strong, E.K. Jr.: Vocational Interest Blank for Men; Psychol. Abstr., 1938, 12, 12, 6657.

Strong, E.K. Jr.: Interests of Men and Women; Psychol. Bull., 1934, 31, 704 - 705.

Stout, G.F. : A Manual of Psychology; University Tutorial Press Ltd., London, 1904.

Super, D.E. and Roper, S.A.: An Objective Technique for Testing Vocational Interests; J. of Appl. Psychol., 1941, 25, 487 - 498.

Symonds, P.M.: Life Problems and Interests of Adolescents; Psychol. Abstr., 1937, 11, 2, 1027.

Symonds, P.M.: Sex Differences in the Life Problems and Interests of Adolescents; Psychol. Abstr., 1936, 10, 8, 4318.

Terman, L.M. : Mental and Physical Traits of a Thousand Gifted Children Vol. 1 of Genetic Studies of Genius; Stanford Univ. Press, Stanford California, 1925, pp 648.

Thorndike, E.L.: Interests and Abilities; J. Appl. Psychol., 1944, 28, 43 - 52.

Thurstone, L.L.: A Multiple Factor Study of Vocational Interest; Person. J., 1931, 10, 198 - 205.

Tracy, F. : The Psychology of the Adolescence; The Macmillan Company, London, 1927, pp 246.

Traxler, A.E. and Mc Call, W.C.: Some Data on the Kuder Preference Record; Educ. and Psychol. Measurement, 1941, 1, 7, 253 - 268.

van Alstyne, D.: Play Behaviors and Choice of Play Materials of Pre-school Children; Univ. of Chicago Press, Chicago, 1932, pp 104.

van Dusen, A.C.: Permanence of Vocational Interests; J. of Educ. Psychol., 1940, 31, 9, 401 - 424.

van Essen, Jac. : Woordenboek der Psychologie; Bohn, Haarlem, 1938.

Warren, H.C. : Dictionary of Psychology; Houghton Mifflin Company, New York, 1934.

Webster's International Dictionary; Published by G. and C. Merriam Company, Springfield Mass., 1905.

Wightwick, M.I.: Vocational Interest Patterns. A Developmental Study of a Group of College Women; Bureau of Publications Teachers College Columbia Univ., New York, 1945.

Woodworth, R.S.: Dynamic Psychology; Columbia Univ. New York, 1918, pp 211.

Wyman, J.B. : The Measurement of Interest; Voc. Gui. Mag., 1929, 8, 54 - 60.

===============